

**AANPASSINGSPROBLEME VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN  
DIE INTERNASIONALE, MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE VAN  
BOTSWANA**

deur

*André Johann Nel*  
(Ba.Ed. (Sekondêr)(UP), B.Ed. (PU vir CHO), M. Ed. (PU vir CHO))

Voorgelê ter vervulling van die graad

**PHILOSOPHIAE DOCTOR**

in die

Fakulteit Opvoedkunde

Universiteit van Pretoria

Pretoria

**PROMOTOR : *Prof. L.J. Jacobs***

2004

**Hierdie studie word opgedra aan my vader, wyle Mr. Jan-Hendrik Nel**


## DANKBETUIGINGS

My opregte dank en waardering aan :

- Prof. L.J. Jacobs vir sy bekwame studieleiding en beskikbaarheid.
- Mnr. Paul Roos vir sy hulp met die taalversorging.
- Mnr. Kobus de Jager vir sy hulp met die verwerking van die data wat deur middel van die empiriese ondersoek ingewin is.
- Elke ouer, leerder, en onderwyser wat behulpsaam was met die navorsing.
- My moeder, mev. G.E. Nel, vir haar volgehoue ondersteuning en aanmoediging
- My vrou, Irene, en kinders, Elisna en Christian, vir al die ondersteuning en verdraagsaamheid.

***DANK AAN MY SKEPPER VIR INSIG, VERMOË, DEURSETTINGSVERMOË  
EN GEDULD OM HIERDIE STUDIE TE KON VOLTOOI***

Die Navorsers  
2004



**OPSOMMING**

**AANPASSINGSPROBLEME VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN  
DIE INTERNASIONALE, MULTIKULTURELE PRIVAATSKOLE VAN  
BOTSWANA**

deur

**André Johann Nel**

**Promotor** : Prof. L.J. Jacobs  
**Departement** : Sosiopedagogiek  
**Fakulteit** : Opvoedkunde (UP)  
**Graad** : Philosophiae Doktor

Die doel van die onderhawige studie is om ondersoek in te stel na aanpassingsprobleme van Afrikaanssprekende leerders in die internasionale, multikulturele, privaatskole van Botswana en hoe dié aanpassingsprobleme 'n invloed op hulle akademiese prestasie kan hê al dan nie.

Botswana het die afgelope veertig jaar vir homself naam gemaak as Afrika se mees stabiele land. Daar is geen magsbehepte diktators nie, geen armoede weens wanbestuur nie en geen geweldadige onderdrukking of ongrondwetlike gedrag nie. Inteendeel, sedert die land in 1966 onafhanklik geword het, het dit net een pad geken naamlik vooruitgang. Met onafhanklikwording was daar slegs agt kilometer teerpad in die hele land. Vandag staan die hoofroetes nie 'n tree vir Suid-Afrika sin terug nie. Die plaaslike geldeenheid, die Pula, is sterker as die rand en daar is heelwat minder misdaad as in Suid-Afrika sowel as heelwat minder sigbare armoede as wat die geval in Suid-Afrika is.

Al die bogenoemde is maar slegs 'n paar van die redes hoekom Botswana vir talle Suid-Afrikaners 'n aanloklike heenkome, naby maar tog buite die grense van Suid-Afrika geword het. Omtrent 80% van die maatskappye wat in die hoofstad Gaborone voorkom, het 'n Suid-Afrikaanse oorsprong. Sedert 1990 het die getal Suid-Afrikaners wat hulle in Botswana gevestig het meer as verdriedubbel.

Onderwys is in Botswana baie belangrik en die land bestee in die omgewing van 22% van sy totale begroting aan onderwys. Weens die groot inbeweging van buitelanders oor veral die afgelope tien jaar is talle internasionale, Engels-medium, privaatskole gestig. Dié Engels-medium skole het in die verlede meestal onderwys aan veral buitelandse leerders voorsien. Die huidige tendens is egter dat al hoe meer plaaslike leerders veral die sekondêre, privaatskole begin besoek weens die internasionale kurrikulums wat in die skole gevolg word.

Vir Afrikaanssprekende leerders, afkomstig uit Afrikaans-medium skole in Suid-Afrika, is daar bepaalde aanpassingsprobleme wat hulle in die gesig staar wanneer hulle vir die eerste keer een van die internasionale, multikulturele, privaatskole van Botswana begin besoek. Die vier belangrikste konsepte wat in die studie na vore kom is die internasionale onderwysomgewing van die multikulturele, privaatskole in Botswana, multikulturele onderwys, die konsep kultuur en milieu-gestremdheid.

Die aanpassingsprobleme wat deur Afrikaanssprekende leerders ervaar word, is meestal op sosiale- en kulturele terrein sowel as aanpassing te opsigte van die medium van onderrig. Daar is verskeie faktore, binne sowel as buite die skool geïdentifiseer, wat 'n bydraende faktor kan speel by die suksesvolle aanpassing van dié leerders. Die sosiale- en psigiese ontwikkeling van die kind en die opvoedingsstyl van die ouers kan tot 'n groot mate 'n bydraende rol speel in die suksesvolle aanpassing van die leerders al dan nie.

Faktore wat almal in 'n meerdere of mindere mate bydra tot die suksesvolle sosiale aanpassing van Afrikaanssprekende leerders sluit onder andere in die rol van die skool, samelewing, portuurgroep, kerk en media in. Ten opsigte van die suksesvolle kulturele aanpassing van Afrikaanssprekende leerders is daar ook verskeie faktore geïdentifiseer wat 'n rol kan speel. Die faktore sluit onder andere kultuurdifferentiasie, kultuurintegrasie, kultuurkontinuiteit, kulturele relativisme, kulturele pluralisme, die lewensbeskouwlike kultuurterrein en die geestelike kultuurterrein in. Laastens is daar in die studie gekyk na die aanpassing ten opsigte van die medium van onderrig wat Afrikaanssprekende leerders in die gesig staar. Faktore wat hier 'n rol kan speel sluit onder andere die verskille tussen die taal van die skool, huis en gemeenskap in sowel as die invloed wat taal en kultuur kan speel.

Die suksesvolle sosiale- en kulturele aanpassing en aanpassing ten opsigte van die medium van onderrig van Afrikaanssprekende leerders kan almal 'n deurslaggewende rol in hulle akademiese sukses speel. 'n Swak akademiese rekord, beperkte intellektuele moontlikhede, ongunstige persoonlikheidseienskappe, ontoereikende studievaardighede sowel as skoolwisseling kan almal verder bydra tot die akademiese sukses van Afrikaanssprekende leerders.

Na afloop van 'n omvattende literatuurstudie waar die faktore wat die aanpassing van Afrikaanssprekende leerders in die internasionale, multikulturele, privaatskole van Botswana kan beïnvloed breedvoerig ondersoek en bespreek is, is 'n empiriese ondersoek onderneem. In die empiriese ondersoek, waar beide die Afrikaanssprekende leerders en hulle ouers betrek is, is bewys dat Afrikaanssprekende leerders wel aanpassingsprobleme ervaar en meestal op die terrein van kulturele aanpassing.

Voortgesette navorsing op die terrein van aanpassingsprobleme van Afrikaanssprekende leerders, nie net in Botswana nie maar ook in ander wêrelddele, behoort onderneem te word. Met die groot uitbeweeg van Suid-Afrikaners uit Suid-Afrika uit kan die navorsing vir beide ouers en leerders 'n waardevolle bron van inligting word.

**SUMMARY**

**ADAPTABILITY PROBLEMS OF AFRIKAANS SPEAKING LEARNERS IN THE  
INTERNATIONAL, MULTICULTURAL, PRIVATE SCHOOLS OF BOTSWANA**

by

**André Johann Nel**

**Promoter : Prof. L.J. Jacobs**

**Department : Sociopedagogics**

**Faculty : Education (UP)**

**Degree : Philosophiae Doctor**

The aim of this study is to investigate the probable adaptability problems Afrikaans speaking pupils experience in the international, multicultural, private schools of Botswana and how these problems concerning adaptability can have an influence on their academic success.

Over the last forty years Botswana has made name for itself as the most stable country in Africa. Here is no dictators craving for power, no poverty because of mismanagement and no violent oppression or unconstitutional behavior visible. On the contrary, since the country became independent in 1966, it only knew the road to prosperity. When the country became independent there was only eight kilometers of tarred road found in the whole of Botswana. Today the main routes don't have to stand back one step for those found in South Africa. The local currency, the Pula, is stronger than the rand and there is less crime as what is the case in South Africa as well as much less visible poverty.

All the facts mentioned above are only a few reasons why Botswana became an attractive refuge, close but still outside the borders of South Africa, for so many South African citizens. Approximately 80% of all the companies found in the capital, Gaborone have South African roots. Since 1990 the number of South Africans that relocated to Botswana has tripled.



Education plays a very important role in the prosperity of Botswana and the country spends in the vicinity of 22% of its annual budget on education. Because of the huge influx of foreigners, especially over the last ten years, a number of international, English medium, private schools were founded. In the past, these English medium schools provided mostly education for foreign learners. The current tendency is however that more and more local learners start attending especially the secondary, private schools because of the international curriculums these schools offer.

Afrikaans speaking learners coming from Afrikaans medium schools in South Africa are faced with definite problems concerning adapting when they visit the international, multicultural private schools of Botswana for the first time. The four most important concepts identified in the study were the international education environment of the multicultural, private schools in Botswana, multicultural education, and the concepts culture and milieu-handicapped.

The problems concerning adaptability experienced by Afrikaans speaking pupils are mostly found on the social- and cultural domains as well as adapting to the new medium of education. There are several factors, internally as well as externally from the school environment identified which can play a leading role in the successful adaptation of these learners. The social- en psychological development of the child as well as the style of education portrayed by the parents can both play a leading role in the successful adaptation of these learners.

Factors that can all contribute to a more or less extend to the successful social adaptation of Afrikaans speaking pupils include the role of the school, community, peer group, church and media. Concerning the successful cultural adaptation of Afrikaans speaking pupils several factors are identified. These include cultural differentiation, cultural integration, cultural continuity, cultural relativity, cultural pluralism, the philosophy of life concerning culture, the economic technical cultural domain, the social welfare cultural domain as well as the spiritual cultural domain. Lastly the study looked at the adaptation regarding the medium of education Afrikaans speaking pupils face. Factors which play a role here include the differences of the language spoken at school, in the home and in the community as well as the influence language and culture have.

The successful social- and cultural adaptation and adaptation regarding the medium of education of Afrikaans speaking pupils can all contribute to the successful academic performance of these learners. A poor academic record, limited intellectual possibilities, unfavorable personality characteristics, inadequate study methods as well as school migration can contribute to the successful academic performance of Afrikaans speaking pupils.

By means of a comprehensive study of literature the factors which can play a role in the adaptation of Afrikaans speaking pupils in the international, multicultural, private schools are in detail examined and discussed. An empiric investigation, where both the Afrikaans speaking pupils and their parents played a part, was done after the study of literature. The investigation proves that Afrikaans speaking pupils do suffer from adaptation problems and are mostly experienced in the cultural domain.

Continuing research in the field of adaptation problems of Afrikaans speaking pupils, not only in Botswana but globally, should be undertaken. With the huge number of South Africans leaving South Africa this research can be a source of information to both parents and learners alike.

**Key Words :**

Multicultural  
Milieu-handicapped  
Afrikaans Speaking Pupils  
International Private School  
International Curriculums  
Successful Academic Performance  
Poor Academic Record  
Adaptability Problems  
Culture Adaptability  
Social Adaptability  
Adaptability concerning Language

## INHOUD

### HOOFSTUK 1

#### ORIËNTERENDE INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE NAVORSING

1.1	INLEIDING	1.
1.2	BEWUSWORDING VAN DIE PROBLEEM	3.
1.3	PROBLEEMSTELLING	6.
1.4	DOEL	7.
1.5	PARADIGMA	8.
1.5.1	'N SOSIO-PEDAGOGIESE PERSPEKTIEF	9.
1.5.2	'N PSIGO-PEDAGOGIESE PERSPEKTIEF	13.
1.6	BEGRIPSVERKLARING	13.
1.6.1	PRIMÊRE SKOOLLEERDERS	14.
1.6.2	SEKONDÊRE SKOOLLEERDERS	14.
1.6.3	INTERNASIONALE, MULTIKULTURELE PRIVAATSKOLE	14.
1.6.4	INTERNASIONAAL ERKENDE KURRIKULUM	15.

<b>1.6.5</b>	<b>SKOOLVERWISSELING</b>	<b>15.</b>
<b>1.6.6</b>	<b>SKOOLWISSELAAR</b>	<b>15.</b>
<b>1.6.7</b>	<b>MOBILITEIT</b>	<b>15.</b>
<b>1.7</b>	<b>VERLOOP VAN DIE NAVORSING</b>	<b>16.</b>
<b>1.8</b>	<b>SAMEVATTING</b>	<b>17.</b>

\*\*\*\*\*

## HOOFSTUK 2

### AANPASSINGSPROBLEME WAT AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE INTERNASIONALE, MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA MAG ONDERVIND

2.1	INLEIDING	18.
2.2	KONSEPTUALISERING	19.
2.2.1	DIE INTERNASIONALE ONDERWYSOMGEWING VAN DIE MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE IN BOTSWANA	19.
2.2.1.1	DIE ONTWERP VAN 'N INTERNASIONALE KURRIKULUM VIR DIE INTERNASIONALE, MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA	21.
	□ GLOBALITEIT	22.
	□ KOMMUNIKASIE	22.
	□ MULTIKULTURELE BEWUSTHEID	23.
2.2.1.2	DIE ONDERVERDELING VAN KURRIKULUMS	23.
2.2.1.3	DIE HOOFDOEL VAN 'N INTERNASIONALE KURRIKULUM WAT IN BOTSWANA GEVOLG WORD	33.
2.2.2	DIE KONSEP MULTIKULTURELE ONDERWYS	34.
2.2.2.1	BENADERINGS TOT MULTIKULTURELE ONDERWYS IN BOTSWANA	35.

<b>2.2.2.2</b>	<b>DOELSTELLINGS VAN MULTIKULTURELE ONDERWYS IN BOTSWANA</b>	<b>36.</b>
<b>2.2.2.3</b>	<b>EIENSKAPPE VAN MULTIKULTURELE ONDERWYS</b>	<b>38.</b>
<b>2.2.2.4</b>	<b>DIE ONDERWYSER IN DIE MULTIKULTURELE ONDERWYSSITUASIE IN BOTSWANA</b>	<b>40.</b>
	<b>□ POSITIEWE SELFIDENTITEIT</b>	<b>40.</b>
	<b>□ BEWUSTHEID</b>	<b>40.</b>
	<b>□ SENSITIWITEIT</b>	<b>40.</b>
	<b>□ BEGRIP</b>	<b>40.</b>
	<b>□ INTERKULTURELE KOMMUNIKASIE</b>	<b>41.</b>
	<b>□ DIE AARD VAN ELKE LEERDER</b>	<b>43.</b>
	<b>□ ONDERWYSER SE KENNIS</b>	<b>43.</b>
	<b>□ FORMULERING VAN DOELSTELLINGS</b>	<b>43.</b>
	<b>□ LEERDERDOELWITTE</b>	<b>43.</b>
	<b>□ LESAANVANG</b>	<b>43.</b>
	<b>□ ONDERRIGSTRATEGIEË EN AKTIWITEITE</b>	<b>44.</b>

	□ EVALUERING	44.
2.2.3	DIE KONSEP KULTUUR	45.
2.2.4	MILIEU-GESTREMDHEID VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERders IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA	46.
2.2.4.1	MILIEU-GESTREMDHEID IN TERME VAN KULTURELE DEPRIVASIE	47.
	□ TAAL	49.
	□ VORIGE VERWORWE KENNIS	49.
	□ VERSKILLENDE KLASKAMERAKTIWITEITE	49.
	□ VERSKILLE TEN OPSIGTE VAN DIE MISSIE VAN DIE SKOOL	49.
	□ AANVAARDING VAN GESAG	50.
2.2.4.2	MILIEU-GESTREMDHEID IN TERME VAN KULTURELE ANDERSOORTIGHEID	50.
2.3	DIE SOSIALE EN PSIGIESE ONTWIKKELING VAN DIE KIND	51.
2.3.1	DIE PRIMÊRE SKOOLKIND (Ongeveer 5-13 jaar)	52.

<b>2.3.1.1</b>	<b>BIOLOGIESE- TAAL- EN KULTURELE FAKTORE WAT 'N INVLOED OP TOELATING VAN LEERDERS TOT EEN VAN DIE MULTIKULTURELE, INTERNASIONALE, PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA KAN HÊ</b>	<b>53.</b>
	<b>□ INTER-KULTURELE FAKTORE WAT BY TOELATINGSTOETSE IN GEDAGTE GEHOU MOET WORD</b>	<b>54.</b>
	<b>□ AANLEER OM OOR DIE WEG TE KOM MET SY PORTUURGROEP</b>	<b>57.</b>
	<b>□ ONTWIKKELING VAN FUNDAMENTELE VAARDIGHEDE IN LEES, SKRYF EN REKENE</b>	<b>57.</b>
	<b>□ VERKRYGING VAN PERSOONLIKE ONAFHANKLIKHEID</b>	<b>58.</b>
	<b>□ ONTWIKKELING VAN HOUDINGS TEENoor SOSIALE GROEPE EN INSTANSIES</b>	<b>58.</b>
<b>2.3.1.2</b>	<b>GRAAD 0/BRUGPERIODE IN DIE ONDERWYS</b>	<b>60.</b>
	<b>□ DOEL</b>	<b>60.</b>
	<b>□ AARD</b>	<b>60.</b>
	<b>□ PLEK</b>	<b>61.</b>
	<b>□ DUUR</b>	<b>61.</b>
	<b>□ TOETREE-OUDERDOM</b>	<b>61.</b>



2.3.1.3	<b>KOGNITIEWE ONTWIKKELING VAN DIE PRIMÊRE SKOOLKIND</b>	62.
2.3.1.4	<b>AFFEKTIEWE (EMOSIONELE) ONTWIKKELING VAN DIE PRIMÊRE SKOOLKIND</b>	64.
2.3.1.5	<b>SOSIALE ONTWIKKELING VAN DIE PRIMÊRE SKOOLKIND</b>	65.
2.3.1.6	<b>NORMATIEWE EN SEDELIK-RELIGIEUSE ONTWIKKELING VAN DIE PRIMÊRE SKOOLKIND</b>	66.
2.3.2	<b>DIE PUBERTEITS- OF ADOLESSENSIEJARE (Ongeveer 13-18 jaar)</b>	67.
	□ <b>VROEË ADOLESSENSIE (JUNIOR HOËRSKOOLJARE)</b>	67.
	□ <b>MIDDEL ADOLESSENSIE (SENIOR HOËRSKOOLJARE)</b>	68.
	□ <b>LAAT ADOLESSENSIE</b>	68.
2.3.2.1	<b>IDENTITEITSVERWERWING</b>	69.
2.3.2.2	<b>DIE VERWERKLIKING VAN NUWE EN MEER VOLWASSE VERHOUDINGE MET LEEFTYDGENOTE VAN BEIDE GESLAGTE</b>	69.
2.3.2.3	<b>VERVULLING VAN 'N MANLIKE/VROULIKE SOSIALE ROL</b>	70.
2.3.2.4	<b>AANVAARDING EN DOELTREFFENDE GEBRUIK VAN DIE EIE LIGGAAM</b>	70.

2.3.2.5	VESTIGING VAN EMOSIONELE ONAFHANKLIKHEID VAN OUERS EN ANDER VOLWASSENES	71.
2.3.2.6	VOORBEREIDING VIR HUWELIKS- EN GESINSLEWE	71.
2.3.2.7	VOORBEREIDING VIR 'N LOOPBAAN EN FINANSIËLE SELFSTANDIGHEID	72.
2.3.2.8	STREWE NA DIE VERWERKLIKING VAN SOSIAAL VERANTWOORDELIKE GEDRAG	72.
2.3.3	OPVOEDKUNDIGE IMPLIKASIES TEN OPSIGTE VAN DIE ADOLESENT SE TOTALE ONTWIKKELING	72.
2.3.3.1	FISIEKE ONTWIKKELING	73.
	□ VERSNELLING IN GROEI TYDENS ADOLESSENSIE	73.
	□ SEKSUELE ONTWIKKELING	73.
	□ MOTORIESE ONTWIKKELING	73.
	□ VROEË EN LAAT ONTWIKKELING	73.
	□ PERSEPSIE VAN SY/HAAAR EIE LIGGAAM	74.
	□ PERSOONLIKE HIGIËNE	74.
	□ GESONDE LEWENSTYL	74.
	□ VROEË SEKSUELE AKTIWITEITE	75.

□	<b>ALKOHOL- EN DWELMMISBRUIK</b>	<b>75.</b>
2.3.3.2	<b>KOGNITIEWE ONTWIKKELING</b>	<b>75.</b>
2.3.3.3	<b>AFFEKTIEWE ONTWIKKELING</b>	<b>76.</b>
2.3.3.4	<b>SOSIALE ONTWIKKELING</b>	<b>79.</b>
2.3.3.5	<b>NORMATIEWE EN SEDELIK RELIGIEUSE ONTWIKKELING</b>	<b>81.</b>
2.4	<b>OPVOEDINGSTYLE</b>	<b>81.</b>
2.4.1	<b>WARM OPVOEDING</b>	<b>82.</b>
2.4.2	<b>KOUE OPVOEDING</b>	<b>82.</b>
2.4.3	<b>DOMINANTE OPVOEDING</b>	<b>83.</b>
2.4.4	<b>TOEGEEFLIKE OPVOEDING</b>	<b>83.</b>
2.4.5	<b>TOLERANTE, DEMOKRATIESE OPVOEDING</b>	<b>83.</b>
2.4.6	<b>INTOLERANTE, OUTOKRATIESE OPVOEDING</b>	<b>84.</b>
2.4.7	<b>BETROKKE OPVOEDING</b>	<b>84.</b>
2.4.8	<b>ONVERSKILLIGE OPVOEDING</b>	<b>85.</b>
2.4.9	<b>HARMONIESE OPVOEDING</b>	<b>85.</b>

<b>2.5</b>	<b>SOSIALE AANPASSING VAN DIE AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS</b>	<b>86.</b>
<b>2.5.1</b>	<b>DIE AANDEEL VAN DIE SKOOL IN DIE SOSIALISERING VAN DIE AFRKAANSSPREKENDE LEERDERS IN BOTSWANA</b>	<b>87.</b>
<b>2.5.1.1</b>	<b>DIE SOSIALISERINGSFUNKSIES VAN DIE SKOOL</b>	<b>88.</b>
	<b>□ OORDRA VAN KENNIS</b>	<b>89.</b>
	<b>□ SOSIALE ROL SELEKSIE</b>	<b>89.</b>
	<b>□ OORDRA VAN SOSIALE WAARDES</b>	<b>90.</b>
	<b>□ IDENTITEITSVERWERWING MET GEMEENSKAPSAKTIEWEITTE</b>	<b>90.</b>
	<b>□ LEERDER BESKERMING</b>	<b>91.</b>
<b>2.5.1.2</b>	<b>DIE VERWERKLIKING VAN OPVOEDINGS-KOMMUNIKASIE IN DIE KLASKAMER</b>	<b>91.</b>
	<b>A : BUITEFAKTORE</b>	<b>92.</b>
	<b>□ DIE HOOF/DIREKTEUR</b>	<b>92.</b>
	<b>□ ONDERWYSPERSONEEL</b>	<b>93.</b>
	<b>□ OUERS</b>	<b>94.</b>
	<b>□ KLASSE</b>	<b>94.</b>

<b>B :</b>	<b>ONDERWYSERFAKTORE</b>	<b>95.</b>
<b>C :</b>	<b>LEERDERFAKTORE</b>	<b>96.</b>
	□ <b>ONTWIKKELINGSVLAK VAN DIE LEERDER</b>	<b>96.</b>
	□ <b>GESLAG</b>	<b>97.</b>
	□ <b>INTELLIGENSIEPEIL</b>	<b>98.</b>
	□ <b>EMANSIPASIE</b>	<b>98.</b>
	□ <b>SOSIO-EKONOMIESE MILIEU</b>	<b>98.</b>
	□ <b>HOUDING</b>	<b>98.</b>
	□ <b>KOMMUNIKASIEPROBLEME</b>	<b>98.</b>
<b>D :</b>	<b>GROEPSDINAMIESE FAKTORE</b>	<b>99.</b>
	□ <b>MEERVOUDIGHEID</b>	<b>99.</b>
	□ <b>INTERAKSIE</b>	<b>99.</b>
	□ <b>DOELSTELLINGS</b>	<b>100.</b>
	□ <b>NORME</b>	<b>100.</b>
	□ <b>GROEPSTRUKTUUR</b>	<b>100.</b>

<b>E :</b>	<b>ORDE HANDHAAF FAKTORE</b>	<b>101.</b>
<b>2.5.2</b>	<b>DIE AANDEEL VAN DIE SAMELEWING IN DIE SOSIALISERING VAN DIE AFRIKAANSSPREKENDE LEERDER IN BOTSWANA</b>	<b>101.</b>
<b>2.5.3</b>	<b>DIE AANDEEL VAN DIE PORTUURGROEP IN DIE SOSIALISERING VAN DIE AFRIKAANSSPREKENDE LEERDER IN BOTSWANA</b>	<b>102.</b>
<b>2.5.3.1</b>	<b>DIE PORTUURGROEP AS ONSHEIDSRUIMTE</b>	<b>104.</b>
	<b>□ AANWESIGHEID</b>	<b>104.</b>
	<b>□ GESPREK</b>	<b>104.</b>
	<b>□ TUISHEID EN AANVAARDING</b>	<b>104.</b>
	<b>□ TOEKOMSBEPLANNING</b>	<b>105.</b>
<b>2.5.3.2</b>	<b>DIE PORTUURGROEP SE INVLOED OP DIE KIND SE SOEKE NA SOSIALE WERKLIKHEID</b>	<b>105.</b>
<b>2.5.3.3</b>	<b>DIE PORTUURGROEP SE INVLOED OP DIE KIND SE “UITGAAN NA” DIE SOSIO-MAATSKAPLIKE EN NORMATIEWE WERKLIKHEID</b>	<b>106.</b>
<b>2.5.3.4</b>	<b>DIE PORTUURGROEP SE INVLOED OP DIE KIND SE IDENTITEITSVERWERWING</b>	<b>106.</b>
<b>2.5.4</b>	<b>DIE AANDEEL VAN DIE KERK IN DIE SOSIALISERING VAN DIE AFRIKAANSSPREKENDE LEERDER IN BOTSWANA</b>	<b>106.</b>

<b>2.5.5</b>	<b>DIE AANDEEL VAN DIE MEDIA IN DIE SOSIALISERING VAN DIE AFRIKAANSPREKENDE LEERDER IN BOTSWANA</b>	<b>108.</b>
<b>2.6</b>	<b>KULTURELE AANPASSING VAN AFRIKAANSPREKENDE SKOOL LEERDERS IN DIE INTERNASIONALE ONDERWYSOMGEWING VAN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA</b>	<b>108.</b>
	<b>□ KULTURELEDIFFERENSIASIE</b>	<b>109.</b>
	<b>□ KULTUURINTEGRASIE</b>	<b>110.</b>
	<b>□ KULTUURKONTINUÏTEIT</b>	<b>110.</b>
	<b>□ KULTURELE RELATIVISME</b>	<b>110.</b>
	<b>□ KULTURELE ETNOSENTRISME</b>	<b>110.</b>
	<b>□ KULTURELE PLURALISME</b>	<b>111.</b>
	<b>□ LEWENSBEKOULIKE KULTUURTERREIN</b>	<b>112.</b>
	<b>□ EKONOMIES-TEGNIESE KULTUURTERREIN</b>	<b>112.</b>
	<b>□ SOSIAAL-MAATSKAPLIKE KULTUURTERREIN</b>	<b>112.</b>
	<b>□ GEESTELIKE KULTUURTERREIN</b>	<b>113.</b>

2.7	<b>TAALASPEKTE : KOMMUNIKASIEPROBLEME WAT AFRIKAANSSPREKENDE SKOOL LEERDERS IN DIE INTERNASIONALE, MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA MOONTLIK ERVAAR</b>	114.
	□ <b>TAAL VAN DIE SKOOL</b>	115.
	□ <b>TAAL BY DIE HUIS</b>	116.
	□ <b>TAAL VAN DIE GEMEENSKAP</b>	116.
	□ <b>TAAL EN KULTUUR – “THE LANGUAGE CULTURE BOX”</b>	119.
	• <b>DIE AANPASSINGSMODEL</b>	119.
	• <b>DIE TRANSISIEMODEL</b>	119.
	• <b>DIE KONTAKMODEL</b>	119.
	• <b>DIE KULTURELE VERANDERINGSMODEL</b>	120.
2.8	<b>SAMEVATTING</b>	120.

\*\*\*\*\*



### HOOFSTUK 3

#### DIE INVLOED WAT AANPASSINGSPROBLEME AS GEVOLG VAN SKOOLWISSELING OP DIE AKADEMIESE PRESTASIE VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA HET AL DAN NIE

3.1	INLEIDING	121.
3.2	AANPASSINGSPROBLEME SE AANDEEL IN DIE AKADEMIESE PRESTASIE VAN AFRIKAANS- SPREKENDE LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA	123.
	□ AANPASSING BY DIE NUWE OMGEWING	124.
	□ AANPASSING BY ANDER KULTURE	124.
	□ PROBLEME MET SELFAANPASSING	124.
	□ GEBREK AAN MOTIVERING	125.
3.2.1	STUDIEGEWOONTES EN METODES	125.
3.2.2	AKADEMIESE ORIËNTASIE	126.
	□ ONDERRIGSITUASIE	126.
	□ KLASSE	127.
	□ HANDBOEKE	127.

□	<b>WERK</b>	<b>127.</b>
□	<b>EVALUERING</b>	<b>128.</b>
□	<b>HETEROGENITEIT</b>	<b>128.</b>
□	<b>TYDSBESTEDING</b>	<b>128.</b>
□	<b>PROBLEME</b>	<b>128.</b>
<b>3.2.3</b>	<b>VERSILLE TUSSEN INTERNASIONALE, MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE IN BOTSWANA EN STAATSKOLE IN SUID-AFRIKA</b>	<b>130.</b>
□	<b>MULTIKULTURELE AARD VAN DIE SKOLE</b>	<b>130.</b>
□	<b>LANGER SKOOLURE</b>	<b>130.</b>
□	<b>LANGER LESPERIODES</b>	<b>130.</b>
□	<b>KLASGROOTTES</b>	<b>131.</b>
□	<b>DIE TEMPO EN OMVANG VAN DIE WERK</b>	<b>131.</b>
□	<b>DIE WYSE VAN TOETSING EN EKSAMINERING</b>	<b>131.</b>
□	<b>VREEMDE VAKTERMINOLOGIE</b>	<b>132.</b>
□	<b>NUWE VAKKE</b>	<b>132.</b>
<b>3.2.4</b>	<b>SOSIALE ORIËNTASIE</b>	<b>132.</b>

<b>3.2.5</b>	<b>SOSIO-POLITIEKE TOESTANDE</b>	<b>133.</b>
<b>3.2.6</b>	<b>GESINSAGTERGRONDPROBLEME</b>	<b>133.</b>
<b>3.3</b>	<b>FAKTORE WAT DIE AKADEMIESE PRESTASIE VAN LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA KAN BEÏNVLOED</b>	<b>134.</b>
<b>3.3.1</b>	<b>SWAK AKADEMIESE REKORD</b>	<b>134.</b>
<b>3.3.2</b>	<b>BEPERKTE INTELLEKTUELE MOONTLIKHEDE</b>	<b>134.</b>
<b>3.3.3</b>	<b>ONGUNSTIGE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE</b>	<b>135.</b>
	<b>□ PSIGIESE DISORIËNTASIE</b>	<b>136.</b>
	<b>□ SOSIALE DISORIËNTASIE</b>	<b>136.</b>
	<b>□ SKYNSEKERHEID</b>	<b>136.</b>
	<b>□ STORM EN DRANG</b>	<b>136.</b>
<b>3.3.4</b>	<b>ONTOEREIKENDE STUDIEVAARDIGHEDE</b>	<b>136.</b>
<b>3.3.5</b>	<b>SKOOLVERWISSELING</b>	<b>137.</b>
	<b>□ KLASGROOTTES</b>	<b>137.</b>
	<b>□ AKADEMIESE UITSLAE</b>	<b>138.</b>
	<b>□ REKENAAR TOEGANKLIKHEID/GEVORDERDHEID</b>	<b>138.</b>

□	<b>SPORTGERIEWE</b>	<b>138.</b>
□	<b>GELOOF</b>	<b>139.</b>
□	<b>AKTIWITEITE</b>	<b>139.</b>
□	<b>BUIGBAARHEID/AANPASBAARHEID VAN ROOSTER</b>	<b>139.</b>
□	<b>KOSTE</b>	<b>140.</b>
□	<b>ATMOSFEER</b>	<b>140.</b>
□	<b>PERSONEEL</b>	<b>140.</b>
<b>3.4</b>	<b>SKOOLWISSELING AS OORSAAK VAN SWAKKER AKADEMIESE PRESTASIE</b>	<b>141.</b>
<b>3.4.1</b>	<b>HOOFOORSAKE VIR DIE VERSKUIWING VAN LEERDERS VANAF SUID-AFRIKA NA DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA</b>	<b>141.</b>
<b>3.4.1.1</b>	<b>INTERNE OORSAKE</b>	<b>142.</b>
□	<b>FISIESE OORSAKE</b>	<b>142.</b>
□	<b>EMOSIONELE OORSAKE EN AKADEMIESE PRESTASIE</b>	<b>142.</b>
□	<b>ONTWIKKELINGSAFWYKINGS</b>	<b>142.</b>
□	<b>KOGNITIEWE OORSAKE</b>	<b>143.</b>

	□ LEERPROBLEME	143.
3.4.1.2	EKSTERNE OORSAKE	144.
	□ SKORSING	144.
	□ MOBILITEIT	144.
	• MIGRASIE	144.
	• ARBEIDSMIGRASIE EN BEROEPS-MOBILITEIT	145.
	• RAMPE – NATUURLIK EN MENSGEORIËNTEERD	145.
	□ TOESTAND IN DIE SKOOL	146.
	□ HOUDING VAN DIE ONDERWYSERS AS MOONTLIKE OORSAAK VAN SKOOLWISSELING	146.
	• FOUTIEWE BESKOUINGS BY ONDERWYSERS OOR HULLE PROFESSIONALITEIT	147.
	• NEGATIEWE HOUDING VAN ONDERWYSERS	147.
	• DIE BESKOUING DAT DIE ONDERWYSER EN OUER MET VERSKILLENDE TAKE BESIG IS	148.
	• VERABSOLUTERING VAN DIE ONDERWYSER SE OUTONOMIE	148.
	• DIE ONDERWYSER-KINDVERHOUDING	149.

•	<b>DIE ONDERWYSER-LEERDER-VERHOUDING</b>	<b>149.</b>
□	<b>KIND-KIND VERHOUDING</b>	<b>149.</b>
<b>3.5</b>	<b>DIE SAMELEWING EN OMGEWING</b>	<b>150.</b>
<b>3.6</b>	<b>DIE SOSIALE ONTWIKKELING VAN DIE KIND EN DIE INVLOED VAN SKOOLVERWISSELING OP SY SOSIALE AANPASSING</b>	<b>150.</b>
<b>3.6.1</b>	<b>KLIMAAT</b>	<b>151.</b>
<b>3.6.2</b>	<b>GESINSOMSTANDIGHEDE</b>	<b>151.</b>
□	<b>SAMESTELLING</b>	<b>152.</b>
□	<b>HUISTAAL VAN DIE OUERS</b>	<b>152.</b>
□	<b>BESKIKBAARHEID VAN DIE VADER</b>	<b>152.</b>
□	<b>BUITENSHUISE ARBEID DEUR DIE MOEDER</b>	<b>153.</b>
□	<b>HUISVESTING</b>	<b>153.</b>
□	<b>FINANSIËLE POSISIE</b>	<b>153.</b>
□	<b>WOONBUURT</b>	<b>154.</b>
<b>3.7</b>	<b>SAMEVATTING</b>	<b>154.</b>

\*\*\*\*\*

## HOOFSTUK 4

### NAVORSINGSONTWERP EN EMPIRIESE ONDERSOEK

4.1	INLEIDING	155.
4.2	DOELSTELLING MET STUDIE	155.
4.3	HIPOTEESES	156.
4.4	PROEFPERSONE	157.
4.4.1	SELEKTERING VAN PROEFPERSONE	157.
4.4.2	BESKRYWING VAN PROEFPERSONE	157.
4.5	NAVORSINGSONTWERP	158.
4.5.1	DIE VRAELYS AS MEETINSTRUMENT	158.
4.5.1.1	DIE VOORDELE BY DIE GEBRUIK VAN VRAELYSTE	158.
4.5.1.2	DIE NADELE BY DIE GEBRUIK VAN VRAELYSTE	159.
4.5.1.3	ETIESE ASPEK BY DIE GEBRUIK VAN VRAELYSTE	159.
4.5.2	LOODSONDERSOEK	160.
4.5.3	KONSTRUKSIE VAN DIE VRAELYS	160.

4.5.3.1	STRUKTUUR VAN DIE VRAELYS	160.
4.5.3.2	DOEL MET DIE VRAE	162.
4.5.4	PROEFGROEP	166.
4.5.5	ADMINISTRATIEWE PROSEDURE	166.
4.5.6	VRAELYS TE UITGESTUUR EN TERUGONTVANG	166.
4.5.7	STATISTIESE TEGNIEKE	167.
4.5.7.1	DIE S-A-S PROGRAM	167.
4.5.7.2	FREKWENSIE ONTLEDINGS	167.
4.5.7.3	DIE t-TOETS	168.
4.5.7.4	AANVAARDING VAN HIPOTEESES	169.
4.6	SAMEVATTING	170.

\*\*\*\*\*



## HOOFSTUK 5

### ANALISERING VAN DATA AAN DIE HAND VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

5.1	INLEIDING	171.
5.2	INTERPRETASIE VAN DATA	171.
5.2.1	VRAELYSIE UITGESTUUR EN TERUGONTVANG	171.
5.2.2	AFDELING A : BIOGRAFIESE BESONDERHEDE VAN LEERDERS	174.
5.2.2.1	PERSOONLIKE BESONDERHEDE VAN LEERDERS	174.
5.2.2.2	PERSOONLIKE BESONDERHEDE VAN OUIERS	193.
5.2.3	AFDELING B : DEMOGRAFIESE BESONDERHEDE	196.
5.2.3.1	BESONDERHEDE VAN VORIGE SKOOL	196.
5.2.3.2	BESONDERHEDE VAN HUIDIGE SKOOL	198.
5.2.4	AFDELING C	200.
5.2.4.1	SOSIALE AANPASSING	200.
5.2.4.2	KULTURELE AANPASSING	207.
5.2.4.3	AANPASSING TEN OPSIGTE VAN DIE MEDIUM VAN ONDERRIG	214.

5.2.5	<b>AFDELING D : DIE INVLOED VAN SKOOLWISSELING EN DIE GEPAAARDGAANDE AANPASSINGSPROBLEME IN DIE NUWE ONDERWYSOMGEWING EN DIE INVLOED HIERVAN OP DIE AKADEMIESE PRESTASIE VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA</b>	<b>221.</b>
5.2.6	<b>SAMEVATTING</b>	<b>227.</b>

## HOOFSTUK 6

### SAMEVATTING, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

6.1	INLEIDING	229.
6.2	SAMEVATTING	229.
6.3	BEVINDINGS	230.
6.3.1	BEVINDINGS MET BETREKKING TOT DIE LITERATUURSTUDIE	230.
6.3.2	BEVINDINGS MET BETREKKING TOT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK	233.
6.4	RIGLYNE VIR DIE SUKSESVOLLE AANPASSING VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE INTERNASIONALE, MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA	241.
6.4.1	RIGLYNE VIR DIE SUKSESVOLLE SOSIALE AANPASSING VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE INTERNASIONALE, MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA	241.
6.4.2	RIGLYNE VIR DIE SUKSESVOLLE KULTURELE AANPASSING VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE INTERNASIONALE, MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA	242.
6.4.3	RIGLYNE VIR DIE SUKSESVOLLE AANPASSING TEN OPSIGTE VAN DIE MEDIUM VAN ONDERRIG VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE INTERNASIONALE, MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA	244.

6.4.4	<b>RIGLYNE VIR DIE SUKSESVOLLE AKADEMIESE AANPASSING AS GEVOLG VAN SKOOLWISSELING VAN AFRIKAANSPREKENDE LEERDERS IN DIE INTERNASIONALE, MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA</b>	<b>247.</b>
6.5	<b>SLOTOPMERKING</b>	<b>248.</b>

**LYS VAN TABELLE :**

<b>TABEL 5.1</b>	<b>AANTAL VRAELYTE UITGESTUUR EN TERUGONTVANG (OUERS)</b>	<b>171.</b>
<b>TABEL 5.2</b>	<b>AANTAL VRAELYTE UITGESTUUR EN TERUGONTVANG (LEERDERS)</b>	<b>173.</b>
<b>TABEL 5.3</b>	<b>BIOGRAFIESE BESONDERHEDE VAN LEERDERS</b>	<b>175.</b>
<b>TABEL 5.4</b>	<b>T-TOETS VIR GEKORRELEERDE DATA TEN OPSIGTE VAN LEERDERS WAT VAN 'N AFRIKAANS-MEDIUM SKOOL AFKOMSTIG IS EN DIE WAT VAN 'N ENGELS-/PARALLEL-MEDIUM SKOOL AFKOMSTIG IS</b>	<b>192.</b>
<b>TABEL 5.5</b>	<b>BIOGRAFIESE BESONDERHEDE VAN OUERS</b>	<b>193.</b>
<b>TABEL 5.6</b>	<b>BESONDERHEDE VAN VORIGE SKOOL</b>	<b>196.</b>
<b>TABEL 5.7</b>	<b>BESONDERHEDE VAN HUIDIGE SKOOL</b>	<b>198.</b>
<b>TABEL 5.8</b>	<b>LEERDERS SE PERSEPSIE TEN OPSIGTE VAN DIE SOSIALE AANPASSING VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA</b>	<b>200.</b>
<b>TABEL 5.9</b>	<b>OUERS SE PERSEPSIE TEN OPSIGTE VAN DIE SOSIALE AANPASSING VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA</b>	<b>203.</b>

<b>TABEL 5.10</b>	<b>T-TOETS VIR ONGEKORRELEERDE DATA TEN OPSIGTE VAN DIE SOSIALE AANPASSING VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA</b>	<b>206.</b>
<b>TABEL 5.11</b>	<b>LEERDERS SE PERSEPSIE TEN OPSIGTE VAN DIE KULTURELE AANPASSING VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA</b>	<b>207.</b>
<b>TABEL 5.12</b>	<b>OUERS SE PERSEPSIE TEN OPSIGTE VAN DIE KULTURELE AANPASSING VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA</b>	<b>210.</b>
<b>TABEL 5.13</b>	<b>T-TOETS TEN OPSIGTE VAN DIE KULTURELE AANPASSING VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA</b>	<b>213.</b>
<b>TABEL 5.14</b>	<b>LEERDERS SE PERSEPSIE AANGAANDE DIE AANPASSING, TEN OPSIGTE VAN DIE MEDIUM VAN ONDERRIG, VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA</b>	<b>214.</b>
<b>TABEL 5.15</b>	<b>OUERS SE PERSEPSIE AANGAANDE DIE AANPASSING, TEN OPSIGTE VAN DIE MEDIUM VAN ONDERRIG, VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA</b>	<b>217.</b>
<b>TABEL 5.16</b>	<b>T-TOETS TEN OPSIGTE VAN DIE AANPASSING BY DIE MEDIUM VAN ONDERRIG VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA</b>	<b>220.</b>

<b>TABEL 5.17</b>	<b>LEERDERS SE PERSEPSIE TEN OPSIGTE VAN DIE INVLOED VAN SKOOLWISSELING EN DIE GEPAARDGAANDE AANPASSINGSPROBLEME IN DIE NUWE ONDERWYSOMGEWING EN DIE INVLOED HIERVAN OP DIE AKADEMIESE PRESTASIE VAN AFRIKAANSPREKENDE LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA</b>	<b>221.</b>
<b>TABEL 5.18</b>	<b>OUERS SE PERSEPSIE TEN OPSIGTE VAN DIE INVLOED VAN SKOOLWISSELING EN DIE GEPAARDGAANDE AANPASSINGSPROBLEME IN DIE NUWE ONDERWYSOMGEWING EN DIE INVLOED HIERVAN OP DIE AKADEMIESE PRESTASIE VAN AFRIKAANSPREKENDE LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA</b>	<b>224.</b>
<b>TABEL 5.19</b>	<b>T-TOETS TEN OPSIGTE VAN DIE INVLOED VAN SKOOLWISSELING EN DIE GEPAARDGAANDE AANPASSINGSPROBLEME IN DIE NUWE ONDERWYSOMGEWING EN DIE INVLOED HIERVAN OP DIE AKADEMIESE PRESTASIE VAN AFRIKAANSPREKENDE LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA</b>	<b>227.</b>

**LYS VAN GRAFIEKE :**

<b>GRAFIEK 5.1</b>	<b>AANTAL VRAELYTE TERUGONTVANG VAN DIE OUERS VAN DIE ONDERSKEIE SKOLE</b>	<b>172.</b>
<b>GRAFIEK 5.2</b>	<b>AANTAL VRAELYTE TERUGONTVANG VAN DIE LEERDERS VAN DIE ONDERSKEIE SKOLE</b>	<b>174.</b>
<b>GRAFIEK 5.3</b>	<b>GEMIDDELDE PUNTE BEHAAL (A SIMBOOL - 80-100% &amp; B SIMBOOL – 70-79%) IN DIE ONDERSKEIE VAKKE IN SUID-AFRIKA EN BOTSWANA</b>  <b>RESPONS VAN LEERDERS WAT VAN AFRIKAANS-MEDIUM SKOOL AFKOMSTIG IS</b>	<b>188.</b>
<b>GRAFIEK 5.4</b>	<b>GEMIDDELDE PUNTE BEHAAL (C SIMBOOL – 60-69%, D SIMBOOL – 50-50% &amp; E SIMBOOL – 40-49%) IN DIE ONDERSKEIE VAKKE IN SUID-AFRIKA EN BOTSWANA</b>  <b>RESPONS VAN LEERDERS WAT VAN AFRIKAANS-MEDIUM SKOOL AFKOMSTIG IS</b>	<b>189.</b>
<b>GRAFIEK 5.5</b>	<b>GEMIDDELDE PUNTE BEHAAL (A SIMBOOL - 80-100% &amp; B SIMBOOL – 70-79%) IN DIE ONDERSKEIE VAKKE IN SUID-AFRIKA EN BOTSWANA</b>  <b>RESPONS VAN LEERDERS WAT VAN ‘N ENGELS-/PARALLEL-MEDIUM SKOOL AFKOMSTIG IS</b>	<b>190.</b>



<b>GRAFIEK 5.6</b>	<b>GEMIDDELDE PUNTE BEHAAL (C SIMBOOL – 60-69%, D SIMBOOL – 50-50% &amp; E SIMBOOL – 40-49%) IN DIE ONDERSKEIE VAKKE IN SUID-AFRIKA EN BOTSWANA</b>	
	<b>RESPONS VAN LEERDERS WAT VAN 'N ENGELS-/PARALLEL-MEDIUM SKOOL AFKOMSTIG IS</b>	<b>191.</b>
<b>GRAFIEK 5.7</b>	<b>LEERDERS SE PERSEPSIE TEN OPSIGTE VAN HULLE SOSIALE AANPASSING AL DAN NIE</b>	<b>202.</b>
<b>GRAFIEK 5.8</b>	<b>OUERS SE PERSEPSIE TEN OPSIGTE VAN LEERDERS SE SOSIALE AANPASSING AL DAN NIE</b>	<b>205.</b>
<b>GRAFIEK 5.9</b>	<b>LEERDERS SE PERSEPSIE TEN OPSIGTE VAN DIE KULTURELE AANPASSING VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA</b>	<b>209.</b>
<b>GRAFIEK 5.10</b>	<b>OUERS SE PERSEPSIE TEN OPSIGTE VAN DIE KULTURELE AANPASSING VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA</b>	<b>212.</b>
<b>GRAFIEK 5.11</b>	<b>LEERDERS SE PERSEPSIE AANGAANDE DIE AANPASSING, TEN OPSIGTE VAN DIE MEDIUM VAN ONDERRIG, VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA</b>	<b>216.</b>
<b>GRAFIEK 5.12</b>	<b>OUERS SE PERSEPSIE AANGAANDE DIE AANPASSING, TEN OPSIGTE VAN DIE MEDIUM VAN ONDERRIG, VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA</b>	<b>219.</b>

- GRAFIEK 5.13** LEERDERS SE PERSEPSIE TEN OPSIGTE VAN DIE INVLOED VAN SKOOLWISSELING EN DIE GEPAARDGAANDE AANPASSINGSPROBLEME IN DIE NUWE ONDERWYSOMGEWING EN DIE INVLOED HIERVAN OP DIE AKADEMIESE PRESTASIE VAN AFRIKAANSPREKENDE LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA 223.
- GRAFIEK 5.14** OUERS SE PERSEPSIE TEN OPSIGTE VAN DIE INVLOED VAN SKOOLWISSELING EN DIE GEPAARDGAANDE AANPASSINGSPROBLEME IN DIE NUWE ONDERWYSOMGEWING EN DIE INVLOED HIERVAN OP DIE AKADEMIESE PRESTASIE VAN AFRIKAANSPREKENDE LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA 226.

**BIBLIOGRAFIE** 249.-265.

**BYLAE**

**BYLAAG A** 266.

**LYS VAN SUID-AFRIKAANSE PRIVAATSKOLE WAT DIE  
CAMBRIDGE KURRIKULUM VOLG**

***CIE CENTRES IN SOUTH AFRICA***

**BYLAAG B** 267.

**BEVESTIGINGSBRIEF VIR DIE AANVAARDING VAN DIE  
CAMBRIDGE HIGCSE SERTIFIKAAT SOOS VERSKAF DEUR  
DIE CAMBRIDGE INTERNATIONAL EXAMINATIONS BOARD**

**BYLAAG C** 268.

***MINISTRY OF EDUCATION : DEPARTMENT OF STUDENT  
PLACEMENT AND WELFARE***

**BYLAAG D** 269.

***IGCSE VAKPAKKETTE***

**BYLAAG E** 270.

***HIGCSE VAKPAKKETTE***

**BYLAAG F** **271.**

***I.B. SKEMATIESE STUDIE PLAN***

**BYLAAG G** **272.**


**DIE SOSIALE EN KULTURELE AANPASSINGSPROBLEME  
EN DIE AANPASSING TEN OPSIGTE VAN DIE MEDIUM VAN  
ONDERRIG VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE  
PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA**

**VRAELYS AAN LEERDERS**

**BYLAAG H** **273.**

**DIE SOSIALE EN KULTURELE AANPASSINGSPROBLEME  
EN DIE AANPASSING TEN OPSIGTE VAN DIE MEDIUM VAN  
ONDERRIG VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE  
PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA**

**VRAELYS AAN OUERS**



## HOOFSTUK 1

### ORIËNTERENDE INLEIDING, PROBLEEMONTLEDING EN DOEL VAN DIE NAVORSING

#### 1.1 INLEIDING

Sedert 1880 het die eerste Suid-Afrikaners Botswana begin inbeweeg op soek na goud en diamante. Talle boere het hulle dan ook permanent in die gebied gevestig en met onder andere sonneblom en grondbone begin boer. Daar was egter nie vir die kinders van dié eerste Afrikaanssprekende blankes skole nie. Die wat nie tuis onderrig is nie, is na die Rooms Katolieke Sendingskole gestuur om te leer lees en skryf (Katse, 1997:41). Toe reeds moes die leerders, ongeag hulle herkoms, alle formele onderrig deur medium van Engels ontvang en het leerders bepaalde aanpassingsprobleme in die gesig gestaar.

Sedert die middel 1990's is daar verskeie ander redes waarom Suid-Afrikaners Botswana inbeweeg het. Van dié redes sluit onder meer ekonomiese redes, werksverpligtinge en die veelbesproke misdaad en geweld in Suid-Afrika in (Viljoen, 1993:21). Botswana word bestempel as die land in Afrika, buiten Suid-Afrika, met die gesondste ekonomiese groei (Beeld, 2003). Daar is geen magsbehepte diktators nie, geen absolute armoede nie en geen onderdrukking of ongrondwetlike gedrag in Botswana nie (Beeld, 2003). In die Britse pers staan Botswana alom bekend as "*Botswana – Hope of Africa*" (Opperman, 2002). Dit is ook 'n land met ongetwyfeld een van die beste onderwysstelsels in Afrika, waar die staat gratis onderwys vir die eerste tien skooljare aan leerders in staatskole verskaf. Eers vanaf standerd 8 (Graad 10), of soos dit in Botswana bekend staan, "*Form 3*", word van die leerders verwag om skoolfonds, wat dan steeds relatief bekostigbaar is, vir onderrig in die Senior Sekondêre Staatskole te begin betaal (Wachiri, 1999:42-56). Alle tersiêre onderrig, met die uitsluitel van boekgelde, is ook gratis vir Botswana-burgers en tientalle beurse is ook beskikbaar vir leerders om na hulle skoolopleiding in die buiteland te gaan studeer.

Die getal Suid-Afrikaners wat Botswana inbeweeg het, het vanaf 1990 meer as verdriedubbel. Gedurende 1999 alleen het 540 383 Suid-Afrikaners Botswana besoek. Meer as die helfte van die besoekers, naamlik 250 876, was in besit van werk- en verblyfspermitte, hetsy tydelik of permanent. Van hierdie getal was die meeste tussen die ouderdomme van 25 en 49 jaar (Sentrale Statistiekdiens van Botswana, 1999:21). Altesaam 11 956 kinders tussen die ouderdomme van 0-13 jaar en 13 857 kinders tussen die ouderdomme van 14 en 19 jaar het hulle saam met hulle ouers in Botswana gevestig. Buitelanders wat in Botswana woon, word in drie groepe verdeel naamlik landsburgers, dié met permanente verblyfpermitte

en die wat tydelike permitte bekom, wat kan wissel van een maand tot vyf jaar (Basiamang, 1998:4).

Uiteraard is daar 'n aansienlike getal kinders van skoolgaande ouderdom wat saam met hulle ouers in Botswana woon. Alhoewel daar 'n hele aantal goed gevestigde, internasionale, privaat, primêre sowel as sekondêre skole in die hoofstad, Gaborone, geleë is, hou dit vir Afrikaanssprekende leerders bepaalde aanpassings in, om by een van die skole gelukkig te wees en optimaal te presteer. Met die toenemende getal Suid-Afrikaners wat in Botswana woonagtig is sowel as die puik standaard van die plaaslike privaatskole, neig al hoe meer ouers om eerder hulle kinders in een van Botswana se internasionale, privaatskole in te skryf met die hoop dat hulle sal aanpas.

Botswana het nie altyd, soos wat huidiglik die geval is, oor goeie privaatskole vir immigrante leerders beskik nie. Die meeste skole was aanvanklik staats- en sendingskole wat deur die Britse regering op die been gebring is. Die eerste Europeërs het Botswana reeds vir die eerste keer in die laat sestiende eeu besoek. Die meeste van hierdie eerste besoekers was sendelinge wat na Botswana gekom het om die Christelike Evangelie aan die inwoners te bring. Om hulle in dié taak te help, is skole ook gestig om die inwoners op te voed.

So is die eerste skool reeds in 1825 deur die *L.M.S. (London Missionary Society)* gestig. Tussen 1862 en 1904 het die skole wat deur die *L.M.S.* op die been gebring is, meestal op godsdiensoonderrig gekonsentreer. Baie Botswana burgers het gevoel dat daar meer op vakke wat vir hulle van belang is, soos byvoorbeeld Landboukunde, gekonsentreer moet word. Die gevolg was dat baie Botswanas hulle kinders na skole in Suid-Afrika gestuur het. Botswana het in 1885 'n Britse Protektoraat geword en sodoende het Brittanje 'n al hoe groter rol in die onderwysstelsel van Botswana begin speel. Tot en met 1904 het die administrasie van die Protektoraat geen fondse vir onderwys afgestaan nie. In 1904, toe daar vir die eerste keer geld aan onderwys afgestaan is, het die *L.M.S.* die eerste tegniese, semi-privaatskool, *Tiger Kloof*, gestig. Die skool het akademiese sowel as tegniese opleiding verskaf en verder ook onderwysopleiding sowel as godsdiensoonderrig verskaf. Dié skool was gedeeltelik deur die staat beheer en gedeeltelik deur die *L.M.S.* Die eerste volwaardige privaatskool is egter eers in 1923 deur die Bakgatla, een van die etniese groepe in Botswana, gebou. Een van die hoofredes vir die totstandkoming van die skool was die feit dat die mense van Botswana gevoel het dat die skole wat deur die *L.M.S.* gestig is te veel op godsdiensoonderrig gekonsentreer het en hulle die klem meer op basiese lees- en skryfvaardighede en landboukunde wou laat val (Campbell, 2000, 288). Die skool, die Bakgatla National School, is vandag 'n Nasionale Besienswaardigheid, bekend as die Phuthadikobo Museum (Campbell, 2000: 198).

In 1931 is die *Board of Advice on Education* gestig en sedert 1938 word primêre staatskole se kurrikulum deur die staat opgestel en beheer. Tot in met 1940 is slegs primêre onderrig tot en met standerd ses (Graad 6) verskaf. Die eerste volwaardige privaat, sekondêre skool is in 1944 deur die Rooms Katolieke Kerk net buite die hoofstad, Gaborone, gestig. Hierdie skool, die *St. Joseph's Mission School*, word vandag nog beskou as een van die beste privaat, sekondêre skole in Botswana en val steeds onder beheer van die Rooms Katolieke Kerk (Katse, 1997:31-47). In 1963 open nog 'n privaat, sekondêre skool, *Swaneng Hill*, wat meer op die onderrig van praktiese vakke gerig was, sy deure in Serowe, 'n dorp noord van die hoofstad. Die persoon wat die skool begin het, Patrick van Rensburg, was 'n Afrikaanssprekende politieke vlugteling uit Suid-Afrika en was ook die eerste Afrikaanssprekende blanke persoon, wat met die onderwysstelsel van Botswana gemoeid geraak het (Campbell, 2000:374).

In die eerste hoofstuk van hierdie studie word daar na die bewuswording van die probleem, naamlik die aanpassing van Afrikaanssprekende leerders in een van die internasionale, privaatskole van Botswana gekyk, die navorsingsprobleem gestel en die belangrikheid daarvan uiteengesit. Voorts word die doel met die navorsing aangetoon en 'n paar begrippe soos wat dit in die studie gebruik word, word uitgelig waarna die verloop van die navorsing aangedui en 'n kort samevatting gegee word.

## 1.2 BEWUSWORDING VAN DIE PROBLEEM

Die huidige neiging is dat talle Suid-Afrikaanse gesinne wat in Botswana woon, basies vier opsies het wat hulle kan oorweeg ten opsigte van hulle kinders se skoolopleiding. Die vier opsies behels :

- kinders in 'n koshuis in Suid-Afrika agter te laat,
- kinders tuis te onderrig,
- kinders in 'n studiegroep (*Homeschool/Micro-School*) te plaas of
- kinders in een van die multikulturele, internasionale, privaatskole te plaas.

Vir die doel van die studie word daar veral na leerders gekyk wat een van die multikulturele, internasionale, privaatskole in Botswana besoek.



Huidiglik laat baie meer ouers hulle kinders tot en met standerd 7 (Graad 7) in een van die talle internasionale, primêre, privaatskole onderrig of maak gebruik van tuisonderrig, eerder as om hulle in Suid-Afrika in 'n koshuis agter te laat, soos wat die geval in die verlede was. 'n Gewilde program wat aanvanklik by tuisonderrig gebruik is en vandag nog baie gewild is, is die "PACE" program wat deur die "School of Tomorrow" in Suid-Afrika versprei word. Dit is 'n Christelike kurrikulum en word wêreldwyd gebruik. Nog 'n program wat aan die begin van 2003 vir die eerste keer deur die Hervormde Kerk in Botswana begin is, is "Breinlyn". Die program bied 'n Suid-Afrikaanse en internasionale skoolkurrikulum op kompakskyf aan, vanaf Graad 0 – 12, wat kan uitloop op 'n Suid-Afrikaanse Nasionale Senior Sertifikaat of 'n *Cambridge* internasionaal erkende kwalifikasie. Aangesien die program eers in Januarie 2003 van stapel gestuur is en daar huidiglik slegs 'n klein groepie leerders is, word daar in die studie nie meer aandag aan dié program gegee nie. Daar word wel later in die studie meer aandag aan die *Cambridge* internasionale eksamen gegee (Vergelyk 2.2.1.1).

Daar is vier groot primêre skole wat baie goed gevestig is en baie gewild onder Suid-Afrikaners is met talle ander kleiner primêre, privaatskole. Leerders uit onder andere Suid-Afrika kan nie een van die primêre staatskole van Botswana besoek nie, tensy hulle Setswana magtig is, aangesien die voertaal in die primêre staatskole meestal Setswana is. 'n Verdere rede hoekom kinders uit onder andere Suid-Afrika nie een van die sekondêre staatskole kan besoek nie, is omdat leerders 'n eksamen bekend as die *P.S.L.E (Primary School Leaving Examination)*, aan die einde van hulle primêre skoolfase moet aflê ten einde toelating tot een van die Junior Sekondêre skole te bekom. Aan die einde van die Junior Sekondêre fase moet nog 'n plaaslike eksamen, die *J.S.E. (Junior Secondary Examination)* afgelê word ten einde toelating tot een van die Senior Sekondêre skole te bekom. Alhoewel sommige van die primêre, privaatskole wel aan hulle leerders die geleentheid bied om die *P.S.L.E.* te skryf, is daar geen privaat, sekondêre skool wat die *J.S.E.* aanbied nie.

Die meeste primêre, privaatskole het dan ook Graad 0 (*Reception*) klasse begin instel. Een van die hoofredes vir die toenemende gewildheid van die klasse, is dat leerders wat nie Engels magtig is nie beter voorberei kan word vir Graad 1 (Guardian, 2000:13). Die Graad 0 klasse vorm deel van die laer, primêre fase en leerders wat die klasse besoek, voordat hulle Graad 1 toe gaan, se basis en agtergrond is oor die algemeen beter as leerders wat nie die klasse besoek het nie. Daar sal later in die studie meer aandag aan Graad 0 as die eerste formele skooljaar gegee word (Vergelyk 2.3.1.2). Die skool waar die ondersoeker werksaam is, neem kleuters reeds vanaf drie jaar in. Die kleuters word dan in die sogenaamde "K 3" klas geplaas. Die kinders word dan stadig aan die hele skoolstelsel en leerplan blootgestel. Hulle word aan die alfabet bekend gestel en leer nommers identifiseer. Aan die einde van Graad 0 (*Reception*) is die meeste leerders in staat om te kan lees en skryf. Die meeste primêre, privaatskole het dan ook die voorvereiste dat leerders slegs tot Graad 1 toegelaat kan word as

hulle basies kan lees en skryf. As gevolg van die lang waglyste by die meeste primêre, privaatskole, neig al hoe meer ouers om hulle kinders in die Graad 0 klasse te plaas ten einde plek te verseker in die Graad 1 klasse.

In die verlede is leerders vanaf Graad 8 meestal na skole in Suid-Afrika, onder andere Zeerust, Mafikeng en Lichtenburg, gestuur om hulle sekondêre opleiding daar te voltooi (Van Niekerk, 1999:26). Sedert 1996 het die prentjie aansienlik verander toe die getal en standaard van sekondêre privaatskole in Botswana in so 'n mate verbeter het, dat talle leerders hulle sekondêre skoolopleiding ook in Botswana begin voltooi het.

Faktore wat ouers, wat reeds in Botswana woonagtig was, oortuig het om eerder hulle kinders hul skoolopleiding in Botswana te laat voltooi, sluit onder andere in, die huidige politieke klimaat in Suid-Afrika, ontoereikende onderwysvoorsiening en die gemiddelde onderwyser/leerder-verhouding van 1:37 vir sekondêre skole (Nel, 1998:1). Volgens die laaste formele, gepubliseerde sensusopname was die onderwyser/leerder-verhouding van die staatskole in Botswana in 1999 slegs 1:28 terwyl sommige privaatskole se verhouding selfs so laag as 1:10 is (Sentrale Statistiekdiens van Botswana, 1999:34). Tot en met 1990 het die Regering van Botswana 22% van sy totale begroting aan onderwys bestee. Dié persentasie het tot 27,8% in 1999 toegeneem (Sentrale Statistiekdiens van Botswana, 1999:35). Uit dié persentasies blyk dit dus dat onderwys 'n baie hoë prioriteit geniet. Interessant is die feit dat slegs 7,1% van die jaarlikse begroting aan verdediging bestee word.

Die ondersoeker en sy eggenote is in Augustus 1999 by 'n internasionale, privaat, gekombineerde primêre en sekondêre skool in die onderskeie remediërende afdelings van die primêre en sekondêre departemente aangestel. Die meeste leerders in dié afdelings was akademies 'n jaar of twee agter dié wat in die ander klasse was. By nadere ondersoek het die ondersoeker agtergekom dat baie van die leerders bloot as gevolg van taalagterstande, en nie so seer as gevolg van kognitiewe of akademiese agterstande in die afdelings geplaas is. Talle van die leerders was dan ook Afrikaanssprekend en sodra sekere terminologie in Afrikaans aan hulle verduidelik is, kon hulle gewoonlik presies verstaan wat in die werk aangaan. Dié leerders moes dus bloot leer om in Engels onderrig te ontvang en in Engels te leer dink. Sodra hulle die taalprobleem te bowe gekom het, is hulle uit die remediërende afdeling na die normale, hoofstroom klasse oorgeplaas. Daar is geen formele program of hulpverlening vir leerders met bepaalde taalagterstande nie. Taalagterstande kan 'n bydraende rol speel in leerders se optimale aanpassing en gevolglike akademiese prestasie. Dit is vir die gemiddelde Afrikaanssprekende leerder moeilik om skielik van 'n onderwysomgewing waar Engels bloot as tweede taal onderrig word oor te skakel na 'n omgewing waar die volledige kurrikulum in Engels aangebied word. Die gevolg is dat talle leerders uit Suid-Afrika bepaalde aanpassingsprobleme ten opsigte van taalagterstande sowel as sekere sosiale- en kulturele aanpassings in die internasionale, privaatskole van Botswana kan ondervind.

Personeel van sommige van die privaatskole in Botswana het 'n organisasie bekend as *S.N.As.O.B. (Special Needs Assosiation of Botswana – Support for Learning)* op die been gebring. Die hoofdoel van die organisasie is om leerders met bepaalde probleme, wat moontlik hulle prestasie op skool kan belemmer, te identifiseer en moontlike oplossings te vind. Een van die grootste probleme waarmee die organisasie huidiglik worstel, is die aanpassing van immigrante kinders in die privaatskole van Botswana. Volgens die organisasie ondervind immigrante kinders meestal die grootste aanpassingsprobleme ten opsigte van die onderrigtaal wat van die huistaal verskil sowel as aanpassingsprobleme ten opsigte van sosiale- en kulturele aanpassings. Soos Viljoen (1993:1), sien *S.N.As.O.B.* die skool as 'n organisasie met 'n brugfunksie. Die skool vervul as't ware die funksie van 'n brug vir die kind se oorgang vanaf die intiem-persoonlike gesinslewe na 'n formeel-saaklike maatskaplike lewe in die skool. Die kind moet by die nuwe onderwysomgewing van Botswana aanpas, die ander leerders aanvaar en homself aanvaarbaar maak, sowel as aanpas by die omstandighede wat in die betrokke samelewing geld. Die skool is egter steeds die plek waar die kind in aanraking kom met sy portuurgroep, waar hy kennis maak met kultuurnorme, houdings en gedragspatrone. Dit is dus van die uiterste belang dat die kind by sy skool sal aanpas en sal tuis voel ten einde sukses te bereik (Viljoen. 1993:56).

'n Verdere probleem wat talle van die ouer leerders in die gesig staar, is dat hulle ouers nie verstaan presies watter aanpassingsprobleme hulle ervaar nie. Jonger leerders word in die meeste gevalle baie meer deur hulle ouers ondersteun en ervaar nie die aanpassing so intens soos ouer leerders nie (Van Niekerk, 2000). Ouers en leerders ervaar nie die aanpassing van die leerders in dieselfde lig nie. Talle van die senior primêre en sekondêre leerders raak gefrustreerd deur die feit dat hulle ouers nie hulle bepaalde aanpassingsprobleme verstaan nie en dit afmaak as "tiener nonsens" (Els, 2000). Daar sal later in die studie deur middel van 'n empiriese ondersoek gepoog word om die stelling te bewys.

Die probleemstelling van die studie sal vervolgens kortliks geformuleer word.

### **1.3 PROBLEEMSTELLING**

Met die bogenoemde in ag genome, is dit duidelik dat Botswana in 'n posisie is om 'n goeie primêre sowel as sekondêre opleiding aan leerders te kan verskaf. Die feit staan egter steeds dat sommige nuwe leerders uit Suid-Afrika, sowel as ander lande, nietemin aanpassingsprobleme gaan ondervind. In hierdie studie val die klem spesifiek op die aanpassing van Suid-Afrikaanse, Afrikaanssprekende leerders in Botswana se internasionale, multikulturele, privaatskole. Hierdie leerders moet nie alleen by 'n nuwe omgewing en kultuur aanpas nie, maar ook by 'n nuwe onderwybenadering en kurrikulum sowel as onderrig deur medium van Engels. Engels word dan ook as eerste taal onderrig,

wat verdere aanpassingsprobleme kan veroorsaak, veral as die huistaal van die gesin steeds Afrikaans is.

Uit die voorafgaande beredenering kom die volgende probleemvrae na vore :

- Watter moontlike sosiale- en kulturele aanpassingsprobleme en aanpassingsprobleme ten opsigte van die medium van onderrig dié primêre en sekondêre skoolleerders wat vanaf Suid-Afrika na Botswana verhuis, kan ondervind ?
- Watter moontlike invloed aanpassingsprobleme as gevolg van skoolwisseling op die akademiese prestasie van Afrikaanssprekende primêre en sekondêre skoolleerders in die privaatskole van Botswana sal hê, al dan nie ?
- Watter moontlike riglyne kan vir ouers sowel as leerders neergelê word om die aanpassing van Suid-Afrikaanse primêre en sekondêre leerders wat na Botswana verhuis te help vergemaklik ?

#### **1.4 DOEL**

Die doel van die navorsing is drieledig naamlik :

- Die identifisering van aanpassingsprobleme van Afrikaanssprekende leerders in die privaatskole van Botswana.
- Die opstel van riglyne vir ouers en onderwysers om leerders met die bepaalde aanpassingsprobleme te help.
- Die identifisering van akademiese probleme wat as gevolg van aanpassingsprobleme mag opduik.

Daar sal gepoog word om die moontlike aanpassingsprobleme deur middel van 'n literatuurstudie te identifiseer waarna twee gestruktureerde vraelyste gebruik sal word om die ouers en leerders se insette te verkry.

Deur bepaalde aanpassingsprobleme vroegtydig te identifiseer, kan daar deur ouers en onderwysers 'n daadwerklike poging aangewend word om akademiese probleme wat as gevolg van aanpassingsprobleme na vore mag tree, te identifiseer waarna daar gepoog kan word om dié uit die weg te ruim.

Die paradigma waarbinne die navorsing gedoen is, sal vervolgens bespreek word.

## 1.5 PARADIGMA

Pedagogiek of Opvoedkunde is 'n wetenskap wat 'n studie maak van die opvoeding as verskynsel in die leefwêreld. Dié wetenskap word onderverdeel in verskeie deeldisiplines as gevolg van die kompleksiteit van die werklikheid. Die deeldisiplines bekyk die opvoedingsverskynsel dus vanuit verskillende perspektiewe. Waar die Sosiopedagogiek 'n studie maak van die begeleiding van die kind ten opsigte van die sosiale, fokus die Psigopedagogiek weer op die psigiese lewe van die kind-in-opvoeding wat gekenmerk word deur 'n besondere beweging na volwassenheid en waartydens daar in dié bewegingsproses iets bereik word.

Die Sosiopedagogiek bestudeer die kind in bepaalde saamleefverhoudinge en -situasies, wat terselfdertyd opvoedingsverhoudinge en –situasies is, waar hy tot toereikende saamleef op alle vlakke opgevoed word, van interpersoonlike- tot intersaaklike saamleef (Pretorius, 1998:2). Sowel die sosiale lewe van die kind in opvoeding as sy totale sosiaal-maatskaplike situasie is dus in die Sosiopedagogiek ter sprake.

Die Psigopedagogiek aan die ander kant is daardie deeldisipline van die wetenskap wat die besondere dinamiek in 'n kind se psigiese lewe in terme van ervarings-, belewings-, wils-, ken-, en gedragswyses bestudeer, soos dit in die opvoedingssituasie voltrek word en ten doel het om optimale persoonlikheidsontwikkeling en selfaktualisering te bewerkstellig (Ferreira, 1994:27).

Die leerder wat hom in een van die internasionale privaatskole van Botswana bevind, gaan hom in bepaalde saamleefverhoudinge en –situasies bevind waarin hy opgevoed gaan word. Die opvoeding wat hy in die situasie waarin hy hom in Botswana bevind gaan ontvang, gaan sy volwassewording beïnvloed. Die kind gaan deur sy lewenswyses en aktualiseringswyses verder ontwikkel en leer ter bereiking van behoorlike volwassewording.

Met die bogenoemde in ag genome kan gesien word dat dié betrokke studie in 'n meerdere die terrein van die Sosiopedagogiek betree, maar tog ook die terrein van die Psigopedagogiek aanraak.

### 1.5.1 'N SOSIO-PEDAGOGIESE PERSPEKTIEF

Die sosiologie as wetenskap gaan van die standpunt af uit dat die samelewing uit drie komponente opgebou is naamlik die ekonomie, die familie en die skool. Elkeen van die drie komponente speel 'n baie belangrike rol om die samelewing as eenheid te laat funksioneer (Brown, 1991:14). Vanuit 'n sosiologiese perspektief word geglo dat kinders “gemanipuleer” kan word om in die samelewing waarin hy hom bevind se behoeftes te kan voorsien. Die persone wat die siening aanhang sien die onderwyser as tuinier wat plante in 'n tuin snoei om die tuin as geheel mooi te laat vertoon. Die probleem met die siening is dat die kind basies geen regte het nie en net kan doen wat die volwassenes, hetsy dit ouers of onderwysers is, hom toelaat (Brown, 1991:14).

Die begrip Sosiopedagogiek dui op die wetenskap wat 'n studie maak van die begeleiding van die kind ten opsigte van die sosiale. Die kind en die jeugdige word in bepaalde saamleefverhoudinge en –situasies opgevoed tot toereikende saamleef op alle vlakke, van interpersoonlike tot intersaaklike saamleef. Deur met opvoeders, leeftydgenote en andere te kommunikeer, verwerklik die kind sy sosiaal-kommunikatiewe moontlikheid en hy leer om toereikend met sy medemens te kommunikeer en om van die intiemste tot die saaklikste sosiale verhoudinge te hanteer. Sowel die sosiale lewe van die kind in opvoeding as sy totale sosiaal-maatskaplike situasie is dus in die Sosiopedagogiek ter sprake (Pretorius, 1998:2).

Die Sosiopedagogiek as deeldisipliene lê hoofsaaklik klem op twee wesenskenmerke van die mens naamlik dat :

- die mens 'n wese is wat opvoed, opgevoed word en op opvoeding aangewese is en
- die mens is 'n sosiale wese is wat nie kan bestaan sonder om aan 'n samelewing te behoort nie.

Vanuit 'n sosiopedagogiese perspektief is die opvoedingsdoel dié van gesosialiseerdheid of sosiaal-maatskaplike beweeglikheid, en die gebeure waardeur dit bereik word, is dié van sosialisering of sosiaal-maatskaplike beweeglikwording. Die toereikend gesosialiseerde persoon sal as volwassene (Pretorius, 1998:5):

- werklik sinvol kan deelneem aan die samelewing,
- beweeglik wees in die samelewing en
- veranderinge in die samelewing kan verwerk.

Dewey (1994:25) het die volgende stelling gemaak:

*“We have come to know that every individual lives, from one generation to the next, in some society, that he lives out a biography, and that he lives it out within some historical sequence. By the fact of his living he contributes, however minutely, to the shaping of this society and to the course of its history, even as he is made by society and by its historical push and shove.*

*Society can survive only if there exists among its members a sufficient degree of homogeneity; education perpetuates and reinforces this homogeneity by fixing in the child, from the beginning, the essential similarities that collective life demands. People are schooled to accept a society. They are educated to create or re-create one”.*

Sosisalisering is die proses van onderrig en leer, waar die gesin, die kultuur, die gemeenskap, en ander sosiale instellings kombineer om die “onderwyser” te word en al die lede van die gemeenskap die “leerders” word. In dié konteks is elke lid van die gemeenskap, ongeag sy kulturele agtergrond, onderwyser en leerder. Onderwyser wanneer hy 'n deel van bepaalde kultuur waardes en norme van sy spesifieke kultuur aan ander oordra; en leerder as hy deur ander kulture beïnvloed word (Schwartz, 1992:109)(Vergelyk 2.5.1).

Volgens Viljoen (1993:56) word opvoeding altyd in 'n sosiale milieu voltrek. Die begrip milieu dui op die sosiale kring, die omgewing waarin iemand tuishoort, verkeer of opgroeï, of die agtergrond. Vir die doel van die studie dui die sosiale milieu op die omgewing waarin die Afrikaanssprekende leerders hul in Botswana bevind.



In dié verband word daar deur Siraj-Blachford (1999:13) tussen drie milieus waarin die kind se opvoeding en sosialisering voltrek word, onderskei naamlik die:

#### □ **MAKRO-OPVOEDINGSMILIEU**

Dit sluit die sienings en verwagtinge van die gemeenskap, verskillende kultuurgroepe en die reëls en regulasies van die skool as maatskappy in. Leerders word tot 'n sekere mate gedwing, oorreed of selfs gemanipuleer om by die sienings en verwagtinge van die onderskeie groepe aan te pas.

Daar word twee sub-tipes van die Makro-opvoedingsmilieu onderskei naamlik :

- **Strukturele samewerking**

Hierdie siening is gebaseer op die veronderstelling dat die gemeenskap 'n struktuur of raamwerk is wat uit verskillende dele bestaan wat onderling verbind is. Elkeen van die dele byvoorbeeld die ekonomie, die gesin, skool ens. vervul 'n doel wat lei tot optimale funksionering binne die bepaalde groep. Die verskillende dele werk in harmonie saam tot bereiking van 'n gemeenskaplike doel.

- **Strukturele konflik**

Die siening gaan van die standpunt af uit dat daar altyd konflik tussen die verskillende groepe binne die makro-opvoedingsmilieu sal wees.

#### □ **MIKRO-OPVOEDINGSMILIEU**

By dié opvoedingsmilieu word daar van die standpunt af uitgegaan dat die individu die gemeenskap en sy omgewing help vorm, eerder as wat die gemeenskap die individu wil verander om aan te pas en in te skakel. Deur verskillende kulture saam te voeg kan hulle die gemeenskap waarin hulle hul bevind as't ware "verander" om hulle te akkommodeer.



## □ GEÏNTEGREERDE-OPVOEDINGSMILIEU

By dié bepaalde opvoedingsmilieu kan daar óf na die makro- of mikro-opvoedingsmilieu se kant toe geleun word. Daar word egter steeds geglo dat die gemeenskap uit verskillende dele bestaan wat onderling saamwerk. Daar word soms ook na die milieu as die “Janus-Milieu” verwys. Janus was die Romeinse god wat as bewaker van deure en hekke opgetree het. Die god het twee gesigte gehad wat in verskillende rigtings gekyk het. Die milieu integreer beide die sienings van die makro- en mikro-opvoedingsmilieu.

Opvoeding word derhalwe beskou in bepaalde sosiale situasies en teen 'n bepaalde maatskaplike agtergrond. Dit is daarom noodsaaklik dat onderwys heersende meningsvorming, maatskaplike behoeftes en ekonomies-politiese veranderinge en eise sal verdiskonteer. Sosiopedagogies beskou, kan die taak van die skool naas intellektuele vorming, ook as sosiale vorming vir die toekoms gekwalifiseer word. Indien die primêre taak van die skool as formeel-gestruktureerde en geselekteerde kultuuroordrag beskou word, behoort formele onderwys as die ware eie aard van 'n samelewing te reflekteer (Pretorius, 1998:107).

Volgens Giddens (1996:7) probeer Sosiopedagoë van oor die hele wêreld basies dieselfde drie vrae antwoord naamlik :

- Hoe behandel leerders mekaar en mekaar se verskille binne 'n bepaalde skoolomgewing ?
- Wat is leerders se verhoudings en sienings van mekaar ?
- Hoe beïnvloed dié verhoudings en sienings die skoolsituasie ?

Die onderwysomgewing van Botswana se privaatskole kan as multikultureel met uiteenlopende etniese, sosio-ekonomiese-, taal-, godsdiens- en kultuurgroepe beskryf word. Die Afrikaanssprekende leerders wat hulle in die skole bevind, moet aanpas om te kan leer en te kan te groei.

### **1.5.2 'N PSIGO-PEDAGOGIESE PERSPEKTIEF**

Die Psigopedagogiek as studieveld fokus op die psigiese lewe van die kind in opvoeding. Die vraag kan dadelik gevra word waarom opvoeding by die psigiese lewe van die kind betrek word. Die antwoord is daarin geleë dat 'n kind altyd 'n kind-in-opvoeding bly en dat sy ontwikkeling in die rigting van 'n behoorlike volwassene by uitstek 'n opvoedingsaangeleentheid is (Ferreira, 1994:28).

Ontwikkeling en leer is beide dinamiese gebeure wat onafskeidelik aan mekaar verbonde is, maar om wetenskaplike redes wel onderskeibaar is. Die een is die bestaansvoorwaarde vir die ander, derhalwe kan ons sê dat 'n kind ontwikkel namate hy leer en hy leer ooreenkomstig die feit dat hy ontwikkel. Die aktiewe deelname van die kind aan sy ontwikkeling en leer vestig die aandag dadelik op bepaalde wyses waardeur sy ontwikkeling en leer voltrek word. Hierdie voltrekkingswyses (lewens- en aktualiseringswyses) is ervaar, wil, belewe, ken en gedrag. Samevattend kan dus gesê word dat die Psigopedagogiek as wetenskap fokus op die psigiese lewe van die kind as ontwikkelende en lerende wese en alle psigiese verskynsels wat met sy ervaringe, belewinge, wils-, ken- en gedragslewe verband hou en sy persoonlikheidsontwikkeling en volwassewording beïnvloed (Ferreira, 1994:28-29).

Die leerder wat vanaf Suid-Afrika na Botswana verhuis se voltrekkingswyses kan baie deur so verskuiwing van skool en die bekende omgewing beïnvloed word. Hierdie leerders sal hulle nuwe omgewing op bepaalde wyses ervaar, deur belewing daaraan sin probeer gee, dit wil leer ken en gevolglik sal hierdie leefwyses 'n merkbare en betekenisvolle invloed op hulle gedrag hê (Ferreira, 1994:37).

Daar sal vervolgens 'n begripsverklaring van die belangrikste begrippe wat in die konteks van die studie na vore kom, weergegee word.

### **1.6 BEGRIPSVERKLARING**

Aangesien daar in die studie deurgaans na verskeie terme verwys gaan word, is dit belangrik om sodanige terme nader toe te lig ten einde enige onduidelikheid oor die gebruik daarvan in die lig van die betrokke studie, wat spesifiek oor Afrikaanssprekende leerders in Botswana handel, uit die weg te ruim. Alhoewel sommige van die terme voor die hand liggend klink, is dit belangrik om hulle vir die konteks van die spesifieke studie te omskryf.

### **1.6.1 PRIMÊRE SKOOLLEERDERS**

Seuns en dogters wat vanaf “*Reception*” (Graad 0) een van die primêre privaatskole van Botswana besoek. Die gemiddelde ouderdom van leerders in “*Reception*” (Graad 0) is vyf jaar. Leerders verlaat die primêre privaatskole aan einde van of Graad 6 of Graad 7 afhangende van die skool. Met die Graad 0 klasse ingereken, kan primêre leerders wat een van die primêre, privaatskole in Botswana besoek dus sewe of agt jaar aan die primêre skole verbonde wees. Die gemiddelde ouderdom van primêre leerders in Botswana se privaatskole strek vanaf vyf jaar tot ongeveer twaalf jaar.

### **1.6.2 SEKONDÊRE SKOOLLEERDERS**

Seuns en dogters wat vanaf “*Form 1*” (Graad 8) een van die sekondêre, privaatskole van Botswana besoek. Sommige privaatskole se “*Form 1*” is gelykstaande aan Suid-Afrika se standerd 5 (Graad 7). Dié skole se hoërskool opleiding is ses jaar in vergelyking met Suid-Afrika se vyf jaar van sekondêre skoolopleiding. Die gemiddelde ouderdom van sekondêre leerders in Botswana se privaatskole strek vanaf ongeveer twaalf/dertien jaar tot en met sewentien/agtien jaar.

### **1.6.3 INTERNASIONALE, MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE**

'n Skool wat in Botswana as 'n internasionale, multikulturele, privaatskool geregistreer is, moet aan sekere voorwaardes voldoen. Die voorwaardes word deur die Ministerie van Onderwys neergelê en is die laaste keer in 1999 hersien. Die neergelegde voorwaardes moet baie streng deur die betrokke skole nagevolg word (Sentrale Statistiekdiens van Botswana:1999:37)(Vergelyk 2.2.1).

Die begrippe internasionale en multikulturele dui daarop dat leerders en onderwysers van verskeie nasionaliteite en kulturele agtergronde die skole besoek. Privaat dui op die feit dat die skole geen finansiële hulp van die staat ontvang nie en dié skole deur 'n privaat persoon of groep persone besit word.

#### **1.6.4 INTERNASIONAAL ERKENDE KURRIKULUM**

'n Bepaalde internasionaal erkende studiekursus of leergang wat deur die privaatskole in Botswana gevolg word ten einde leerders optimaal voor te berei hetsy dit vir sekondêre- of tersiêre opleiding is. Die kurrikulums word wêreldwyd in al die internasionale skole gevolg alhoewel elke skool 'n keuse het ten opsigte van watter spesifieke kurrikulum gevolg word.

#### **1.6.5 SKOOLVERWISSELING**

Skoolwisseling of skoolverwisseling kan beskou word as die beweging van leerders van een skool na 'n ander gedurende hulle skoolloopbaan. Die beweging van een skool na 'n ander geskied gewoonlik as gevolg van die mobiliteit van die gesin (Viljoen, 1993:11). Vir die doel van die studie dui die begrip skoolwisseling op die beweging van leerders van 'n skool in Suid-Afrika met Afrikaans as medium van onderrig na 'n internasionale, privaatskool in Botswana met Engels as medium van onderrig.

#### **1.6.6 SKOOLWISSELAAR**

Skoolwisselaar verwys na die leerder wat tydens sy skoolloopbaan van skool verwissel. Vir die doel van die studie dui die begrip op leerders wat vanaf Suid-Afrika oor landsgrense na Botswana beweeg het. 'n Verskeidenheid redes kan hiervoor aangevoer word (Viljoen, 1993:11).


#### **1.6.7 MOBILITEIT**

Volgens Scheepers (1987:4) soos aangehaal deur Viljoen (1993:10) dui die begrip mobiliteit op beweging. Daar kan tussen sosiale- en fisies-ruimtelike mobiliteit onderskei word, maar vir die doel van dié studie sal daar slegs op fisies-ruimtelike mobiliteit gefokus word aangesien die klem in die studie val op leerders wat van een geografiese gebied na 'n ander verhuis – vanaf Suid-Afrika na Botswana.

Die verloop van die navorsing sal vervolgens uitgebeeld word.

## 1.7 VERLOOP VAN DIE NAVORSING


Die hoofstukindeling sal vir die doel van die studie soos volg daaruit sien :



## **1.8 SAMEVATTING**

In hierdie hoofstuk is die probleem van die navorsing gestel en die belangrikheid van die navorsing uiteengesit.

In hoofstuk 2 word daar vervolgens deur middel van 'n literatuurstudie bepaal hoe die sosiale- en kulturele aanpassings en aanpassings ten opsigte van die medium van onderrig, Afrikaanssprekende primêre sowel as sekondêre skoolleerders, in hulle nuwe onderwysomgewing in die multikulturele, privaatskole van Botswana beïnvloed.



## HOOFSTUK 2

### **AANPASSINGSPROBLEME WAT AFRIKAANSPREKENDE LEERDERS IN DIE INTERNASIONALE, MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA MAG ONDERVIND**

#### **2.1 INLEIDING**

Die tema wat in hierdie hoofstuk ter sprake kom, is aanpassingsprobleme wat Afrikaanssprekende leerders in die internasionale, multikulturele, privaatskole van Botswana mag ondervind. Daar sal hoofsaaklik op die sosiale- en kulturele aanpassingsprobleme en aanpassingsprobleme ten opsigte van die medium van onderrig gefokus word. Ter inleiding sal sekere konsepte met betrekking tot die studie verduidelik word waarna daar ook na die ontwikkelingsfases van primêre sowel as sekondêre leerders gekyk sal word.

Aangesien sosiale en kulturele aanpassing of aanvaarding en die sosiale- en psigiese ontwikkeling van die kind nie van mekaar geskei kan word nie en die een die ander veronderstel, word die sosiale ontwikkeling van die kind bespreek, aangesien sosialisering van die kind een van die skool se primêre take is. Die aandeel wat die skool by die sosiale ontwikkeling van leerders speel, sal bespreek word. Ter wille van volledigheid en omdat die skool as instelling nie geïsoleerd van die huisgesin of ander samelewingsverbande kan funksioneer nie, word die sosialiseringfunksie van die portuurgroep, kerk en media as samelewingsverbande ook later in die hoofstuk toegelig.

Daar word in die studie beide op die aanpassing van primêre sowel as sekondêre leerders gefokus en om die rede is daar in die literatuur gekyk na onder andere die sosiale- en psigiese ontwikkeling van beide dié groepe. Dit sluit fisiese-, kognitiewe-, affektiewe en sosiale ontwikkeling in. Daar is egter in gedagte gehou dat dié ontwikkeling, sowel as die ander eienskappe van kinders, universeel is en nie net op Botswana van toepassing is nie.

Daar is baie min bronne, wat spesifiek op die aanpassing van Afrikaanssprekende leerders in Botswana van toepassing is, beskikbaar. Om die rede het die ondersoeker ook van primêre bronne, wat die sienings van sy mede kollegas in ander privaatskole insluit, gebruik gemaak en hulle sienings geïnkorporeer in die studie. Daar is ook heelwat van die media, wat koerante, tydskrifte en selfs radioprogramme insluit, gebruik gemaak aangesien daar nou heelwat oor die groot getalle immigrante leerders in die skole geskryf word.

Daar word in dié hoofstuk na onder andere Santana, Simoneaux, Greer, Van Niekerk, Perry, Els, Carlile, Botha, Sears en Sisco verwys. Al hierdie persone is óf kollegas óf ouers met wie persoonlike onderhoude gevoer is om hulle mening



ten opsigte van die aanpassing van leerders in die privaatskole van Botswana te bekom. Daar is egter ook enkele nie-Afrikaanssprekende persone, maar dié is gemoeid met *E.S.L. (English as a Second Language)* en *E.F.L. (English as a Foreign Language)* programme en het 'n goeie kennis van die probleme waarmee leerders wat nie Engels as huistaal het nie, worstel.

## 2.2 KONSEPTUALISERING

Met betrekking tot die tema van die onderhawige studie val die klem op die volgende konsepte:

- Die konsep: Internasionale skole en Internasionale kurrikulums in Botswana
- Die konsep: Multikulturele onderwys
- Die konsep: Kultuur
- Die konsep: Milieu-gestremdheid in terme van kulturele andersoortigheid

### 2.2.1 DIE INTERNASIONALE ONDERWYSOMGEWING VAN DIE MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE IN BOTSWANA

Volgens die laaste formele, gepubliseerde sensusopname wat deur die Ministerie van Onderwys in 1999 geloods is, is daar tans 43 geregistreerde internasionale, privaatskole in Botswana. Sestien van hierdie skole is in die hoofstad, Gaborone geleë (Botswana Ministerie van Onderwys, 1999). Die meeste van dié skole handhaaf 'n onderwyser/leerder-verhouding van 1:16, wat daarop dui dat die leerders relatief goeie individuele aandag geniet. Weens die lae onderwyser/leerder-verhouding wat dié skole handhaaf, kan leerders baie meer intensiewe en individuele aandag kry, wat tot voordeel van hulle akademiese prestasies kan wees, maar ook weer tot ander probleme kan lei (Sentrale Statistiek Diens van Botswana, 1999). Later in die studie sal daar meer aandag aan moontlike probleme wat kleiner klasse vir nuwe leerders kan inhou, gegee word (Vergelyk 3.2.3).

Vir 'n skool om as 'n privaatskool te registreer moet daar aan sekere voorwaardes, soos neergelê deur die Ministerie van Onderwys, voldoen word. Van die voorwaardes sluit onder andere in :

- Geen onderwyser, wat 'n gebore Botswana-burger is, mag aangestel word nie tensy dit vir die onderrig van Setswana as vak is of spesiale toestemming verkry word.
- Die Ministerie van Onderwys het die reg om personeel as onderwysers in Botswana te registreer of die aansoek van die hand te wys.
- Geen persoon sonder die nodige residensiële- en werkspermitte mag aangestel word nie. Sou die skool dié reël oortree, kan die skool 'n boete opgelê word of selfs gesluit word.
- Alle ondersteuningspersoneel wat tuiniers, skoonmakers, administratiewe personeel en klaskamerassistente insluit, kan almal gebore Botswana-burgers wees. Indien nie almal nie, moet ten minste 70% van dié ondersteuningspersoneel Botswana-burgers wees.
- Enige leerder, ongeag nasionaliteit, mag die skole besoek insluitende Botswana burgers. In die meeste gevalle is meer as 60% van die leerders van verskillende nasionaliteite van oor die hele wêreld afkomstig.
- Skole mag toelatingstoetse aan voornemende leerders voorhou, wat ook skoolgereedheidstoetse kan insluit. Die toetse, vir leerders wat van ander skole afkomstig is, is meer daarop gerig om te bepaal watter konsepte ten opsigte van sekere vakgebiede reeds bemeester is, en waar moontlike leemtes is. Die vakgebiede wat deur die meeste skole getoets word, is slegs Engels as eerste taal en Wiskunde. Sou 'n leerder nie aan 'n skool se bepaalde akademiese standaard voldoen nie, kan hy egter toelating geweier word.
- Die hoofmedium van onderwys moet Engels wees, maar ander tale mag as vak aangebied word.

- Die Ministerie van Onderwys behou die reg voor om gereelde inspeksies te doen ten einde te verseker dat die skole aan al die vereistes voldoen.

Volgens die laaste formele opname ten opsigte van die herkoms van die onderwysers wat in die internasionale, privaatskole van Botswana skoolhou, was daar slegs 14 afkomstig uit Suid-Afrika (Sentrale Statistiek Diens van Botswana, 1999:43). Die getal het sedert 1999 aansienlik toegeneem en die ondersoeker het self van die grootste, privaat, primêre en sekondêre skole gekontak om vas te stel hoeveel Afrikaanssprekende personeel hulle het. Die gemiddelde getal is tot so hoog as 15 personeellede per skool wat Afrikaans as moedertaal het. Dit bevestig dat daar nie bloot meer Afrikaanssprekende leerders die skole begin besoek nie, maar dat daar ook 'n al groter getal Afrikaanssprekende onderwysers in die skole aangestel word. Soos reeds in Hoofstuk 1 genoem, is die groeiende getal Afrikaanssprekende leerders wat in Botswana skoolgaan een van die oorwegende redes vir ouers om hulle kinders eerder in Botswana, as in Suid-Afrika, in 'n skool te plaas. Met die groeiende getal Afrikaanssprekende onderwysers in die privaatskole van Botswana, voel talle ouers hulle kinders behoort makliker met die hulp van die Afrikaanssprekende onderwysers aan te pas (Santana, 2000). Die onderwysers kan vreemde terminologieë aan leerders in Afrikaans verduidelik totdat die leerders meer vertrouwd met Engels as onderrigtaal is.

Daar sal vervolgens meer agtergrond gegee word ten opsigte van die ontwerp van internasionaal erkende kurrikulums wat in die internasionale, privaatskole van Botswana gevolg word. Die kurrikulums word nie slegs in die internasionale, privaatskole van Botswana gevolg nie, maar ook in ander internasionale skole die wêreld oor. Leerders kan dus by enige internasionale skool enige plek in die wêreld wat dieselfde kurrikulum volg, hulle studies voortsit as hulle Botswana verlaat.

#### **2.2.1.1 DIE ONTWERP VAN 'N INTERNASIONALE KURRIKULUM VIR DIE INTERNASIONALE, MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA**

Die meeste internasionale, multikulturele, privaatskole die wêreld oor, en so ook die in Botswana, se hoofdoel is om hulle leerders voor te berei vir die multikulturele samelewing waarin hulle eendag sal moet funksioneer. Baie van die leerders sal na voltooiing van hulle skoolopleiding, of in baie gevalle gedurende hulle skoolopleiding, terugkeer na hulle lande van herkoms. Hulle moet dus aan internasionale standaarde blootgestel word, sodat hulle in enige ander internasionale skool sal kan aanpas (Vergelyk 2.2.1.3).

By die ontwerp van 'n kurrikulum wat internasionaal erken sal word, hetsy dit "Checkpoint", "Letter Land", "A-Beka", "Primary Years Programme" (P.Y.P.) Cambridge "O" vlak of "A" vlak (IGCSE en HIGCSE), of die Internasionale Baccalaureate (I.B.) is, is daar drie beginsels wat voortdurend in gedagte gehou moet word en deur die jare nie verander het nie, naamlik (Belle-Isle, 1988:9) :

#### □ GLOBALITEIT

Die internasionale skole is gemoeid met 'n situasie waar leerders van oor die hele wêreld in een klaskamer saamgegroepeer is. By die ontwerp van 'n kurrikulum moet daar dus baie aandag gegee word aan dié feite en die inhoud moet van só aard wees dat geen leerder ten opsigte van kulturele agtergrond of nasionaliteit benadeel sal word of te na gekom sal voel nie.

#### □ KOMMUNIKASIE

Een van die basiese behoeftes van enige kind is om homself te kan uitdruk sodat ander hom sal verstaan. Die internasionale kurrikulum wat in die privaatskole van Botswana gebruik word, ag kommunikasie baie belangrik en gaan van die standpunt af uit dat mondelinge en skriftelike werk die basiese beginsel is waarom effektiewe onderrig en leer draai.

Die internasionale, privaatskole van Botswana handhaaf 'n streng beleid ten opsigte van taalgebruik. Slegs Engels as voer- en kommunikasietaal mag gebruik word.

Daar is verskeie redes hiervoor (Renaud, 1991:9) :

- In die onmiddellike omgewing van die skool dra dit by tot 'n effektiewe leer- en onderrigomgewing.
- Daardeur sal gepoog word om die sosiale aanpassing van die leerders te verseker wat almal in dieselfde taal kommunikeer.
- Aanpassing vir die meeste leerders ten opsigte van sosiale- sowel as kulturele aanpassing sal makliker wees as almal dieselfde taal praat.

## □ MULTIKULTURELE BEWUSTHEID

Die leerders moet van die begin af gelei word om mekaar te verstaan en te aanvaar. Daar moet gepoog word dat die verskillende kulture mekaar eerder aanvul en verryk, as op mekaar neersien.

Met hierdie drie beginsels as agtergrond word dié kurrikulums gebruik wat tot alle leerders se effektiewe onderrig en leer sal lei.

Om die hele probleem ten opsigte van die aanpassing van Afrikaanssprekende leerders in Botswana se privaatskole beter te verstaan, is dit vir die doel van die studie belangrik om die inhoud en aard van die internasionale kurrikulums wat gevolg word, beter te verstaan. Daar sal voorts aan die onderverdeling van dié kurrikulums aandag gegee word.

### 2.2.1.2 DIE ONDERVERDELING VAN KURRIKULUMS

Die primêre privaatskole in Botswana volg beide Britse en Amerikaanse kurrikulums om hulle leerders voor te berei vir hulle sekondêre opleiding. Drie baie gewilde kurrikulums wat in die primêre privaatskole gevolg word is “*Check Point*”, die sogenaamde “*Primary Years Programme*” (*P.Y.P.*) en “*A-Beka*”. Nog ’n baie gewilde kurrikulum wat in die laer, primêre skoolfase (Graad 0-3) gevolg word, is “*Letter Land*”. Dié spesifieke kurrikulum leer kinders aan die hand van assosiasie, stories en gediggies lees en skryf. In teenstelling met “*Letter Land*”, wat van Britse herkoms is en wat van assosiasie gebruik maak, gebruik die “*A-Beka*” kurrikulum, wat van Amerikaanse herkoms is, fonetiek om leerders te leer lees en skryf. Aan die einde van Graad 7 kan leerders die “*P.S.L.E.*” (*Primary School Leaving Examination*) skryf. Die eksamen besorg aan leerders ’n Primêre Skoolsertifikaat, wat hulle nodig het, sou hulle moontlik tydens hulle sekondêre skoolopleiding een van die sekondêre staatskole wil besoek. Aangesien daar ook heelwat leerders in die internasionale, privaatskole van Botswana is, wat Botswana burgers is, skryf heelwat leerders wel die eksamen. Botswana burgers is ook verplig om Setswana as vak tydens die eksamen te skryf, terwyl leerders van ander nasionaliteite, dit vrywillig kan doen. Sou ’n leerder eendag na ’n Sekondêre staatskool wil terugkeer, sal hy baie moeilik toelating bekom sonder die “*P.S.L.E.*” sertifikaat.

Nog ’n kurrikulum, “*Check Point*” is daarop gemik om leerders spesifiek voor te berei vir die *Cambridge* “*O*” en “*A*” vlak eksamens terwyl “*P.Y.P.*” meer daarop gemik is om leerders voor te berei vir die “*International Baccalaureate*” (*I.B.*) eksamen aan die einde van “*Form 6*” (Graad 12). “*A-Beka*” is ’n Amerikaanse Christelike kurrikulum wat vanaf kleuterskool (*K3*) tot en met “*Form 6*” (Graad 12) gevolg kan word. Die kurrikulum maak ook voorsiening daarvoor dat ’n ouer ’n

kind ook tuis kan onderrig. “A-Beka” is ook nou verbonde aan die “PACE” kurrikulum wat deur die “School of Tomorrow” versprei word (Vergelyk 1.2). Leerders wat een van die drie kurrikulums, “Check Point”, “P.Y.P.” of “A-Beka”, wat voortbou in die sekondêre skole, reeds in die primêre privaatskole in Botswana gevolg het, pas gewoonlik baie makliker in die sekondêre skole aan. Die sekondêre privaatskole in Botswana volg meestal of die *Cambridge* kurrikulum, wat die “O” en “A” vlak eksamens insluit, die “*International Baccalaureate*” (*I.B.*) kurrikulum wat die wydste erken word of die plaaslike aangepaste Botswana *Cambridge* kurrikulum bekend as die “*BGCSE*” (*Botswana General Certificate of Secondary Education*) kurrikulum. Laasgenoemde word al hoe minder by privaat, sekondêre skole aangebied aangesien die leerinhoud van veral die Sosiale Wetenskappe baie streeksgebonde is. Leerders sal ook nie maklik toelating tot ander Universiteite buiten die Botswana Universiteit, met die betrokke sertifikaat bekom nie.

Vir die *Cambridge* “O” en “A” vlak sertifikate bekend as onderskeidelik die “*IGCSE*” (*International General Certificate of Secondary Education*) en “*HIGCSE*” (*Higher International General Certificate of Secondary Education*) word sillabusse direk vanaf Cambridge in Brittanje bestel. Slegs 32 privaatskole in Suid-Afrika volg huidiglik die *Cambridge* kurrikulum (University of Cambridge, 2004)(Vergelyk Bylaag A). Die “*HIGCSE*” sertifikaat is spesiaal ontwerp vir leerders in Afrika en alhoewel dit in teenstelling met die tradisionele “A” vlak eksamen slegs oor een jaar strek, is dit gelykstaande aan die Suid-Afrikaanse matriek. Leerders met dié sertifikaat kan by enige Suid-Afrikaanse Universiteit vir toelating aansoek doen (University of Cambridge, 2003)(Vergelyk Bylaag B). Daar is slegs een sekondêre, privaatskool in Botswana wat steeds die tradisionele twee jaar “A” vlak sertifikaat aanbied. Dié bogenoemde sillabusse is by verre die gewildste in Botswana se privaat, sekondêre skole. Die aangepaste, plaaslike weergawe van die *Cambridge* sillabusse, bekend as die “*BGCSE*” (*Botswana General Certificate of Secondary Education*), bevat 90% dieselfde leerinhoud maar is aangepas om meer op Botswana van toepassing te wees. Die “*BGCSE*” eksamen is baie dieselfde formaat as die Suid-Afrikaanse matriek-eksamen en gee aan die leerders ’n Botswana Sekondêre Skoolsertifikaat. Die groot verskil tussen dié eksamen en die Suid-Afrikaanse matriek-eksamen is daarin geleë dat die leerders ’n minimum van agt vakke moet neem in teenstelling met die ses wat vir die Suid-Afrikaanse eksamen geneem moet word. Soos wat ook die geval in Suid-Afrika is, kan leerders egter vir meer vakke registreer. Al die staatskole is egter verplig om die “*BGCSE*” eksamen te skryf maar behaal ’n baie laer slaagsyfer as wat die geval is by die privaatskole (Sentrale Statistiekdiens van Botswana, 1999:59). Leerders in die privaat, sekondêre skole het dan ook die opsie om die oorspronklike *Cambridge* kurrikulum te volg en dan steeds die “*BGCSE*” eksamen te skryf of selfs albei. Die “*IGCSE*” eksamens kan of in Junie of in November geskryf word terwyl die “*HIGCSE*” en “*BGCSE*” eksamen tans slegs in November geskryf kan word.

Die *I.B.O. (International Baccalaureate Organization)*, vroeër bekend as die *I.S.E.S. (International Schools Examination Syndicate)*, werk 'n gemeenskaplike kurrikulum vir alle internasionale primêre sowel as sekondêre skole, insluitende dié in Botswana uit, bekend as die *I.B.* kurrikulum. Dié kurrikulum kan in drie dele verdeel word naamlik die "*Primary Years Programme (P.Y.P.)*", die "*Middle Years Programme (M.Y.P.)*" en die "*Diploma Programme*". Die "*Primary Years Programme (P.Y.P.)*" strek vanaf Graad 0-7, dan volg die "*Middle Years Programme (M.Y.P.)*" wat strek vanaf Graad 8-10 ("*Form 1*" tot "*Form 3*") waarna die "*Diploma Programme*" in die laaste twee skooljare ("*Form 4*" en "*Form 5*") gevolg word. Baie min skole volg egter die "*Middle Years Programme (M.Y.P.)*". Meeste sekondêre skole neig eerder om die *Cambridge "O"* vlak eksamens aan te bied waarna die leerders meestal baie suksesvol die "*Diploma Programme*" kan aanpak, wat 'n hoër standaard as die *Cambridge "HIGCSE"* sertifikaat is (I.B.O., 2001:2).

Die kurrikulum is baie meer intens as die *Cambridge* kurrikulum en 'n leerder moet in die "*Diploma Programme*" ses vakke sowel as drie ander projekte slaag ten einde die finale kursus te slaag. Leerders ontvang dan ook aan die einde van die kursus 'n senior diploma, waar die *Cambridge* eksamen slegs 'n sertifikaat aan die leerders gee. Die diploma word internasionaal by feitlik al die groot universiteite erken. Talle Europese en Amerikaanse Universiteite ag die "*I.B.*" diploma gelykstaande aan 'n eerstejaars Universiteit kursus. Weens die geweldige omvang en vereistes wat aan skole en personeel gestel word wat wel dié kurrikulum volg, is daar in Suid-Afrika slegs een skool, *The International School of Johannesburg*, wat die betrokke kurrikulum volg (Smith, 2002).

Botswana se privaatskole, en so ook al die ander internasionale privaatskole in Afrika, val onder 'n organisasie bekend as *A.I.S.A. (Association of International Schools in Africa)*. Die doel van *A.I.S.A.* is om 'n toe te sien dat al die kurrikulums wat gevolg word, wel die leerders wat die internasionale skole besoek, 'n gelyke geleentheid tot toelating tot 'n internasionaal erkende tersiêre instelling sal gee (Renaud, 1991:7).

Al die internasionaal erkende kurrikulums wat in Botswana gevolg word het drie belangrike, gemeenskaplike eienskappe, naamlik dat (Renaud, 1991:15) :

- Elke leerder se unieke persoonlikheid die belangrikste deel van die kurrikulum bly en daarom moet dit heeltyd die sentrale punt vorm waarom alle onderrig en leer plaasvind.
- Die konsep "*Global Education*" moet voortdurend in gedagte gehou word. Die leerders word opgevoed om in 'n internasionale, multikulturele samelewing optimaal te funksioneer.



- Al die komponente van die verskillende vakgebiede moet 'n onderlinge interaksie hê.

Soos reeds genoem, is dit vir ouers wat bang is dat hulle kinders moontlik nie sal aanpas nie, sowel as vir die leerders self, soms baie gerusstellend om die hele opset van die internasionale kurrikulums, wat veral in die sekondêre skole gevolg word, beter te verstaan en verder ook te verstaan hoe dit met Suid-Afrikaanse standaarde vergelyk.

Die onderstaande tabel dui duidelik aan hoeveel punte toegeken word vir simbole wat in die onderskeie kurrikulums behaal word. Daar word voorts ook aangedui hoe 'n leerder wat byvoorbeeld sy matriek in Suid-Afrika geskryf het se finale gemiddeld volgens die standaarde van die internasionale kurrikulums bereken sal word, sou hy aansoek doen om by 'n Universiteit buite Suid-Afrika se landsgrense te studeer (Mmegi, 2002:36, Voice, 2004:17)(Vergelyk Bylaag C) :

<b>Punte</b>	<b>I.B.</b>	<b>A-vlak</b>	<b>HIGCSE</b>	<b>IGCSE</b>	<b>BGCSE</b>	<b>Matriek HG</b>	<b>Matriek SG</b>
12	A	A					
11	B	B					
10	C	C	A			A	
9	D	D	B			B	
8			C	A	A	C	A
7			D	B	B	D	B
6			E	C	C	E	C
5				D	D		D
4				E	E		E
1				F	F	F	F

Volgens die tabel wat in 'n plaaslike Botswana-koerant verskyn het, is die simbole van die huidige matriek-eksamen se Hoër Graad vakke parallel aan die "HIGCSE" (*Higher International General Certificate of Secondary Education*) se simbole. Die Standaard Graad vakke ontvang weer dieselfde puntetoekenning as die plaaslike matrieksertifikaat, die "BGCSE" (*Botswana General Certificate of Secondary Education*) sertifikaat en die "IGCSE" (*International General Certificate of Secondary Education*). Soos reeds vroeër genoem, kan 'n leerder met of 'n "BGCSE" sertifikaat of "IGCSE" sertifikaat toelating tot die Universiteit van Botswana bekom.

Weens die feit dat die berekening van 'n leerder se finale gemiddeld in internasionale skole van Botswana, sowel as ander internasionale skole in die wêreld, verskil van die metode wat in Suid-Afrika gebruik word, sal daar voorts na twee praktiese voorbeelde gekyk word (Mmegi, 2002:35) :



- 1 : 'n Leerder wat die “*I.B.*” of “*A*”-vlak *Cambridge* eksamen skryf, se finale persentasie sal soos volg bereken word :

'n Maksimum van 12 punte kan per vak toegeken word vir 'n maksimum van 5 vakke. Die maksimum punte wat dus behaal kan word is  $12 \times 5 = 60$ . Sou 'n leerder in die geval van die “*A*”-vlak eksamen minder vakke neem sou die berekening net aangepas kan word. By die “*I.B.*” kurrikulum word slegs dié punte wat aan die hoogste 5 simbole toegeken word in berekening van die finale gemiddeld gebring, wat vir toelating tot tersiêre opleiding gebruik sal word. Die minimum punt vir toelating tot 'n tersiêre instelling is 40.

Byvoorbeeld :

Engels	D	9
Wiskunde	E	8
Aardrykskunde	F	1
Geskiedenis	B	11
Rekenaarwetenskap	A	12
Biologie	B	11
<b>Totaal</b>		<b>51/60</b>

Die leerder se finale persentasie sou dus 85% wees. Die maksimum punte wat per vak toegeken kan word is 12, wat in die geval by Rekenaarstudie die geval was. In dié geval is die punt vir Aardrykskunde buite berekening gelaat.

- 2 : 'n Leerder wat die “*IGCSE*” *Cambridge* of “*BGCSE*” eksamen skryf se finale persentasie sal soos volg bereken word :

'n Maksimum van 8 punte kan per vak toegeken word vir 'n maksimum van 6 vakke. Die maksimum punte wat dus behaal kan word is  $8 \times 6 = 48$ .

Byvoorbeeld :

Engels	D	5
Wiskunde	E	4
Aardrykskunde	F	1
Geskiedenis	B	7
Rekenaarwetenskap	A	8
Biologie	B	7
Tegniese Tekeninge	E	4
Rekeningkunde	C	6
<hr/>		
<b>Totaal</b>		<b>41/48</b>

Dié leerder sou dus 85,4% as 'n finale persentasie hê.  
In dié betrokke geval is die punte vir Aardrykskunde en Wiskunde buite berekening gelaat.


Daar sal vervolgens meer aandag aan "*Check Pont*", wat die basis van die *Cambridge* kurrikulum vorm en "*P.Y.P.*" wat die basis van die "*I.B.*" kurrikulum vorm gegee word. Die primêre fase se kurrikulums naamlik "*Check Pont*" en "*P.Y.P.*" se vakkeuses word in ses hoofgroepe ingedeel, wat elk verskillende vakdissiplines bevat (Blackburn, 1991:17).

In die primêre fase is die ses groepe wat onderskei word :

- tale,
- sosiale wetenskappe,
- wiskunde,
- die kunste,
- natuur wetenskappe en
- persoons-, sosiale- en liggaamlike opvoeding.

In die primêre fase word nuwe konsepte en vaardighede voortdurend aan die leerders oorgedra. Hulle houding teenoor sekere vakke kan moontlik hulle sukses in die betrokke vakke bepaal. Afrikaanssprekende leerders se houding teenoor Engels as vak wat op eerste taalvlak aangebied word, moet redelik positief wees aangesien al die ander vakke se sukses tot 'n groot mate van hulle bevoegdheid in Engels sal afhang.

Skematies sou die kurrikulum wat in die primêre, privaatskole aangebied word dus soos volg daaruit kon sien :



Alhoewel daar ses groepe is, staan hulle nie heeltemal afsonderlik teenoor mekaar nie en gaan die een groep noodgedwonge die ander groep beïnvloed.

Vir die Cambridge "O" vlak eksamens, wat meestal aan die einde van "Form 4" (Graad 10) geskryf word, moet 7 vakke geslaag word, alhoewel slegs ses by die berekening van die finale punt gebruik word en vir "I.B". eksamens aan die einde van "Form 6" (Graad 12) moet ses vakke geslaag word. Vir die Cambridge "A" vlak eksamens moet 'n leerder 'n minimum van drie vakke volg ten einde die

kursus te slaag. Die *Cambridge* “A” vlak eksamen word net soos die “I.B.” eksamen aan die einde van “Form 6” (Graad 12) geskryf.

Die groepeerdeling is op die “I.B.” kurrikulum gegrond en baie skole gebruik die indeling ook op ’n aangepaste wyse by die keuse van vakke vir die *Cambridge* “O” en “A” vlak eksamens (Vergelyk Bylaag D en E). Die hoofrede hiervoor is dat die “I.B.” diploma kursus eers na afloop van die “O” vlak *Cambridge* eksamens geneem kan word en leerders ’n agtergrond in vakke moet hê wat hulle tydens die “I.B.” diploma kursus of op *Cambridge* “A” vlak kursus wil neem.

Soos reeds genoem, loop die “I.B.” program dus parallel met die “A” vlak eksamens en ’n leerder moet besluit watter eksamen hy gaan skryf.

Hier volg ’n uiteensetting van die verskillende groepeerdelings, met hulle onderskeie vakke, soos uitgesit ter vervulling van die vereistes vir die “I.B.” diploma (Vergelyk Bylaag F).

#### □ GROEP 1

Dié groep bevat slegs Engels vir die doel van die privaatskole in Botswana. Engels word dan ook as eerste taal onderrig en sluit taal- sowel as literatuurstudie in. Enige ander eerste taal kan egter geneem word indien personeel beskikbaar is en daar genoeg leerders is wat die aanbod van die taal regverdig.

#### □ GROEP 2

Baie skole plaas Groep 1 en Groep 2 saam as een groep. Groep 2 bestaan uit tale wat op tweede taalvlak aangebied word. In Botswana is die twee gewildste tweede tale wat onderrig word Frans en Setswana alhoewel daar ’n verskeidenheid ander tale, wat selfs Afrikaans insluit, beskikbaar is. Tot op hede is daar egter slegs twee skole wat Afrikaans as formele vak aanbied.

#### □ GROEP 3

Hierdie groep staan bekend as die Sosiale Wetenskappe. In die vakke word ’n studie van die mens in sy omgewing gemaak en sluit vakke soos Geskiedenis, Aardrykskunde, Ekonomie, Sielkunde, Filosofie en Rekeningkunde in.

□ **GROEP 4**

Hierdie groep staan bekend as die Eksperimentele Wetenskappe en sluit vakke soos Biologie, Chemie, Toegepaste Chemie, Fisika en Omgewingsleer in.

□ **GROEP 5**

Hierdie groep bestaan uit Wiskunde, Wiskundige Metodes en Wiskundige Studies. Die verskil is in die moeilikheidsgraad geleë.

□ **GROEP 6**

Hier kan 'n keuse gemaak word uit vakke soos Kuns, Tegnieuse Tekeninge, Musiek, Latyn, Rekenaarstudie of 'n ander klassieke taal soos Grieks of 'n ander vak wat deur die *I.B.O* goedgekeur word.


By die "*I.B.*" kurrikulum moet leerders een vak uit elke groep neem terwyl leerders wat die *Cambridge* kurrikulum volg, meer vakke in 'n spesifieke groep kan neem met die uitsondering van Groep 1.

Vir die doel van die "*I.B.*" diploma word elke vak op 'n skaal van een tot sewe beoordeel en 'n leerder moet 'n totaal van ten minste 24 punte verwerf om sy sekondêre "*I.B.*" diploma te behaal. Die *Cambridge* kurrikulum ken simbole toe. Beide kurrikulums maak ook voorsiening vir leerders om vakke op 'n standaard (*Core*) of gevorderde vlak (*Extended*) te neem. Vir 'n leerder om die "*I.B.*" diploma aan die einde van "*Form 6*" (Graad 12) te bekom, moet 'n leerder egter 'n minimum van 3 vakke op standaard en 3 vakke op gevorderde vlak neem.

By die sekondêre kurrikulums word 'n navorsingsprojek in vakke vereis, leerders moet 'n goeie teoretiese agtergrond hê en kreatief leer dink. By die "*I.B.*" kurrikulum word ook 'n finale navorsingsprojek, bekend as die "*Extended Essay*" (*E<sup>2</sup>*) van leerders vereis. By die projek moet leerders 'n probleem identifiseer, navorsing doen en moontlike oplossings voorlê. Leerders kan die navorsingsprojek in enige vakdissipline aanpak en dit hoef nie noodwendig in 'n vak te wees wat deel van hulle skool se vakpakket vorm nie. By al die sekondêre kurrikulums word daar van leerders verwag om deel te neem aan bepaalde gemeenskapsaktiwiteite sowel as fisiese aktiwiteite. Gemeenskapsaktiwiteite gaan gewoonlik met hulpverlening gepaard hetsy dit in die skool of buite in die gemeenskap is. Met die fisiese aktiwiteite word bedoel sport. Meeste

privaatskole handhaaf 'n baie hoë standaard van sportbeoefening en 'n groot verskeidenheid aktiwiteite word gewoonlik aangebied.

Skematies sou die vakgroepe, soos aangepas vanuit die oorspronklike "I.B. " groepsindelings, wat in die sekondêre, privaatskole van Botswana gebruik word, soos volg uitgebeeld kon word :



Daar sal vervolgens gekyk word na die hoofdoel vir die aanbieding van 'n internasionaal erkende kurrikulum in die privaatskole van Botswana.

### 2.2.1.3 DIE HOOFDOEL VAN 'N INTERNASIONALE KURRIKULUM WAT IN BOTSWANA GEVOLG WORD

Meeste privaatskole in Botswana behoort aan 'n organisasie bekend as *C.H.O.P.S. (Corporate Heads of Private Schools)*. Die hoofrede hoekom die organisasie op die been gebring is, is sodat hoofde op 'n gereelde basis kan vergader en onder andere kurrikulums bespreek. Die hoofdoel van 'n gemeenskaplike internasionale kurrikulum, hetsy dit die *“Check Point – Cambridge”* of die *“P.Y.P. – I.B.”* kurrikulum is, is om skole te help om hulle ondervinding, probleme en sienings aangaande leerders en leerinhoude te vergelyk en idees uit te ruil ten einde leerders beter voor te berei vir tersiêre opleiding.

Aangesien die jeugdige hom so sterk met sy groep identifiseer, kan die portuurgroep 'n groot bydrae lewer tot die identiteitsverwerwing van sy individuele lede. Identiteitsverwerwing geskied by die kind deur identifikasie met ander (Engelbrecht, Kok & van Biljon, 1989:219).

Daar kan nooit van die feit af wegbeweeg word dat die portuurgroep 'n deurslaggewende invloed op die lewe van die kind kan uitoefen. Dit is dus noodsaaklik dat die portuurgroep, die skool en die gesin op mekaar afgestem moet wees (Sokan, 1996:13).

Daar sal vervolgens na die aandeel van die kerk in die sosialisering van die Afrikaanssprekende leerders uit Suid-Afrika gekyk word.

### **2.5.4 DIE AANDEEL VAN DIE KERK IN DIE SOSIALISERING VAN DIE AFRIKAANSSPREKENDE LEERDER IN BOTSWANA**

Die “*Dutch Reformed Church*” van Botswana was vir 'n lang ruk die enigste kerk in Botswana wat 'n Afrikaanse wyk en kerkdiens gehad het. Die spesifieke kerk word nie as 'n Afrikaanse kerk beskou nie omdat daar ook in ander tale gepreek word. Die kerk hou drie dienste direk na mekaar elke Sondag, een in Afrikaans, een in Engels en een in Setswana. Die kerk het tot in met Julie 2001 twee voltydse Afrikaanssprekende predikante gehad en het 'n lidmaattal van ongeveer 500 lidmate gehad. Aangesien die Afrikaanssprekende leerders hier Sondagskool in Afrikaans kon ontvang, was dié betrokke kerk die enigste instelling in Botswana waar dié leerders onderrig in hulle moedertaal, Afrikaans, kon ontvang (Homan, 2000). Aan die einde van Julie 2001 het daar 'n groot skeuring in die “*Dutch Reformed Church*” gekom en is die Afrikaanse wyk ingelig dat daar nie meer 'n erediens in Afrikaans gehou sal kan word nie. Die een predikant se kontrak is beëindig en die Afrikaanse wyk moes 'n ander heenkome



soek. Die tweede predikant word deur die Ring van die N.G. Kerk van die Noord-Kaap betaal en hy kon dus nie sy pos verloor nie. Talle lidmate is uit woede en frustrasie oor na 'n Hervormde Kerk wat in die tussen tyd op die been gekom het. Die betrokke kerk het egter tot op hede geen Sondagskool nie. Dié kerk het egter nie 'n gebou nie en huur 'n saal in een van Gaborone se hotelle. Daar was egter 'n paar lidmate wat bly vasbyt het om die N.G. Kerk aan die gang te probeer hou. 'n Klein kerkie word tans aan die buitewyke van Gaborone gehuur maar die lidmaattal het van oor die 500 na slegs ongeveer 50 gedaal.

Die Sondagskool, waar leerders in Afrikaans van die Bybel kon leer, is ook feitlik iets van die verlede. Daar is basies slegs een klassie oor waar al die leerders saam Sondagskool het. Daar is egter slegs ongeveer tien primêre leerders tussen die ouderdomme van 4-10 jaar oud oor. Die skeuring in die kerk het egter ook bepaalde uitwerkings op veral nuwe Afrikaanssprekende leerders gehad aangesien daar tans geen Sondagskool is nie. Dit kan verder bydrae tot bepaalde aanpassingsprobleme aangesien daar nou geen plek is waar leerders formeel in Afrikaans kan leer nie.

Die kerk is op talle maniere gemoed met opvoeding. Nie alleen beïnvloed dit die kind direk deur middel van Sondagskool, Bybelstudieklas, kerklike jeugverenigings asook semi-kerklike welsyn- en ontspanningsverenigings nie, maar dit het ook 'n indirekte invloed op die opvoeding deur die uitwerking van die prediking op die opvoeder en die aandeel wat die kerk aan die vorming van die buurtmoraal en openbare mening het. Die kind leer dus op 'n ander vlak om met mense om te gaan. Omdat die kerklike lewe hoofsaaklik die vorming van 'n gesonde karakter ten doel het, het dit 'n groot invloed op die kind se sosiale verhoudinge (Van der Westhuizen, 1989:108).

Wanneer die adolessensie jare aanbreek, begin die kind toenemend in abstrakte terme oor sedelikheid en godsdiens redeneer. Dit geskied veral as hy bedags by die skool daarmee gekonfronteer word aangesien talle van die leerders in privaatskole van Botswana aan ander gelowe behoort. Hy begin 'n beter begrip van die historiese tydsverloop kry en snap die betekenis en konteks van historiese gebeurtenisse beter. Die meer kritiese instelling van die adolessent teenoor homself en teenoor ander laat hom dikwels teleurgesteld voel oor homself, die gemeenskap en ook oor sy bepaalde godsdiens. Hy ondervind soms skuldgevoelens en sy emosionaliteit kan sy sedelike oordeel en opvattinge oor godsdiens nadelig beïnvloed (Engelbrecht, Kok & van Biljon, 1989:171). Ouers van leerders wat na Botswana verhuis het, moet baie versigtig wees dat indien leerders nie aanpas nie, dit nie hulle geloof beïnvloed nie. Leerders kan God die skuld gee vir alles wat verkeerd loop in hulle lewens. In een van die ondersoeker se klasse het 'n Afrikaanse, 17-jarige dogter, geweier om geloofsbelydenis af te lê aangesien sy God blameer het vir alles wat in haar lewe, na haar aankoms in Botswana, verkeerd geloop het.

Aangesien die kerk 'n rol speel in die sosialisering van die kind, moet dit aanvaar word dat die nuwe kerk, waarin die leerder hom sal bevind as hy verhuis, ook 'n rol sal speel in die sosiale aanpassing van die kind. In die nuwe kerk maak die kind kennis met nuwe omstandighede – die manier waarop die Sondagskool bedryf word, mag totaal verskil van hoe dit by die vorige kerk gedoen is.

### **2.5.5 DIE AANDEEL VAN DIE MEDIA IN DIE SOSIALISERING VAN DIE AFRIKAANSSPREKENDE LEERDER IN BOTSWANA**

Die afgelope jare is Botswana baie in die nuus oor die baie stabiele ekonomie en puik onderwysstelsel. Sulke positiewe berigging kan leerders baie positief beïnvloed.

Die media as sosialiseringinstelling kan 'n baie belangrike rol vir Afrikaanssprekende leerders in Botswana se privaatskole speel. Soos wat die geval in Suid-Afrika is, was al die Afrikaanse tydskrifte en televisieprogramme tot en met die einde van 2002 beskikbaar. Sedert Januarie, 2003 kan daar egter geen SAUK kanale (TV 1, 2, en 3 sowel as E.TV) meer in Botswana gekyk word nie. Dit kan 'n baie negatiewe uitwerking op die aanpassing van leerders hê. Daar is dus nou slegs een Afrikaanse TV kanaal, naamlik Kyk-Net beskikbaar vir Afrikaanse gesinne. Weens die opheffing van die uitsaairegte van die kanale na Botswana is dit heelwat moeiliker om met plaaslike, Suid-Afrikaanse nuus op hoogte te bly. Die toegang tot Suid-Afrikaanse TV kanale kon die aanpassing van dié leerders vergemaklik aangesien hulle nog steeds lees- en kykstof in hulle moedertaal kon geniet.

Negatiewe berigging kan leerders wat na Botswana moet verhuis negatief maak en kan hulle aanvaarding en later ook hulle aanpassing baie nadelig beïnvloed. Positiewe berigging aan die ander kant kan die hele proses egter net aanhelp.

Daar sal voorts na die kulturele aanpassing van Afrikaanssprekende leerders in die internasionale, privaatskole van Botswana gekyk word.

### **2.6 KULTURELE AANPASSING VAN AFRIKAANSSPREKENDE SKOOL LEERDERS IN DIE INTERNASIONALE ONDERWYSOMGEWING VAN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA**

As spesifiek na die oorkoepelende begrip kultuur gekyk word, sluit dit begrippe soos moedertaal, familie, houding teenoor die land, geskiedenis, geslagsrolle ens. in (Acenade, 1996:10). Acenade (1996:18) het 'n studie oor die kulturele diversiteit in Gaborone, die hoofstad van Botswana onderneem. Hy het dieselfde

metafoor as Hurenkamp (1998:10) gebruik waar die studie van verskillende kulture met 'n filter en lens vergelyk word. As mens deur 'n filter kyk, wat jy 'n kultureel relevante filter noem, sal mens slegs kultureel relevante elemente sien en word alles wat nie kultureel relevant van aard is nie, as't ware uitgefilter. Aan die ander kant, kyk mens deur 'n lens kan mens alles sien wat deur die lens gedek word, kultureel relevant of nie. Acenade (1996:20) maak die stelling dat sodra mens besef dat jy eerder deur 'n lens as 'n filter na die kulturele verskille en aanpassings van leerders begin kyk, jy makliker elkeen as 'n individu sal raaksien en gevolglik hulle so behandel

'n Artikel met die titel *“Help your kids living abroad understand their heritage”* (Dads, 2002:1) het onlangs in 'n plaaslike Botswana koerant verskyn. Die skrywer van die artikel voel baie sterk oor die feit dat ouers hulle kinders van hulle eie kultuur en geskiedenis moet leer. Vir die Afrikaanssprekende leerder wat hom in een Botswana se internasionale, multikulturele, privaatskole bevind, is dit net so belangrik om van die Groot Trek te leer as vir leerders wat in Suid-Afrika skoolgaan. Dit bly egter die verantwoordelikheid van die ouers om te probeer seker maak leerders verloor nie hulle eie kultuur nie (Santana, 2000).

Om die begrip kultuur beter toe te lig, sal daar voorts eers aan die volgende begrippe met betrekking tot kultuur aandag gegee word :

#### □ **KULTUURDIFFERENSIASIE**

Elke kultuur ontwikkel mettertyd 'n unieke, individuele karakter. In multikulturele gemeenskappe manifesteer sodanige differensiasiebeginsel op grond van (Le Roux, 1998:108):

- etniese verskeidenheid,
- sosiale verskeidenheid,
- demokratiese verskeidenheid,
- rasseverskeidenheid en
- kulturele verskeidenheid.

Botswana is naas Suid-Afrika seker dié land in Afrika waar kultuurdifferentiasie ooreenkomstig etniese en rasseverskeidenheid georden word (Acenade, 1996:30).

#### □ **KULTUURINTEGRASIE**

'n Kultuur vertoon 'n dinamiese, veranderlike en aanpasbare karakter, sodat onderwys as kultuuroordrag vir die kind 'n geïntegreerde werklikheidsgeheel bied. Binne 'n multikulturele gemeenskap, soos dié van Botswana, is dit noodsaaklik vir vreedsame naasbestaan, dat 'n deeglike kennis van ander kulture gekweek word (Le Roux, 1998:109). Leerders van verskillende kulture bevind hulle in dieselfde klaskamer, en sonder 'n kennis en wedersydse respek vir mekaar se kulture kan die hele opvoedingsituasie in die klas skade ly.

#### □ **KULTUURKONTINUÏTEIT**

Die beginsel impliseer dat daar binne 'n multikulturele samelewing, soos dié van Botswana, na 'n sinvolle balans tussen groeps- en landsbelange nagestreef word (Goodey, 1989:22).

#### □ **KULTURELE RELATIVISME**

Die beginsel impliseer dat die individu eerstens meer van sy eie kultuur en tweedens ook van ander kulture se waardes, kennis moet dra. Met ander woorde dit impliseer liefde vir jou eie kultuur en 'n begrip vir ander kulture (Le Roux, 1998:109).

#### □ **KULTURELE ETNOSENTRISME**

'n Meerderheid jeens ander kulture, waar die ander as minderwaardig beskou word, lei dikwels tot konflik en wrywing in 'n multikulturele samelewing en onderwysstelsel. Waar taal en godsdiens 'n belangrike rol in onderwys speel, mag die verskynsel die implementering van multikulturele onderwys bemoeilik (Le Roux, 1998:109).

Die verskynsel speel nie 'n baie prominente rol in die internasionale, privaatskole van Botswana nie aangesien alle onderwys deur medium van Engels plaasvind en leerders deur skoolreëls gedwing word om slegs deur medium van Engels te

kommunikeer. Meer as 75% van die leerders wat die skole bywoon, se huistaal is egter nie Engels nie (Simonaeux, 1999).

Acenade (1996:23) voer aan dat personeel die metafoor van die filter en lens aan hulle leerders moet verduidelik en hulle sodoende bewus maak van die feit dat hulle onbewustelik negatief teenoor ander kulture kan staan.

## □ **KULTURELE PLURALISME**

Claasen (1989:19-27) en Louw (1983:4-5) bied drie modelle aan, as strategieë waardeur kulturele diversiteit of kulturele pluralisme in samelewings hanteer kan word, naamlik :

### ▪ **Eksterne, vertikale, geïsoleerde pluralisme**

Die model stel voor dat elke kultuurgroep in afsondering leef, terwyl verskille en etniese groepe binne 'n bepaalde samelewing erken word. Die klem val dus hier op eiesoortige kultuurwaardes, taal en oortuiginge, asook op verskeidenheid en 'n eie kulturele identiteit.

### ▪ **Assimilasie van etniese groepe**

Die verskeidenheid word ter wille van gemeenskaplike aspekte opgeoffer, ten einde 'n nuwe kultuur te vorm. Mikrokulture ontstaan dus wat in die samelewing deur die makrokultuur assimileer. Daar word geen voorsiening gemaak vir uniekheid of diversiteit van kulture nie.

### ▪ **Interne, horisontale, of gematigde pluralisme**

Die model is 'n middeweg tussen assimilasië en eksterne pluralisme en staan as multikulturalisme bekend. Groeps- sowel as nasionale belange word erken, terwyl die beginsel van gelyke geleenthede vir alle kultuurgroep ook erken word. Die klem val op groepinteraksië sonder gedwonge groepvorming.

Een van die beste modelle vir multikulturele onderwys in Botswana om na te volg, is dié van kulturele pluralisme (Goodey, 1990:82). Dit sou beteken dat daar deur die leerders wegbeweeg word van 'n geïsoleerde, beskermde kultuur van die Afrikaanse skool na die internasionale skool met 'n groter kulturele diversiteit (de Beer, 1995:3).

Om kultuur en kennis oor te dra, is uit 'n historiese oogpunt nog altyd die basiese funksie van die skool. Elke opeenvolgende geslag wat die kind opvoed en onderrig, het 'n aandeel in die instandhouding en die ontplooiing van 'n bepaalde menslike samelewing en kultuur. Die skool het dus 'n oordragfunksie ten opsigte van die kultuurbesit van die samelewing. Die kind kry in die skool geleentheid tot aktiewe deelname aan die kultuur, om sy eie wêreld te stig en te bewerk. In die skool moet die kultuurinhoude van die samelewing op sistematiese wyse vir die kind ontsluit word, sodat hy dit kan verwerk. Vir hierdie doel word kultuurinhoude geselekteer en in die vorm van skoolvakke aangebied. Deur hierdie kultuurinhoude te verwerk, word daar by die kind 'n eie identiteit gevorm, wat hom dan weer kan help om sy eie posisie ten opsigte van die kultuurgroep te bepaal. Die terreine waarop kultuuroordrag in die skool plaasvind, is die volgende (Pretorius, 1998:82):

#### ❑ LEWENSBEKOULIKE KULTUURTERREIN

Die onderwys wat die leerders in Suid-Afrika ontvang het, was tydens hulle primêre skooljare byvoorbeeld Christelik en Nasionaal van aard terwyl die onderwys in Botswana as multi-kultureel en internasionaal beskou word.

#### ❑ EKONOMIES-TEGNIËSE KULTUURTERREIN

Die mens se bemoeienis met die natuur as fisiese en chemiese werklikheid (natuur- en skeikunde), met plante en diere (biologie) en met handel en nywerheid (rekeningkunde, ekonomie en bedryfseksonomie) word eksemplaries aan die kind in die skool oorgedra.

#### ❑ SOSIAAL-MAATSKAPLIKE KULTUURTERREIN

Die versorging en agting van die medemens kom hier ter sprake (geskiedenis en aardrykskunde). Begrip vir die medemens en ander kulturele en etniese groepe in die samelewing is van die uiterste belang en die kind moet in die skool daartoe opgevoed word.

## □ GEESTELIKE KULTUURTERREIN

Waardering vir die verfynde kultuuruitinge van 'n volk moet aan die kind oorgedra word. So byvoorbeeld word waardering vir die kunste oorgedra by die aanbieding van letterkunde, skoolmusiek en kuns.

Leerders wat hulle in die sekondêre, privaatskole van Botswana bevind, moet daartoe gelei word om tot die besef te kom dat (Wilson, 1994:208) :

- Hulle as individue gehelp en gelei sal word tot beter selfaanvaarding. Hulle gehelp sal word om hulself met hulle eie, unieke kultuur te sien en te aanvaar soos ander hulle sien en aanvaar.
- Hulle as leerders in 'n multikulturele, internasionale, privaatskool noodgedwonge met ander kulture in aanraking sal kom. As hulle tot die besef gebring word dat ander kulture se waardes en norme ook van belang kan wees, sal hulle inskakeling en aanvaarding van die ander kulture soveel makliker wees.
- Hulle sal kennis opdoen oor ander kulture se musiek, literatuur, waardes en lewenstyl en dit sal boonop nog hul kennis en insig verbreed.
- Daar geen vorm van diskriminasie teen enige kultuur sal voorkom nie.

Daar sal altyd gepoog word om by die leerders nie te veel klem op verskille te plaas nie, maar eerder op ooreenkomste, aangesien dit kan lei tot 'n gevoel van samehorigheid onder hulle.

Daar sal voorts na die moontlike kommunikasieprobleme wat leerders in die internasionale, privaatskole mag ondervind, gekyk word.

## 2.7 TAALASPEKTE : KOMMUNIKASIEPROBLEME WAT AFRIKAANS-SPREKENDE SKOOL LEERDERS IN DIE INTERNASIONALE, MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA ERVAAR

'n Kind word gebore in 'n bepaalde gemeenskap, in 'n bepaalde kultuur en op 'n bepaalde punt in historiese tyd (Engelbrecht, Kok & van Biljon, 1989:24). 'n Kind kan nie deel word van 'n bepaalde kultuur of sy potensiaal as mens verwesenlik, as hy nie binne die bepaalde kultuur en samelewing kan kommunikeer nie. Deur taal kan die kind deel voel van die samelewing asook sy menslike ervarings interpreteer. Taal speel 'n groot rol in die sistematisering van 'n kind se ervarings en gepaard daarmee ook in die opvoeding (Engelbrecht, Kok & van Biljon, 1989:24).

Taal is sowel kommunikasiemiddel as intelligensie-middel. Om dié rede word leerders wat 'n ontoereikende kennis van die taal het waarin onderrig plaasvind, in die skoolsituasie gerem ten opsigte van kommunikasie en kognitiewe handeling. 'n Bepaalde woordeskat en vakterme, wat die onderwyser as vanselfsprekend by sy leerders aanvaar, ontbreek gewoonlik by leerders wie se huistaal van die onderrigtaal verskil.

Die onderwysers in die internasionale, privaatskole moet bedag wees daarop dat Engels, wat as onderrigtaal gebruik word, by meer as 80% van die leerders van hulle huistaal verskil. Die onderwysers moet gevolglik hulle kommunikasie met die leerders dienoreenkomstig aanpas (Sentrale Statistiekdiens van Botswana, 1999:121). Walters (1999 :20) maak 'n baie waar stelling as sy sê :

*“The language used in teaching in international schools must be common both to the teacher and learner. Teachers must always remember to adapt their vocabulary to the student while also working steadily to increase the student’s working vocabulary”.*

Walters (1999:21) lê twaalf reëls neer wat die onderwysers in Botswana baie suksesvol kan aanwend, naamlik :

- 1 : Maak daagliks seker wie in die klas is en wat hulle behoeftes of moontlike probleme ten opsigte van kommunikasie met ander is.
- 2 : Stel vas wat elke leerder se kommunikasie vaardighede in die medium waardeur onderrig gegee word, is.



- 3 : Druk jousef uit op so 'n manier dat alle leerders sal verstaan.
- 4 : Gebruik eerder eenvoudige woorde en kort sinne.
- 5 : Herhaal woorde en sinne en maak seker almal verstaan.
- 6 : Gebruik onderwysmedia.
- 7 : Gebruik voorbeelde uit die alledaagse lewe waarby die leerders kan aanklank vind.
- 8 : Verduidelik nuwe begrippe deeglik.
- 9 : Vermeerder leerders se woordeskat geleidelik.
- 10 : Moedig besprekings onderling aan om woordeskat uit te brei.
- 11 : Moenie te vinnig deur werk beweeg nie.
- 12 : Hersien, herhaal en toets gereeld.

In Hoofstuk 6 word daar na 'n bepaalde studiekursus gekyk wat Afrikaanssprekende leerders kan help om hulle woordeskat te verbeter.

Tosi (1988:193) onderskei tussen die taal van die skool, die taal by die huis en die taal van die gemeenskap :

#### □ **TAAL VAN DIE SKOOL**

Verskeie studies deur die jare, onder andere Wallace (1988), Tosi (1988) en Collier (1989) het getoon dat die huis-skool taalverandering, nie noodwendig tweetaligheid outomaties bevorder nie. Aan die een uiterste is daar daardie leerders wat nog nooit in 'n ander taal as hulle moedertaal onderrig is nie en aan die ander kant is daar daardie leerders wat nog nooit in hulle eie moedertaal

onderrig is nie. Die Afrikaanssprekende leerders uit Suid-Afrika wat hulle in Botswana bevind, behoort meestal aan die eerste groep en vind dit moeilik om skielik onderrig in 'n taal, anders as hulle moedertaal, te ontvang.

#### □ **TAAL BY DIE HUIS**

Die huis- of moedertaal kan gedefinieer word as daardie taal wat vanaf geboorte as kommunikasiemiddel deur leerders en hulle ouers by die huis gebruik word (Tosi, 1988:102). Leerders uit Suid-Afrika kan wel Engels as kommunikasiemiddel gebruik, maar vind dit moeilik om Engels, as onderrigmedium, te verstaan. Dis maklik om op tweede taalvlak Engels te verstaan, maar die probleem om dit as eerste taal te gebruik, kan akademiese vordering belemmer.

#### □ **TAAL VAN DIE GEMEENSKAP**

Die taal van die gemeenskap in Botswana verskil vir die leerders uit Suid-Afrika van hulle huistaal en skooltaal aangesien die gemeenskap Setswana as kommunikasietaal gebruik. Leerders word dus nie net bloot aan 'n nuwe onderrigtaal blootgestel nie, maar ook aan 'n nuwe gemeenskapstaal waar hy die buitestaander is.

Dit is dus onvermydelik dat leerders wie se moedertaal verskil van die taal waarin hulle onderrig ontvang, probleme sal ervaar. Die probleem kan erger wees as leerders byvoorbeeld hulle primêre skoolopleiding in ander taal, in dié geval Afrikaans, ontvang het. Sekere begrippe en vakterme moet van voor af aangeleer word en dit kan 'n aansienlike tydjie neem vir die leerders in dié situasie om weer op standaard te kom.

Reeds sover terug as 1953 het UNESCO 'n verslag saamgestel waarin hy moedertaal soos volg omskryf het:

*“The mother tongue of students can be identified as the language acquired in early years, which normally becomes the natural instrument of thought and communication” (UNESCO, 1953:13).*

Die doel van die bogenoemde verslag was om onderwysowerhede oor die hele wêreld bewus te maak dat leerders, wat nie onderrig in hul moedertaal ontvang nie, moontlike agterstande kan hê.

Die probleem kan erger wees as leerders byvoorbeeld hulle primêre skoolopleiding in 'n ander taal, in dié geval Afrikaans, ontvang het. Sekere begrippe en vakterme moet van voor af aangeleer word en dit kan 'n aansienlike tydjie neem vir dié leerders in die bepaalde situasie, om weer op standaard te kom.

Gedurende die eerste week van Oktober 2000 is daar in Gaborone, Botswana die jaarlikse *AISA* (*Association of International Schools in Africa*) gehou. Gedurende die week is daar op een van die grootse probleme waarmee onderwysers in internasionale skole worstel, naamlik leerders wie se huistaal verskil van hulle onderrigtaal, gefokus.

Sears (2000) het 'n paar faktore uitgelig wat die aanpassing van leerders wie se huistaal van hulle onderrigtaal verskil, kan beïnvloed :

- vorige skoolopleiding,
- graad van mobiliteit,
- liefde vir hulle moedertaal,
- liefde vir eie kultuur en
- taalgeskiedenis

Die skool sowel as die gesin speel 'n belangrike rol by die aanpassing van leerders wie se onderrigtaal van hulle moedertaal verskil. Die gesin moet onder andere toesien dat die moedertaal en kultuur nie verwaarloos word nie en dat daar genoeg literatuur in sowel die moedertaal as onderrigtaal aan die leerders beskikbaar gestel word. Die skool aan die ander kant, kan dié leerders help deur byvoorbeeld ekstra klasse in leerders se moedertaal deur onderwysers wat dieselfde taal praat, te gee. Onderwysers behoort leerders wat 'n konsep tydens evaluering kan beskryf krediet te gee, al word daar nie van al die korrekte vakterme gebruik gemaak nie. Skole kan poog om waar moontlik leesstof vanuit verskillende lande en tale in die biblioteek beskikbaar te stel (Sears, 2000).

Sears (2000) beklemtoon die feit dat alle onderwysers in internasionale skole hulself as taalonderwysers moet sien. Ten einde effektiewe onderrig en leer te bewerkstellig by leerders wie se onderrigtaal van hulle huistaal verskil, moet onderwysers :

- duidelik praat tydens die lessituasie,
- tydens verduidelikings 'n tydperk van “rus” toelaat sodat leerders kan nadink om seker te maak hulle verstaan en vrae te kan vra indien hulle nie verstaan nie,
- konsepte herhaal deur van sinonieme gebruik te maak,
- liggaamstaal te gebruik,
- hulpmiddels en onderwysmedia gebruik,
- konsepte duidelik met die korrekte spelling op die bord te skryf,
- leerders genoeg kans gee om self te lees en werk van die bord af te skryf sowel as
- eerder van drukskrif gebruik te maak wanneer konsepte op die bord verduidelik word.

Cummings (2000) beweer daar moet by onderwysers in internasionale skole baie duidelik tussen twee taalkonsepte naamlik *BICS (Basic Interpersonal Communication Skills)* en *CALP (Cognitive/Academic Language Proficiency)* onderskei word. Volgens Cummings (2000) bereik bitter min leerders wie se moedertaal van hulle onderrigtaal verskil ooit die vlak waar hulle *BICS* en *CALP* gelyk is.

Nchonda (1999:19) het 'n studie onderneem waarin hy beklemtoon dat taal en kultuur 'n onlosmaaklike deel van die ontwikkeling van die kind vorm. As hy nie tuis in sy eie taal en kultuur voel nie, sal so 'n leerder nooit by enige ander taal en kultuur kan inskakel nie. Hy noem sy model "*The Language Culture Box*".

□ **TAAL EN KULTUUR – “THE LANGUAGE CULTURE BOX”**

Volgens Nchonda (1999:20) kan die ervarings wat leerders in die multikulturele skole opdoen in vier modelle onderverdeel word. Nchonda (1999:20) het in sy navorsing die modelle van Vedder (1996:10) by die bepaalde onderwysomgewing binne die internasionale skole van Botswana aangepas.

Die vier modelle sal vervolgens kortliks bespreek word :

□ **DIE AANPASSINGSMODEL**

Volgens die model word immigrant leerders basies gedwing om by die oorheersende kultuur binne 'n bepaalde skool in te skakel en aan te pas.

□ **DIE TRANSISIEMODEL**

Die model het dieselfde uiteindelijke doel, maar doen die oorgang baie meer geleidelik. Leerders word eers gehelp om die dominante kultuur beter te verstaan voordat hulle daarby ingelyf word.

□ **DIE KONTAKMODEL**

Die model moedig leerders aan om met leerders van verskillende kulture kennis te maak en sodoende van verskillende kulture te leer en hulle manier van doen beter te verstaan.


## □ **DIE KULTURELE VERANDERINGSMODEL**

Die model is die model wat deur die meeste internasionale, privaatskole in Botswana nagestreef word. Die doel van die model is om 'n nuwe "skoolkultuur" te skep waar leerders van verskillende kulture in harmonie kan saamwerk.

## **2.8 SAMEVATTING**

Uit die voorafgaande beredenering blyk dit dus dat daar sekere aanpassings ten opsigte van die sosiale en kulturele is sowel as aanpassings ten opsigte van die medium van onderrig is wat die aanpassing van Afrikaanssprekende, leerders in die privaatskole van Botswana kan beïnvloed. Die ouers van die leerders, die samelewing en skool kan dié leerders help om makliker by hulle nuwe omgewing aan te pas.

In die volgende hoofstuk sal daar gekyk word na hoe die aanpassingsprobleme wat die leerders mag ondervind, moontlik hulle akademiese prestasie kan beïnvloed.



## HOOFSTUK 3

### DIE INVLOED WAT AANPASSINGSPROBLEME AS GEVOLG VAN SKOOLWISSELING OP DIE AKADEMIESE PRESTASIE VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA HET, AL DAN NIE

#### 3.1 INLEIDING

Die tema wat in hierdie hoofstuk ter sprake kom, is hoe aanpassingsprobleme wat Afrikaanssprekende leerders in Botswana ondervind, hulle akademiese prestasie kan beïnvloed. Vir die doel van die hoofstuk, waar daar na akademiese prestasie gekyk word, word daar na leerders vanaf Graad 0 (*Reception*) tot en met Graad 12 (*Form 6*) verwys. Daar is kortliks in Hoofstuk 2 na die leerder in “*Lower Primary*” afdeling gekyk wat sekere klanke sal verwar (Vergelyk 2.4.1.2). In dié hoofstuk val die klem meer op akademiese prestasie wat eers werklik gemeet kan word as die leerders formele toetse begin skryf. In die meeste primêre, privaatskole in Botswana skryf leerders egter reeds vanaf “*Standerd 1*” (Suid-Afrika se Graad 1) formele toetse waarvoor by die huis gestudeer moet word. Die toetse is meestal spelling- en fonetiese- of taaltoetse. Reeds hier kan Afrikaanssprekende leerders wat nie Engels as huistaal het nie probleme begin ondervind aangesien baie van die spelwoorde soos Afrikaanse woorde kan klink maar anders gespel word of soos Afrikaanse woorde lyk maar anders uitgespreek word (Vergelyk 2.3.1.1).

Daar is reeds in Hoofstuk 2 gekyk na die sosiale- en kulturele aanpassings en aanpassings ten opsigte van die medium van onderrig. Daar sal voorts gekyk word hoe sosiale- en kulturele aanpassingsprobleme die akademiese prestasie van leerders kan beïnvloed en verder hoe skoolverwisseling as moontlike oorsaak kan bydrae tot akademiese probleme wat die Afrikaanssprekende leerders in Botswana mag ondervind.

Dit is ’n algemene feit dat leerders wat van skool verwissel, probleme mag ondervind met sosiale aanpassing binne die nuwe portuurgroep waarin hulle hul bevind. Dit kan verder weer aanleiding gee tot byvoorbeeld leerprobleme (Marais, 1993:19). Die probleme kan soveel erger wees as leerders oor landsgrense, kultuurgrense en taalgrense beweeg. Jabrilu (1999:21) maak die stelling dat talle Suid-Afrikaanse leerders wat hulle aanvanklik in Botswana bevind, baie negatiewe gevoelens teenoor die skole sowel as die land self koester. Die negatiewiteit vloei meestal voort uit die feit dat die land en internasionale onderwys-kurrikulums wat in die skole gevolg word, in baie opsigte van Suid-Afrika verskil en verder aangesien die leerders ’n verandering,



ten opsigte van hulle skoolopleiding in die gesig staar wat vir hulle vreemd en onbekend is (Vergelyk 2.2.1.2).

Samevattend kan dus gesê word dat die negatiwiteit wat openbaar word, grootliks die gevolg is van skoolwisseling en die vrees vir verandering en die onbekende (Jabrilu, 1999:25). Jabrilu (1999:30) beweer dit neem so 'n leerder ten minste ses maande om by 'n nuwe omgewing met 'n nuwe kurrikulum aan te pas. Volgens Marais & Bornman (1989:202) kan die negatiewe uitwerking van skoolwisseling op die sosialisering van die kind nie onderskat word nie. Wanneer 'n kind van skool verwissel, word 'n hele aantal faktore, wat die sosiale aanpassing van die kind kan beïnvloed, ook gewoonlik geraak. Dit sluit onder andere die skool as inrigting, onderwysers, maats en die omgewing in (Marais, 1993:22). Indien 'n leerder in Suid-Afrika tussen provinsies, of selfs net tussen skole in dieselfde provinsie of stad beweeg, kan hulle dieselfde probleme ten opsigte van aanpassing ervaar. Die twee groot verskille lê egter daarin dat leerders in Suid-Afrika wat van skool, binne die landsgrense, verwissel nie aan totaal verskillende kurrikulums blootgestel sal word nie. Ouers sal ook in die meeste gevalle, indien dit enigsins moontlik is, nie leerders in skole plaas waarvan die medium van onderrig Engels is as hulle aan onderrig in Afrikaans gewoond is nie. Alhoewel multikulturele onderwys nie 'n vreemde verskynsel in Suid-Afrikaanse skole is nie, is daar tog verskille tussen multikulturele onderwys binne die Suid-Afrikaanse skoolkonteks en die van internasionale, multikulturele skole in Botswana. Een van die grootste verskille is daarin geleë dat die meeste Suid-Afrikaanse skole slegs leerders van een of twee verskillende nasionaliteite bevat terwyl sommige internasionale skole in Botswana tot soveel as dertig verskillende nasionaliteite bevat (Jabrilu, 1999:41).

Ouers wat na Botswana verhuis, wil sekerlik die beste vir hulle kinders hê en sal alles in hulle vermoë doen om die beste vir hulle kinders te verseker. Dié wat nie hulle kinders in koshuise in Suid-Afrika agterlaat nie, maar besluit het om eerder hul kinders in een van die internasionale, multikulturele, privaatskole van Botswana in te skryf, se kinders mag konfrontasie met die nuwe en onbekende ervaar in terme van die land, kurrikulums in skole, medium van onderrig sowel as sosiale en kulturele aanpassingsprobleme. Hierdie konfrontasie en aanpassingsprobleme kan op hulle beurt weer tot spanning en angs lei. Baie van hierdie kinders kan dit moeilik vind om aan te pas by die nuwe skool en kan gevolglik misluk ten opsigte van akademiese prestasie (Jabrilu, 1999:30).

Daar sal voorts na die aandeel van aanpassingsprobleme in die akademiese prestasie van leerders gekyk word.

### **3.2 AANPASSINGSPROBLEME SE AANDEEL IN DIE AKADEMIESE PRESTASIE VAN AFRIKAANSPREKENDE LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA**

Leerders uit Suid-Afrika wat hulle vir die eerste keer in 'n multikulturele, internasionale skool in 'n vreemde land, in die geval Botswana, bevind, kan aanpassingsprobleme ondervind wat kan deurwerk na hulle akademiese prestasie. Afrikaanssprekende leerders, op wie die studie fokus, moet 'n gevestigde vriendekring verlaat, nuwe studiemetodes bemeester, of meer tyd aan hulle studies spandeer aangesien nuwe, en soms meer veeleisende kurrikulums, gevolg word. Verder moet hulle aanpas by die onderrig in 'n ander taal as hulle moedertaal en terselfdertyd die tipiese ontwikkelingsproses van hulle bepaalde ouderdom deurmaak. Die nuwe leerder aan dié skole in Botswana moet heel eerste by sy nuwe omgewing aanpas.

Daar is 'n komplekse samehang van faktore wat met die aanpassingsprobleme van leerders uit Suid-Afrika in Botswana se privaatskole verband hou. Daar word byvoorbeeld gedink aan faktore soos studiegewoontes en –metodes, akademiese oriëntasie, ontwikkelingsfase van die leerders, sosiale oriëntasie, sosio-politieke toestande, selfkonsep en taalagterstande (Geoff, 1998:101). Die kurrikulums wat in die internasionale, multikulturele, privaatskole van Botswana gevolg word, is meestal van of Britse of Amerikaanse afkoms. Baie meer vrye denke en 'n meer liberale siening word gevolg. Leerders uit Suid-Afrika wat uit 'n meer gedissiplineerde, minder liberale onderwysomgewing kom, kan aanvanklik die skole as ongedissiplineerd ervaar waar leerders te veel vryheid het. As 'n leerder nie weet hoe om die vryheid reg te hanteer nie, kan sy akademiese prestasie baie daar onder ly.

Aanpassingsprobleme kan uit verskillende standpunte benader word, naamlik ten opsigte van behoeftebevrediging, selfaktualisering, selfkennis en die mate van volwassenheid wat die individu openbaar. Aanpassing kan egter ook as 'n dinamiese proses gesien word wat multi-dimensioneel van aard is. Hierdie proses waaraan die individu aktief deelneem, is 'n wisselwerking tussen die self en die omgewing om sodoende 'n kompromie tussen die individu en sy omgewing te vorm. Die individu streef dus om 'n harmonie tussen die eise en die behoeftes van die self en die omgewing te verkry wat sal lei tot minimale spanning en optimale doeltreffendheid (Scimecca, 1990:26-37). Aanpassing is afhanklik van die mate waarin die individu se behoeftes bevredig word.

'n Afleiding wat gemaak kan word, is dat die aanpassing van leerders in hulle bepaalde omgewing 'n invloed op hulle akademiese prestasie kan hê. As leerders goed aangepas is, behoort hulle akademies beter te presteer. Dit kan egter nooit gesê word dat die akademies, suksesvolle leerder goed aangepas is nie.

Scimecca (1990:38) haal Behr (1982:19) aan en meld dat daar veral vier faktore is wat die prestasie van leerders wat van skool verwissel beïnvloed naamlik :

#### □ **AANPASSING BY DIE NUWE OMGEWING**

In Botswana is feitlik alles anders as in Suid-Afrika. Mense is baie rustiger en almal, ongeag ras of nasionaliteit, word op gelyke vlak behandel. Die enigste manier van kommunikasie is deur die medium van Engels, tensy 'n leerder Setswana magtig is. Sou die leerder nie heeltemal vertrouwd wees met Engels nie, kan hy sekere probleme ondervind om homself uit te druk. Hy sal die bekende omgewing van sy vorige skool mis, waar hy in Afrikaans met sy vriende en onderwysers kon kommunikeer en homself kon uitdruk.

Die privaatskole in Botswana se personeel sowel as hulle leerders is heeltemal multikultureel van aard. Die ondersoeker het met sy koms na Botswana in 1999 self groot aanpassingsprobleme ervaar as gevolg van die totaal multikulturele en liberale onderwysiensiening van sekere van die internasionale skole in Botswana. Die leerders sal die bekende omgewing van hul vorige skole en onderwysers mis en sal hulle moet oriënteer ten opsigte van nuwe onderrigmetodes in 'n nuwe omgewing.

#### □ **AANPASSING BY ANDER KULTURE**

As leerders nie gewoond is om saam met tot soveel as tien ander kultuurgroepe in een klaskamer onderrig te ontvang nie, kan die leerders negatief raak wat verder kan inwerk op hulle akademiese prestasie. In Suid-Afrika het multikulturele onderwys in skole eers werklik aan die einde van die twintigste eeu begin terwyl dit in Botswana se internasionale skole al vir dekades plaasvind.

#### □ **PROBLEME MET SELFAANPASSING**

Dit is vir dié leerders moeilik om 'n versoening te bewerkstellig tussen die verwagtinge van hulle ouers en gesin aan die een kant en die nuwe portuurgroep in die nuwe skool aan die ander kant. Die twee groepe se verwagtinge verskil

gewoonlik van mekaar wat innerlike konflik by die leerders wat hulle in die situasie bevind, kan veroorsaak. Albei groepe maak aanspraak op die leerder en hy wil nie een van hulle teleurstel nie (Simoneaux, 1999). Daar sal deur middel van 'n empiriese ondersoek gepoog word om te bewys dat ouers van leerders en leerders self ook nie die aanpassing by die nuwe onderwysomgewing dieselfde ervaar nie.

#### □ **GEBREK AAN MOTIVERING**

Motivering is 'n belangrike faktor wanneer prestasie ter sprake kom, aangesien 'n gebrek daaraan tot swak prestasie kan lei. Die leerder kan ongemotiveerd voel om akademies te presteer as hy nie by sy omgewing en omstandighede aanpas nie. Leerders kan moed opgee as die hoeveelheid werk en die feit dat hulle nie al die terme verstaan nie, vir hulle te veel raak.

Daar sal vervolgens aan aspekte aandag gegee word ten opsigte waarvan aanpassingsprobleme ondervind word.

### **3.2.1 STUDIEGEWOONTES EN –METODES**

Volgens Scimecca (1990:38) blyk dit dat ontoereikende studiemetodes geredelik tot akademiese mislukking binne die internasionale skole kan aanleiding gee. Die hoeveelheid en aard van die werk verskil heelwat van die werk waaraan leerders in Suid-Afrika gewoond is. Studiemetodes moet aangepas word, nie alleen bloot oor die werk van 'n hoër standaard is nie maar in die meeste gevalle is dit totaal vreemd vir die leerder wat uit Suid-Afrika kom skielik in 'n internasionale skool met internasionale standaarde bevind. Die ondersoeker self het Wiskunde op matriekvlak in Suid-Afrika gedoseer. Met sy aankoms in Botswana moes hy Wiskunde vir 'n "Form 3" klas, wat gelykstaande aan standerd 7 of graad 9 is, gee. Die werk was presies op dieselfde vlak as die matriekvlak Wiskunde in Suid-Afrika. Een van die groot redes vir die verskil in akademiese standaard is die feit dat 'n vak soos byvoorbeeld Natuur- en Skeikunde in Suid-Afrika, Fisika en Chemie insluit. In Botswana word dit as twee vakke, Chemie en Fisika, aangebied. Die vak kan dus baie meer intens bestudeer word, aangesien dit 'n vak op sy eie is. Dieselfde geld vir Wiskunde. Vir die eerste twee jare in die Hoërskool word Algebra geneem. Daarna volg Meetkunde vir 'n jaar, dan Trigometrie vir 'n verdere jaar en so ook Analitiese Meetkunde daarna. Die leerder uit Suid-Afrika sal dus sy studiemetodes en gewoontes moet aanpas om by die nuwe werkslading aan te pas. Aangesien die minimum slaagpunt in die meeste skole ook 60% is, sal dié leerder soveel harder moet werk as hy 'n gemiddelde presteerder is.

Nog 'n groot verskil, wat ook grootliks kan bydrae tot die leerders se werkslading en gevolglike aanpassing in studiemetodes is die feit dat leerders in Suid-Afrika vanaf die begin van stander 8 of graad 10 slegs ses vakke tot op matriekvlak moet neem. Die meeste kurrikulums in Botswana bepaal egter dat leerders tot aan die einde van “*Form 4*”, wat gelykstaande aan stander 8 of graad 10 is, agt vakke moet neem. Bogemiddelde leerders sal nie werklik sukkel nie maar die gemiddelde leerder kan wel akademiese probleme ondervind. Leerders wat reeds in Suid-Afrika in stander 8 of graad 10 was en dan skielik na Botswana verhuis sal skielik twee ekstra vakke moet neem (Vergelyk 2.2.1.2).

### **3.2.2 AKADEMIESE ORIËNTASIE**

Die oorgang van die primêre na die sekondêre skool hou reeds vir leerders bepaalde oriënteringsprobleme in. Sou 'n leerder dus tussen verskillende skole van twee lande wissel, kan hy ook sekere oriënteringsprobleme ervaar. Die intensiteit waarmee hierdie probleme ervaar word, word gewoonlik deur die volwasseheidsvlak of ontwikkelingsfase van die leerder bepaal.

Volgens Kokokrobity (1994:76), wat 'n studie oor die aanpassing van immigrante kinders in Botswana gedoen het, word veral probleme met aanpassing ondervind ten opsigte van die onderrigmetodes en werktempo, die omgang van die werk en die anderse studiemetodes wat voortvloei uit die verskil in kurrikulums en die vereistes wat gevolglik gestel word.

Volgens Kokokrobity (1994:9) kan leerders wat nuut in 'n internasionale skool in Botswana is, oriënteringsprobleme ten opsigte van die volgende ervaar :

#### **□ ONDERRIGSITUASIE**

Hier word byvoorbeeld aan klasgroottes gedink. Die meeste klasse is relatief klein en leerders kan nie agter ander leerders “skuil” nie en sal van die begin af hulle kant moet bring (Vergelyk 2.2.1). In 'n kleiner klas sal die leerders wel meer individuele aandag ontvang, maar as 'n leerder baie selfbewus is byvoorbeeld ten opsigte van sy vermoë om in Engels te kommunikeer en aanvanklik moeilik aanpas, kan die aandag hom meer selfbewus maak (Santana, 2000).

□ **KLASSE**

Probleme ten opsigte van vreemdheid en nuwe terminologie speel hier 'n rol. Leerders wie se moedertaal van hulle onderrigtaal verskil, kan veral aan die begin probleme met terminologie ondervind.

□ **HANDBOEKE**

Hier kom probleme ten opsigte van 'n nuwe verskeidenheid, Engelse boeke en die gebruik daarvan na vore. Die internasionale skole maak van internasionale boeke gebruik wat op situasies binne Botswana sowel as op die res van wêreld fokus. Daar word van die leerders verwag om wyer te lees as wat net in hulle handboeke staan. As die leerder nie Engels so goed magtig is nie kan dit hom baie langer neem om te verstaan wat presies in die boeke gesê word. Die meeste kurrikulums, veral die wat in die sekondêre skole gevolg word, skryf meestal drie tot vier handboeke voor wat gelyktydig bestudeer moet word. Leerders moet dus tydens hulle studies ook van al die voorgeskrewe boeke gebruik maak en leer om selektief te studeer.

□ **WERK**

Die tempo, nuwe termynstelsel in teenstelling met die kwartaalstelsel van Suid-Afrika sowel as baie gevorderde biblioteek- en internetgebruik kan by sommige leerders probleme veroorsaak. Een termyn is heelwat langer as wat die geval van een kwartaal in Suid-Afrika is. Die hoeveelheid werk wat dus behandel en waarvoor eksamen geskryf moet word, is aan die einde van een termyn heelwat meer. Die meeste internasionale skole in Botswana is leiers op die gebied van rekenaartegnologie en verwag van hulle leerders om alle moontlike bronne te gebruik. Rekenaarstudie is dan ook 'n verpligte vak by die meeste skole. Sonder 'n slaagpunt hierin kan leerders nie hulle finale "*High School Diploma*" bekom nie. Alle leerders is nie so rekenaargeletterd nie en waar rekenaarstudie in Suid-Afrika as keusevak aangebied word, is dit 'n die meeste skole in Botswana se kurrikulum verpligtend. Leerders, insluitende plaaslike leerders, wat glad nie in rekenaars belang stel nie, kan probleme ontwikkel.

□ **EVALUERING**

Probleme kan ondervind word ten opsigte van termyn- en jaarpunte asook promosievereistes. Meeste skole vereis van hulle leerders om goeie promosiepunte te hê ten einde die finale eksamen te kan slaag. Meeste sekondêre skole werk op die beginsel dat 'n leerder, indien hy 'n vak druij, na die volgende standerd kan oorgaan en net die vak/kursus herhaal.

□ **HETEROGENITEIT**

Hier word probleme ten opsigte van byvoorbeeld ouderdom- en rasseverskille en intellek ervaar. Soos reeds vroeër gemeld, word die meeste internasionale skole gekenmerk deur die feit dat die hele wêreld, wat betref verskillende kultuur- en rassegroepe, in een klas saamgegroepeer is.

□ **TYDSBESTEDING**

Tydsbesteding in terme van studie, sport, sosiaal en kultuur moet gebalanseerd wees. Leerders sal aanvanklik egter heelwat meer aandag aan hulle studies moet bestee as wat die geval in Suid-Afrika was, aangesien die tempo en hoeveelheid werk soveel meer is. Die slaagsyfer is aansienlik hoër as wat die geval in Suid-Afrikaanse skole is, met die gevolg dat meer tyd aan akademie afgestaan moet word. Soos vroeër genoem, kan leerders moontlik ook langer neem om werk te verstaan as hulle nog nie heeltemal vertrouwd met al die terminologie in Engels is nie.

□ **PROBLEME**

Verdere probleme wat na vore kom sluit onder andere probleme met betrekking tot studie, huislike probleme en sosiale probleme in.

Talle ouers van Afrikaanssprekende leerders sowel as onderwysers is dit eens dat leerders met aanvanklike taalttekorte, ervaar verder probleme met die metode van klasaanbieding, die gebruik van die voorgeskrewe bronne wat slegs in Engels beskikbaar is asook die raadpleeg van relevante naslaanbronne in die biblioteek wat hulle kan help om sekere konsepte beter te verstaan (Botha , Els, Santana en Van Niekerk, 2000).



Derlega (1997:18) het 'n studie onderneem om vas te stel of leerders wie se huistaal nie Engels is nie, in Botswana se privaatskole hulself as suksesvol beskou. Hy het 330 leerders in sy studie betrek. Hy het die leerders gevra om hulle personeel te evalueer op grond van klasaanbieding en die hulp met die gebruik van nuwe vakliteratuur. Derlega (1997:20) het die tot die slotsom gekom dat baie min van die privaatskole in Botswana die "toets", met betrekking tot hulpverlening aan leerders wie se huistaal van hulle onderrigtaal verskil, geslaag het. 'n Klein persentasie van die leerders, slegs 34%, het gevoel hulle word deur die personeel ondersteun. Hulle het verder gevoel dat die personeel nie werklik begrip het vir die feit dat hulle nie Engels tuis praat nie en dat dit slegs hulle tweede taal of soms selfs derde taal is. Daar is egter skole waar die probleme, wat leerders ervaar wie se huistaal van hulle onderrigtaal verskil, tog aangespreek word.

Die akademiese prestasie van leerders wat met sekere aanpassingsprobleme worstel, kan in die meeste gevalle deur positiewe invloede van beide die ouers en onderwysers verbeter word. Faktore soos beperkte intellektuele vermoëns, wat 'n invloed op 'n leerder se akademiese prestasie sal hê, kan in die meeste gevalle nie sommer oorbrug word nie maar daar kan tog 'n poging aangewend word om selfs sulke leerders positief te ondersteun (Santana, 2000). In Hoofstuk 2 het dit egter aan die lig gekom dat ontoereikende taalvaardighede in die onderrigtaal, wat in die geval van dié studie Engels is, ook 'n invloed op akademiese prestasie kan speel. Waar die onderrigtaal van die huistaal verskil, kan 'n leerder sekere taalagterstande ervaar (Vergelyk 2.2.4.1). Talle skole bied studiekursusse vir leerders met taalagterstande. Tydens die kursusse val die klem spesifiek op leerders wie se onderrigtaal van hulle huistaal verskil en waar daar gepoog word om leerders se taalvaardighede tot so 'n mate te verbeter dat hulle akademiese uitslae kan verbeter (Simoneaux, 2002).

Derlega (1997:20) het voortgebou op die studie van Chamont (1991:89) wat 'n aantal belangrike verskille tussen privaatskole en staatskole uitgewys het.

Chamont (1991) soos aangehaal deur Derlega (1997:20) het 'n aantal verskille tussen internasionale en staatskole uitgewys wat verder op die akademiese oriëntasie van leerders kan inwerk. Die meeste leerders wat die internasionale, privaatskole van Botswana besoek en uit Suid-Afrika afkomstig is, bevind hulself vir die eerste keer in 'n privaat skool (Simoneaux, 2000). Die stelsel waarop die staatskole van Botswana werk, kom grotendeels ooreen met dié van Suid-Afrika maar bitter min Suid-Afrikaanse leerders besoek dié skole aangesien talle steeds onderrig in Setswana aanbied.



### **3.2.3 VERSKILLE TUSSEN INTERNASIONALE, MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE IN BOTSWANA EN STAATSKOLE IN SUID-AFRIKA**

#### **□ MULTIKULTURELE AARD VAN DIE SKOLE**

In die privaatskole van Botswana is “die hele wêreld” in een skool saamgegroepeer en almal moet almal respekteer. Daar is gemiddeld ten minste 30 nasionaliteite in die meeste privaatskole te vinde (Sentrale Statistiekdiens van Botswana, 1999:32). Die meeste staatskole in Botswana bevat 99% Botswana burgers. Dieselfde is die geval by staatskole in Suid-Afrika waar 99% van die leerders Suid-Afrikaanse burgers is.

#### **□ LANGER SKOOLURE**

Die meeste internasionale skole in Botswana se skoolure is aansienlik langer as wat die geval by staatskole in Suid-Afrika is. Daar is skole wat soggens 7:00 begin en slegs om 15:00 eindig. Die leerders moet dus langer konsentreer en die grootste gedeelte van die dag by die skool deurbring. Daar is primêre privaatskole waar vakke soos rekenaars, musiek en Frans/Setswana in die middag aangebied word. Twee middae per week bly die leerders tot 17:00 by die skool om al die akademiese werk in te pas (Simoneaux, 2002). Weens die feit dat die kurrikulums meer vakke bevat wat geneem moet word, moet daar voorsiening gemaak word vir meer onderrigtyd. Meeste staatskole in Suid-Afrika begin soggens tussen 7:30 en 8:00 en verdaag tussen 13:00 en 14:00.

#### **□ LANGER LESPERIODES**

Die meeste internasionale skole se lesperiodes is sestig minute lank in teenstelling met die dertig of veertig minute wat die meeste skole in Suid-Afrika handhaaf. Die gevolg hiervan is dat meer werk per les onderrig kan word en dus huiswerk oor groter gedeeltes gegee kan word. Leerders se werk, nie net by die skool tydens lesse nie, maar ook by die huis, neem gevolglik toe.

## □ **KLASGROOTTES**

Die klasgroottes in die meeste internasionale skole is heelwat kleiner as in die Staatskole in Suid-Afrika. Elke leerder kry meer individuele aandag en hy kan nie langer agter die res van klas skuil nie. Hy sal sy eie werk moet doen aangesien 'n onderwyser in 'n klas met 'n onderwyser-leerling-verhouding van so klein as 1:10 baie gou kan agter kom as 'n leerder nie sy eie werk doen nie. Leerders wat aanvanklik sukkel kan aan die begin al die aandag as negatief ervaar deurdat hulle kan voel hul word uitgesonder en dat die ander leerders in die klas hulle as dom kan beskou. Die voorgestelde onderwyser-leerder-verhouding in Suid-Afrika is tans 1:37 vir primêre skole en 1:32 vir sekondêre skole.

## □ **DIE TEMPO VAN DIE WERK EN DIE ONGANG MET DIE WERK**

Die werktempo is baie vinniger aangesien die kurrikulum baie meer omvangryk is. Reeds in die primêre privaatskole in Botswana word leerders aan vakke soos Wêreld Geskiedenis en Aardrykskunde (*World History & Geography*) blootgestel. Die meeste skole volg 'n kurrikulum waar die evaluering, veral in die senior sekondêre fase, ekstern geëvalueer word. Dié programme strek gewoonlik oor twee jaar. Aangesien die kurrikulums internasionaal van aard is, word die hele wêreld, en nie net sekere streke nie, bespreek. In vakke soos byvoorbeeld Geskiedenis en Aardrykskunde word 'n baie breër spektrum, as wat die geval ten opsigte van dieselfde vakke in Suid-Afrika is, gedek. In Aardrykskunde in Suid-Afrika in Graad 12 word byvoorbeeld slegs Suid-Afrika as land bespreek terwyl die internasionale kurrikulums in die meeste gevalle die bespreking van ten minste vyf Afrika lande insluit sowel as ander Eerste Wêreld lande.

## □ **DIE WYSE VAN TOETSING EN EKSAMINERING**

Die meeste internasionale skole se kurrikulum bepaal dat daar ten minste twee onvoorbereide toetse per week afgeneem moet word. In die meeste gevalle word daar in totaal by elke vak nege toetse afgeneem, drie langer toetse en ses korter toetse. Weens die onvoorbereide toetse word dus van leerders verwag om elke dag hulle werk te hersien. Die onvoorbereide toetse word by die voorbereide toetse ingereken om die finale punt te bekom. In die meeste gevalle word heelwat minder toetse by vakke in Suid-Afrika se staatskole geskryf.

#### □ **VREEMDE VAKTERMINOLOGIE**

Soos reeds genoem, kan leerders wat in 'n ander taal as Engels onderrig ontvang het, sekere terminologie nie verstaan nie totdat hulle gewoon geraak het aan die nuwe lesinhoud. Totdat dit gebeur sal hulle akademies nie optimaal kan presteer nie. In Suid-Afrika besoek die meeste leerders skole waar hulle tot aan die einde van Graad 12 onderrig in hulle moedertaal kan ontvang en gevolglik nie akademiese probleme, as gevolg van ontoereikende taalvaardighede, sal ervaar nie.

#### □ **NUWE VAKKE**

Leerders sal ook aan nuwe vakke bekend gestel word veral ten opsigte van tale. Die meeste internasionale skole in Botswana vereis van sy leerders om Frans as vak te neem en die meeste leerders uit Suid-Afrika sal geen agtergrond van die taal hê nie.

Bogenoemde faktore kan 'n kragtige invloed uitoefen op die leerder se studiemotivering, studiebenadering en akademiese selfkonsep, wat weer op hulle beurt tot akademiese mislukking kan lei.

Leerders uit Suid-Afrika, sowel as ander leerders wie se huistaal van hulle onderrigtaal verskil en hulle nuut in Botswana bevind, ervaar dikwels ook angs en spanning ten opsigte van die eise en verwagtinge wat nie duidelik deur die onderwysers gestel word nie. Ontoereikende empatie aan die kant van die onderwysers is nog 'n probleemarea vir nuwe leerders in Botswana se privaatskole en dit kan dikwels lei tot verdere studie- en aanpassingsprobleme.

### **3.2.4 SOSIALE ORIËNTASIE**

Verskeie sosiale faktore kan só 'n nadelige invloed uitoefen dat leerders 'n mislukking van hulle studies maak. Dit is veral sosiale faktore wat in verband staan met die leerder se buite-kurrikulêre en nie-formele skoolprogram wat tot akademiese probleme kan aanleiding gee. Weens die baie meer liberale siening in die internasionale, privaatskole word leerders aan baie meer, baie gouer blootgestel. Leerders wat van skool verwissel moet sosiale aanpassings maak en ten einde vriendskapsbande, wat vir leerders wat van skool verwissel as ondersteuning kan dien, te sluit. Verder moet hulle sosiaal so aanpas dat hulle aan die eise van die portuurgroep waarbinne hulle, hulle bevind, sal voldoen.

Leerders wat nie net van skool nie, maar in die geval ook van land verwissel, sal soveel meer aanpassings moet maak (Ngwenyana, 1999:101).

### **3.2.5 SOSIO-POLITIEKE TOESTANDE**

Die verskynsel van politieke onrus in skole in Suid-Afrika word al hoe meer algemeen. Dit is dié een faktor wat geen invloed, of dan eerder 'n positiewe invloed, op die akademiese prestasie van leerders uit Suid-Afrika in Botswana se privaatskole kan hê. Die rede hiervoor is die feit dat politieke onrus, in die privaatskole en selfs staatskole van Botswana, ongekend is (Ngwenyana, 1999:34).

### **3.2.6 GESINSAGTERGRONDPROBLEME**

Die gesinslewe van enige leerder kan 'n baie belangrike rol speel in die bepaling van sy akademiese sukses. Hoe meer stabiel en harmonieus die gesinsagtergrond is, hoe makliker sal die leerder akademies suksesvol kan wees en aanpas. Volgens Chamont (1988:131) het leerders se gesinsagtergrond 'n baie bepalende invloed op hulle vermoë om by nuwe skole aan te pas. Binne die gesinsverband mag bepaalde faktore soos ouerlike konflik, finansiële probleme en die aanwesigheid of afwesigheid van een of beide ouers 'n betekenisvolle invloed op leerders se akademiese sukses en aanpassing by 'n nuwe skool hê.

Klopper (1984) soos aangehaal deur Roberts (1994:85) onderskryf die feit dat gunstige huislike omstandighede tot goeie aanpassing en gevolglike goeie akademiese prestasie kan lei. By die meeste leerders in Botswana is dit gewoonlik die moeder wat moeiliker aanpas aangesien sy gewoonlik heeldag alleen by die huis deurbring terwyl die vader werk. Die hoofrede hiervoor is dat die meeste mans, wat nie Botswana-burgers is nie, maar wel in Botswana woonagtig is, vir maatskappye werk. Die betrokke maatskappye sorg vir verblyfpermitte vir die werknemer en sy gesin. Om werkspermitte te bekom is egter baie moeiliker en om die rede is die meeste buitelandse vroue nie werksaam nie. Daar is ook wetgewing wat bepaal dat alle poste geadverteer moet word voordat iemand aangestel kan word. Die advertensie moet dan die aansoek vir 'n werkspermit vergesel (Perry, 2001). Konflik tussen die ouers kan deurwerk na die kinders en ook hulle aanpassing belemmer. Die invloed van ouers by die bepaling van sukses of uitsakking word dikwels onderskat (Sallah-Mata, 1998:12).

### **3.3 FAKTORE WAT DIE AKADEMIESE PRESTASIE VAN LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA KAN BEÏNVLOED**

Daar is verskeie faktore wat die akademiese prestasie van leerders kan beïnvloed. Elke leerder is uniek en daarom sal al die faktore nie noodwendig op elke leerder se akademiese prestasie 'n negatiewe uitwerking hê nie. Daar sal vervolgens aan sommige faktore, wat wel die akademiese prestasie van Afrikaanssprekende leerders in die internasionale, privaatskole van Botswana kan beïnvloed, aandag gegee word (Mpofunyana, 1999:98). Alhoewel die faktore die prestasie van enige leerder wat van skool verwissel kan beïnvloed, is die verskuiwing oor land- en kultuurgrense heen meestal meer traumaties wat gevolglik die invloed op akademiese prestasie meer kan beïnvloed.

#### **3.3.1 SWAK AKADEMIESE REKORD**

Daar bestaan 'n positiewe korrelasie tussen vorige akademiese prestasie en akademiese prestasie aan 'n nuwe skool. Daar kan aan die hand van 'n leerder se vorige akademiese uitslae tot 'n mate voorspel word hoedanig 'n leerder sal vorder ten opsigte van sy studies in die nuwe skool (Foster & Lea, 1990:59). In baie gevalle kan 'n leerder uit Suid-Afrika wat byvoorbeeld Engels op tweede taalvlak gedruip het en nou die vak skielik op eerste taalvlak moet neem akademies suksel. As 'n leerder se vermoë om in Engels te kommunikeer swak is, kan van sy ander vakke ook, wat nou slegs in Engels gedoseer word, vir hom probleme veroorsaak, en kan hy gevolglik akademies suksel.

#### **3.3.2 BEPERKTE INTELLEKTUELE MOONTLIKHEDE**

Volgens Weideman (1989:9) is intelligensie een van die kognitiewe faktore wat 'n betekenisvolle invloed op die akademiese prestasie van leerders kan uitoefen. Intelligensie word tradisioneel as die beste enkele voorspeller van akademiese prestasie beskou. Daar kan dus algemeen aanvaar word dat leerders met 'n hoër intelligensiesyfer beter behoort te presteer op akademiese gebied, en beter sal aanpas tydens skoolwisseling, as leerders met 'n laer intelligensiesyfer (Mouton, 1988:1).

Volgens Seifert (1987) soos aangehaal deur Roberts (1994:104) sal leerders met hoër intelligensietellings geneig wees om goed te vaar in vakke waar taal en beredenering aan die orde van die dag is, terwyl dié met laer intelligensietellings swakker daarin sal vaar. Hoe meer verbaal die leerinhoud is, hoe hoër blyk die korrelasie tussen intelligensie en akademiese prestasie te wees. Hoe minder die

leerinhoud van taalvermoë afhanklik is, hoe laer die korrelasie. Waar leerders skielik moet oorsakel van lesaanbiedings in hulle moedertaal, na aanbiedings in Engels, sal hulle intelligensie hulle sukses tot 'n groot mate help bepaal.

Maily (1991) en De Wet (1981), soos aangehaal deur Roberts (1994:105), beweer dat 'n intelligensiesyfer slegs 'n aanduiding gee van hoe 'n leerder kan presteer en nie hoe hy noodwendig sal presteer nie. Dit is egter van belang om daarop te wys dat intelligensie slegs een persoonlike faktor is. Goeie intellektuele vermoë alleen is nie genoeg om akademiese sukses of mislukking te verseker nie (Mandel & Marcus, 1988:19).

Nieteenstaande die feit dat enkele navorsers nie 'n beduidende verband tussen intelligensiesyfer en akademiese prestasie aantoon nie, toon die oorgrote meerderheid navorsers dat leerders wat oor 'n hoë intelligensiesyfer beskik, waarskynlik meer sukses op akademiese gebied sal behaal as leerders wat oor 'n laer intelligensiesyfer beskik. Tog is die blote beskikking oor hierdie potensiaal geensins 'n waarborg vir akademiese sukses nie, want verskeie leerders in sekondêre skole presteer swakker as waartoe hulle in staat is as gevolg van 'n verskeidenheid ander faktore (Vergelyk 3.3). Dit blyk dus dat 'n goeie intellektuele vermoë nie voldoende is vir 'n goeie akademiese prestasie nie (Roberts, 1994:105).

### **3.3.3 ONGUNSTIGE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE**

Die begrip persoonlikheid het baie betekenis en verskillende fasette van die menslike persoonlikheid (of persoonlikheidseienskappe) kan onderskei word. Voorbeelde hiervan sluit onder andere in aanleg, belangstelling en emosionaliteit. Bepaalde persoonlikheidseienskappe van leerders kan daartoe aanleiding gee dat hulle nie toereikend akademies presteer nie, byvoorbeeld emosionele stabiliteit, ekstreme introversie, 'n lae selfkonsep sowel as gebrekkige motivering (Smith, 1988:130).

Volgens Yaounde (1988:130) vertoon talle leerders wat van skool verwissel het, persoonlikheidskenmerke wat 'n betekenisvolle invloed op hulle akademiese prestasie kan uitoefen. Hy identifiseer die volgende kenmerke wat ook in groot mate vandag nog, op leerders wat hulle in Botswana bevind, van toepassing gemaak kan word :

□ **PSIGIESE DISORIËNETASIE**

Ongeborgenheid en onsekerheid in die nuwe onderwysomgewing van Botswana

□ **SOSIALE DISORIËNTASIE**

Beïnvloedbaarheid deur die nuwe portuurgroep waarin hy hom nou bevind

□ **SKYNSEKERHEID**

Veral die senior primêre en sekondêre skoolleerder is beterweterig, moeilik oortuigbaar, wys die meeste reëls en regulasies af, maar is nogtans onseker en besig om 'n eie identiteit te vestig

□ **STORM EN DRANG**

Die leerder in die nuwe skool soek egte sinbelewinge, is vol idealisme en sy uitingswyses is dikwels botsend met die waardes van die nuwe skool waar hy hom nou bevind

Romine (1988) en Crowell (1989) soos aangehaal deur Lanza (1993:54) kom tot die gevolgtrekking dat presteerders geneig is om ernstig, hardwerkend en konsekwent te wees, met 'n sterk behoefte om op akademiese gebied uit te styg. In teenstelling hiermee is onderpresteerders ligsinnig en traag om te werk en beskik hulle nie oor 'n sterk motiveringsdrang om akademies te presteer nie.

### **3.3.4 ONTOEREIKENDE STUDIEVAARDIGHEDE**

Jacobs (1986:68) wys daarop dat daar geen kitsklaar of absolute studiemetode vir enige leerder bestaan nie. Die kern van studiemetodes en –sukses is dat die leerder begelei word om vir homself 'n studietegniek uit te werk en studiegewoontes aan te kweek wat die beste by sy eie persoonlikheid en studieomstandighede pas.

Volgens Brimer (1989:56) kan die aanname gemaak word dat swak akademiese prestasie dikwels herlei kan word na foutiewe of swak studiegewoontes, -houdings, en –metodes.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat daar 'n verband bestaan tussen ontoereikende studievaardighede by dié leerder en swak akademiese prestasie. Leerders wat skielik met nuwe vakke in 'n nuwe medium van onderrig te doen kry en boonop in 'n skool aanland waar daar 'n groot uiteenlopendheid van kulture is, sal heel moontlik sy studiemetodes moet aanpas om akademies suksesvol te wees (Vergelyk 3.2.2).

### **3.3.5 SKOOLVERWISSELING**

'n Bydraende faktor wat tot akademiese probleme by leerders uit Suid-Afrika wat hulle in Botswana bevind en van skool moes verwissel, kan aanleiding gee, is die gaping tussen die kurrikulum wat in Botswana gevolg word in teenstelling met die een wat in Suid-Afrika gevolg word. Die werkslading is meer en baie meer word van die leerder self verwag. Die tempo en medium van onderrig verskil meestal van die vorige skole en tot en met die verskille oorkom is, kan die leerder se akademiese prestasie negatief beïnvloed word (Lanza, 1993:10)(Vergelyk 2.2.1.1).

As dit by die keuse van 'n goeie privaatskool kom, aangesien die verwisseling van skool heel moontlik reeds vir die leerder traumaties kon wees, is daar 'n hele aantal faktore wat ouers sowel as leerders in gedagte moet hou aangesien dit 'n groot bydraende faktor kan word as daar na leerders uit Suid-Afrika se aanpassing gekyk word. Daar het onlangs 'n berig in een van Botswana se plaaslike koerante verskyn met die opskrif "*Private Education – Which School ?*" (Guardian, 2002:27) In die betrokke berig word daar bepaalde faktore neergelê om ouers te help om die beste skool vir sy kind te kies. Die faktore sal vervolgens kortliks bespreek word in die lig daarvan dat dit kan bydrae tot 'n leerder se aanpassing in 'n betrokke skool al dan nie.

#### **□ KLASGROOTTES**

Hier word nie net na die fisiese geboue verwys nie maar ook na die getal leerders per klas. Hoe groter die getal leerders per klas, hoe minder individuele aandag sal 'n spesifieke leerder ontvang (Vergelyk 3.2.3). As ouers dus skole besoek om die beste skool vir hulle kind te vind, moet daar navraag gedoen word ten opsigte van die gemiddelde getal leerders per klas. Die ideale getal volgens internasionale skole se standaard is 20 leerders per klas. Waar 'n leerder spesifieke behoeftes het, soos Afrikaanssprekende leerders wat nog die taal



moet baasraak, is kleiner klasse ideaal. Daar is egter ook soms nadele verbonde aan klasse wat te klein is wat later in die studie bespreek sal word

#### □ **AKADEMIESE UITSLAE**

Hierdie faktor speel 'n groter rol as dit by die keuse van sekondêre skole kom. Dit is tog ook belangrik dat ouers hulle self vereenselwig met die kurrikulums wat 'n bepaalde primêre skool volg, voordat hulle op 'n skool besluit. Sommige skole is akademies sterker op sekere gebiede en as 'n leerder bepaalde behoeftes in 'n sekere vakgebied, byvoorbeeld Musiek of Kuns het, kan dit 'n belangrike faktor word as daar op 'n bepaalde skool besluit word, aangesien dit kan bydra tot 'n leerder se aanpassing al dan nie.

#### □ **REKENAAR TOEGANKLIKHEID/GEVORDERDHEID**

Hierdie is 'n baie belangrike faktor, in die samelewing waarin ons vandag leef, as dit by die keuse van 'n skool kom. In ons hedendaagse samelewing vorm rekenaars 'n belangrike element van enige leerder se opvoeding en hoe gouer 'n leerder aan rekenaars blootgestel word en bepaalde vaardighede ontwikkel, hoe beter. Ouers behoort by die keuse van 'n skool vas te stel hoeveel rekenaars vir leerders beskikbaar is, en hoeveel uur per week elke leerder toegang tot 'n rekenaar sal hê. Ouers behoort verder navraag te doen oor die kwalifikasies van die rekenaar onderwyser, indien daar wel 'n voltijdse onderwyser vir die vak is. Ouers moet ook navraag doen oor die toeganklikheid van die Internet aangesien veral sekondêre leerders aangemoedig word om navorsing op die Internet te doen. Dieselfde beginsel wat by bepaalde vakke en aktiwiteite geld, geld ook hier. Indien 'n leerder in rekenaarstudie presteer, sal 'n skool wat oor 'n goed toegeruste rekenaarlaboratorium beskik, 'n bydraende faktor in 'n leerder se aanpassing kan speel.

#### □ **SPORTGERIEWE**

As dit by die keuse van 'n bepaalde skool vir leerders kom, speel sportfasiliteite 'n belangrike rol vir sommige ouers en leerders. Navraag behoort gedoen te word ten opsigte van watter sportsoorte aangebied word en in watter dié spesifieke skool uitblink. Weens die warm weersomstandighede in Botswana doen baie ouers ook navraag of die skool oor 'n swembad beskik en of swemlesse aangebied word. Indien 'n leerder uitblink het in 'n spesifieke sportsoort by sy vorige skool in Suid-Afrika behoort 'n skool gekies te word waar dié betrokke sportsoort aangebied word aangesien dit kan bydrae dat 'n leerder makliker

aanpas. Die rede hiervoor is dat indien hy goed is in 'n sekere sportsoort of aktiwiteit, sy selfbeeld bevorder kan word en sal hy makliker by die nuwe internasionale onderwysomgewing van Botswana kan aanpas.

#### □ **GELOOF**

Daar is 'n paar Christelike skole sowel as skole wat ander gelowe soos byvoorbeeld die Moslem-geloof aanhang. By die keuse van 'n skool kan die betrokke faktor vir ouers belangrik wees indien hulle die kind met sekere norme en waardes as riglyn wil laat onderrig. Ouers behoort egter seker te maak dat indien 'n skool wel godsdiensonderrig as deel van die kurrikulum onderrig, dit multikultureel van aard is en geen geloof afgekraak word nie. Baie van die skole beoefen geen vorm van godsdiensonderrig nie, en indien 'n gesin baie sterk geloofsoortuiging het, kan 'n leerder se aanpassing hierdeur gerem word.

#### □ **AKTIWITEITE**

Die spesifieke faktor, by die keuse van 'n skool, is nou verbonde aan sportfasiliteite. Indien 'n leerder uitblink het in 'n sekere aktiwiteit by sy vorige skool, behoort 'n skool gesoek te word waar die aktiwiteit aangebied word. Soos reeds genoem, kan dit heelwat help met 'n leerder se selfbeeld en moontlik bydra dat 'n leerder makliker aanpas. Daar word meestal, as dit by buitemuurse aktiwiteite kom, vergeet van verskille ten opsigte van ras, kultuur en agtergrond en leerders vorm bloot deel van 'n groep wat dieselfde aktiwiteit geniet. Dit is hier waar leerders deel word van 'n groep en maats maak met ander leerders wat in dieselfde aktiwiteite belangstel.

#### □ **BUIGBAARHEID/AANPASBAARHEID VAN ROOSTER**

Vir sommige ouers kan hierdie moontlik 'n baie belangrike faktor wees. Aangesien die vakansies, as gevolg van die kwartaalstelsel van Suid-Afrikaanse skole nie met die termynstelsel van skole in Botswana ooreenkom nie, kan dit gebeur dat ouers buite die Botswana skoolvakansie leerders om die een of ander rede uit die skool sal wil haal. Aangesien die privaatskole van Botswana ook nie 'n vasgestelde jaarprogram het nie, sluit al die skole nie op dieselfde tyd nie en het hulle ook nie dieselfde getal vakansiedae nie. Ouers kan na 'n betrokke skool se jaarprogram kyk en dan besluit wat sal hulle die beste pas. Veral ouers wat leerders in verskillende primêre en sekondêre skole in Botswana het of selfs leerders in Suid-Afrika en Botswana op skool het, se besluit om sy kind in 'n spesifieke skool te plaas kan deur dié faktor beïnvloed word.

## □ **KOSTE**

Private onderwys in Botswana is geweldig duur. Vir baie ouers is dit seker die belangrikste faktor as dit by die keuse van skool kom. Alhoewel baie maatskappye vir hulle werknemers se kinders se skoolopleiding betaal, is daar ook baie gevalle waar slegs 'n sekere bedrag as deel van die salaris aan onderwysvoorsiening afgestaan word. Ouers behoort navraag te doen oor skoolfooie, wanneer die fooie betaalbaar is en wanneer die fooie verhoog gaan word. Verder moet daar ook in gedagte gehou word dat uniforms redelik duur is en in die meeste gevalle sluit die skoolfooie ook nie boekfooie of buitemuurse aktiwiteitsfooie in nie. As al die faktore in gedagte gehou word, kan dit vermy word dat leerders tussen skole moet beweeg as hulle ouers nie meer 'n bepaalde skool kan bekostig nie aangesien dit baie negatief op 'n leerder se aanpassing kan inwerk

## □ **ATMOSFEER**

Die eerste indrukke van ouers en leerders by 'n betrokke skool is belangrik. Baie Suid-Afrikaanse ouers, sowel as leerders, word teleurgestel omdat skole in Botswana nie groot lowergroen grasperke en sportvelde het nie. Ouers behoort eerder te kyk na of die skool skoon en netjies is en of hulle tuis voel as hulle in die kantoor ontvang word. Talle leerders sal ook sê hulle voel nie tuis by 'n betrokke skool nie en dit behoort in aanmerking geneem te word aangesien hulle daar sal moet aanpas. Indien 'n leerder nie tuis voel in die skoolomgewing nie, kan dié kind se aanpassing belemmer word.

## □ **PERSONEEL**

Vir baie ouers is die personeel, en tot 'n groot mate die skoolhoof, van 'n betrokke skool 'n groot faktor as dit by die keuse van skool kom. Ouers uit Suid-Afrika sal veel eerder 'n skool kies waar byvoorbeeld vyftien Suid-Afrikaanse onderwysers is, as 'n skool met geen Suid-Afrikaanse onderwysers nie. Talle ouers voel die onderwysers behoort hulle betrokke kind te help om aan te pas aangesien hulle agtergrond in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel behoort te hê en weet hoe dit van die betrokke skool se kurrikulum verskil. Hoofde wat simpatiek staan teenoor leerders wat vir die eerste keer onderrig in Engels gaan ontvang, kan ouers se keuse van 'n betrokke skool ook beïnvloed.

Aangesien dit meestal ouers is wat die keuse van 'n skool vir sy kind maak, is dit belangrik vir ouers om al die faktore in gedagte te hou aangesien dit grotendeels tot 'n leerder se aanpassing kan lei.

Alhoewel die keuse van 'n goeie privaatskool in Botswana 'n bydraende faktor in 'n leerder se goeie akademiese prestasie kan speel, kan skoolwisseling ook 'n faktor wees. Die hele aangeleentheid van skoolwisseling as oorsaak van swakker akademiese prestasie sal voorts bespreek word.

### **3.4 SKOOLWISSELING AS OORSAAK VAN SWAKKER AKADEMIESE PRESTASIE**

Skoolverwisseling is vir enige leerder 'n ontwrigting. Dit impliseer in dié geval meer as net woonplekverwisseling maar ook landsverwisseling wat 'n groter ontwrigting in die lewenssituasie van die leerder veroorsaak. Die skoolverwisselaar ontbeert met dié skoolverwisseling tussen Suid-Afrika en Botswana onder meer gebondenheid aan 'n bepaalde skool, die vertrouwe in bekende onderwysers, medium van onderrig, bekende buurt en woonmilieu.

#### **3.4.1 HOOFOORSAKE VIR DIE VERSKUIWING VAN LEERDERS VANAF SUID-AFRIKA NA DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA**

Lackay (2000:3) het in Die Beeld van 17 Julie 2000 'n berig geskryf met die opskrif "Swak somme is die skuld van onderwys". In sy artikel het Lackay geskryf dat een uit elke vier onderwysers in Suid-Afrika se staatskole ondergekwalfiseerd is om vakke soos Wetenskap, Wiskunde en selfs tale te doseer. Dit word aangegee as die hoofrede waarom die syferkennis van leerders in Suid-Afrika van die laagste in Afrika is. Die skokkende nuus het aan die lig gekom na 'n ondersoek deur die Verenigde Nasies se *UNESCO* en *UNICEF*. Die syferkennisvlak van 10 000 Suid-Afrikaanse leerders was gemiddeld 30% teenoor die 51% van Botswana, wat die hoogste in Afrika is.

Uit die bogenoemde kan afgelei word dat leerders in Botswana beter onderrig kan ontvang aan die hand van beter gekwalifiseerde onderwysers en gevolglik akademies beter kan vaar. Voor daar egter hierna gekyk kan word, sal daar eers aandag gegee word aan die hooforsake vir die beweging van leerders uit Suid-Afrika na Botswana.

Ouers van leerders wat na Botswana verhuis, het 'n keuse om óf die leerders in Suid-Afrika in koshuise of by familie agter te laat óf die leerders saam met hulle na Botswana te laat verhuis. In albei gevalle is daar voordele sowel as nadele. Sou die leerders saam met hulle ouers verhuis en gevolglik van skool moet

verwissel, is daar 'n paar redes wat aangevoer kan word hoekom ouers besluit het om wel die leerders saam met hulle te laat verhuis.

Die hele kwessie van skoolwisseling kom nou ter sprake. Daar kan tussen interne sowel as eksterne oorsake onderskei word, as die kwessie van skoolwisseling ondersoek word. Ouers sal gewoonlik 'n sekondêre skoolleerder baie makliker agterlaat as wat die geval by 'n primêre leerder is. Daar sal vervolgens 'n paar van dié oorsake, wat op die leerders in Botswana se sekondêre, privaatskole van toepassing gemaak kan word, toegelig word.

### **3.4.1.1 INTERNE OORSAKE**

#### **□ FISIESE OORSAKE**

Wanneer dit blyk dat 'n leerder as gevolg van een of ander gestremdheid soos blindheid of hardhorendheid, nie voordeel uit algemene onderwys kan kry nie, word buitengewone onderwys aan so 'n leerder gebied. Ouers wat na Botswana verhuis sal sulke leerders selde agterlaat en eerder hulle in 'n spesiale skool in Botswana plaas. Daar is tans slegs een sekondêre, privaatskool in Botswana wat onderrig aan leerders met fisiese gebreke verskaf. Ofskoon daar talle inrigtings is, is dié skool die enigste een wat onderrig in akademiese vakke met die behulp van die “*School of Tomorrow*” se *PACE*-program aan sulke leerders verskaf (Beardsmore, 1988:109).

#### **□ EMOSIONELE OORSAKE EN AKADEMIESE PRESTASIE**

Talle ouers sal leerders in ander skole plaas indien die leerder volgens die ouer nie akademies goed presteer nie. Talle ouers bring hulle kinders na Botswana se privaatskole omdat die standaard van onderwys soveel beter is. Dit gebeur egter tog soms dat dié leerders, weens akademiese of ander redes, nie aanpas nie en dan weer na 'n skool in Suid-Afrika gestuur word (Abisheque, 1991:27).

#### **□ ONTWIKKELINGSAFWYKINGS**

Dit gebeur soms dat 'n kind as gevolg van ongelukkigheid of 'n swak voorbeeld van sy ouers byvoorbeeld te veel eet en oorgewig raak of bloot baie slordig is. So kan die vet kind dikwels die slagoffer van teistering deur sy portuurgroep word en mag hy later heeltemal deur die groep uitgewerp word. Leerders wat “anders” is as die res van die groep sal ongelukkig altyd uitgesonder word. Dit geld vir

leerders wat langer as die res van die groep is, korter, maerder ensovoorts. Sou dié leerder dus die geleentheid kry om saam met sy ouers na 'n nuwe onderwysomgewing te verhuis, al sou dit sekere aanpassings vereis, kan hy die kans aangryp (Beardsmore, 1988:110). Daar is geensins 'n waarborg dat so leerder nie dieselfde probleme sal ondervind nie, maar talle leerders sien die verskuiwing na 'n nuwe skool as 'n uitkoms en 'n nuwe begin (Beardsmore, 1988:112).

#### □ **KOGNITIEWE OORSAKE**

Waar leerders as gevolg van onvermoë nie die voordele uit algemene onderwys kan trek nie, word spesiale onderwys aan hulle gebied. Volgens Kruger soos aangehaal deur Viljoen (1993:15) is dit vir sommige ouers 'n sensitiewe aangeleentheid en kan hulle die proses van klassifikasie, van so 'n leerder, so vertraag deur hom van omgewing en skool te laat verwissel. Die ouers voel dikwels dit is beter vir sulke leerders om na 'n nuwe skool te gaan waar daar nog geen etikettering plaasgevind het nie. Vir sulke ouers is dit op die kort termyn 'n uitweg om hom saam met hulle na Botswana te laat verhuis.

#### □ **LEERPROBLEME**

Dit kan gebeur dat leerders nie vorder soos van hulle verwag word nie. Versteurende faktore soos opvoedingsverwaarlosing en opvoedkundige verwaarlosing sowel as persoonlikheidsfaktore en neurologiese faktore kan die skolastiese prestasie van leerders belemmer. Ouers van sulke leerders kan ook dit as 'n nuwe uitweg sien deur hulle kinders saam te neem as hulle na Botswana verhuis, eerder as om hulle in koshuise agter te laat, met die hoop dat die leerders beter sal vaar in 'n nuwe onderwysomgewing met 'n nuwe onderwysstelsel.

### 3.4.1.2 EKSTERNE OORSAKE

#### □ SKORSING

Skorsing is seker die rede wat die minste voorkom wanneer leerders deur hulle ouers in Botswana se privaatskole geplaas word. Skorsing beteken dat die hoof van 'n betrokke 'n skool kragtens die diskresie wat hy as hoof mag uitoefen, 'n leerder tydelik uit die skool mag verwyder en verdere toegang tot die skool ontsê totdat die Direkteur van Onderwys 'n beslissing gee ten opsigte van die skorsing van die spesifieke leerder (Viljoen, 1993:16).

#### □ MOBILITEIT

Mobiliteit dui op die beweging van mense wat hoofsaaklik die oorsaak van woonplekverwisseling is. Verskeie faktore kan aanleiding gee tot mobiliteit. Die vernaamste oorsaak, soos weergegee deur Viljoen (1993:16), met verwysing na skoolverwisseling en probleme wat as gevolg van mobiliteit van leerders ervaar word, sal kortliks bespreek word :

- **MIGRASIE**

Migrasie kan as vorm van ruimtelike mobiliteit by die mens beskou word. Die begrip is breed en omvattend en sluit alle vorms van menslike beweging in die ruimtelike sin in, met die uitsluiting van sy daaglikse sosiale en ekonomiese bedrywighede (Viljoen, 1993:16). Vir die doel van die studie sal migrasie dui op die beweging vanaf Suid-Afrika na Botswana.

Abbot (1995:98) definieer migrasie as die doelbewuste, vrywillige en beplande beweging van mense van een geografiese gebied, vir die doel van die studie vanaf Suid-Afrika, na 'n ander, in die geval Botswana. Die motivering van potensiële migreerders is hoofsaaklik geleë in die verbetering van sosiale en ekonomiese toestande. Solank die mens se behoeftes bevredig word, is hy geneig om in dieselfde gemeenskap te bly. Migrasie kan dus gesien word as die reaksie op die gevolg van sosio-ekonomiese verandering (Jacobs & De Jong, 1988:9).

Migrasie van leerders tussen Suid-Afrika en Botswana geskied waar leerders óf deur hulle ouers se besluit óf as gevolg van hulle eie keuse van skool verwissel, om sodoende hulle by een van die privaatskole in Botswana in te skryf.

- **ARBEIDSMIGRASIE EN BEROEPSMODALITEIT**

Arbeidsmigrasie is waar die hoof van die gesin deur sy werk verplaas word as gevolg van werksverpligtinge (Viljoen, 1993:18). Dit gebeur soms dat die hele gesin saam met die broodwinner trek of in ander gevalle weer agterbly. Talle Suid-Afrikaanse maatskappye het die afgelope tien jaar takke in Botswana oopgemaak en werkers van hulle aanlegte in Suid-Afrika na Botswana verplaas. Talle werkers het aanvanklik alleen getrek maar tog het baie se gesinne hulle gevolg. Die ouers kon weer eens besluit of die kinders sou saamgaan of in Suid-Afrika agterbly. In baie gevalle het die kinders aanvanklik agtergebly maar tog hulle later by hulle ouers aangesluit.

'n Ramp het egter onlangs een van die maatskappye in Botswana getref toe dié gelikwieder is en meer as 500 broodwinners hulle werk verloor het. Die kinders van dié werkers moes noodgedwonge weer saam met die gesin trek, en baie moes binne 'n jaar van groot aanpassings, as gevolg van skoolverwisseling oor landsgrense heen, weer van skool verwissel. Die aanpassings van dié betrokke leerders het gevolglik weer van voor af begin.

- **RAMPE – NATUURLIK EN MENSGEORIËNTEERD**

Met rampe word daar nie slegs na natuurrampe verwys nie maar ook na rampe wat die gesin kan beïnvloed soos dood in die gesin, die geweld in Suid-Afrika wat die gesin spesifiek geraak het en so meer. Rampe het 'n groot invloed op die mobiliteit van mense. Wanneer daar gedink word aan die invloed van rampe, kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat dit nie net 'n invloed het op die volwassene nie maar ook op die kind, wat geen aandeel het aan die besluitneming nie. In Suid-Afrika waar geweld aan die orde van die dag is, soek baie ouers 'n beter toekoms vir hulle kinders. Talle gaan oorsee maar net so baie het na ander Afrika lande uitgewyk waarvan Botswana by verre die gewildste een is. Meer as 250 000 Suid-Afrikaners het reeds gedurende 1999 Botswana hulle woonplek gemaak omdat hulle voel Botswana is 'n veiliger land en kan 'n beter toekoms vir hulle en hulle kinders bied. (Vergelyk 1.1).



## □ TOESTAND IN DIE SKOOL

Viljoen (1993:22) is van mening dat nie slegs die kind skoolweerbaar moet wees nie. Skoolweerbaar beteken die kind moet nie net in staat wees om die invloede van die skool ten beste die hoof te bied en sinvol te verwerk nie, maar die skool moet daarenteen ook kinderweerbaar wees. Die internasionale skole moet soveel te meer sensitief staan teenoor leerders om aan elkeen 'n sinvolle leerervaring te bied.

Volgens Badenhorst (1993:251) is die skool in besonder toegerus om kennis en vaardighede op sistematiese wyse aan die leerders oor te dra. In die skool word die leerder bewus gemaak van die talle aspekte van die lewe en van die eise wat aan hom gestel sal word in die uitvoering van sy lewenstaak. Slaag die skool nie in hierdie doel nie, loop dit gevaar om sy houkrag op sommige leerders te verloor en dit lei tot reaktiewe aanpassings en gedragsversteurings.

Deur die eeue heen was die onderwyser medeverantwoordelik vir die opvoeding en onderwys van die kind. Die onderwyser is dié persoon wat die leerders in sy klas onderrig, hulle motiveer om te leer, hulle studie kontroleer, en indien nodig hulle straf. Die outoritêre funksie van 'n onderwyser is hoofsaaklik om die kind te laat leer eerder as om die kind te onderrig. Al hierdie aksies moet so uitgevoer word dat dit nie die leerders sal benadeel nie, maar eerder tot hulle ontwikkeling sal bydra. Wanneer die onderwyser binne of buite die skool in beheer van 'n groep leerders is, is hy ten volle verantwoordelik vir hulle optrede en veiligheid (Piek & Mahlangu, 1990:62).

Daar sal vervolgens gekyk word na die houding van onderwysers as oorsaak van skoolwisseling.

## □ HOUDING VAN ONDERWYSERS AS OORSAAK VAN SKOOLWISSELING

Dit gebeur soms dat die houding van onderwysers leerders noodsaak om van skool te verwissel. By Afrikaanse leerders wat na Botswana verhuis, kan dit gebeur dat hulle aanvanklik eers agtergebly het, maar weens verskeie redes later tog besluit het om hulle by hulle ouers in Botswana aan te sluit. Die ondersoeker het na verskeie gesprekke met ouers tot die slotsom gekom dat onderwysers se houding teenoor hulle kinders, veral as hulle in 'n buurdorp in 'n koshuis agtergebly het, 'n baie groot invloed op die ouers se besluit, om hulle kinders in Botswana te laat skoolgaan, of in Suid-Afrika agter te laat, kan hê. Daar sal vervolgens na die meer negatiewe houding van onderwysers teenoor leerders as oorsaak van skoolwisseling gekyk word :

- **FOUTIEWE BESKOUINGS BY ONDERWYSERS OOR HULLE PROFESSIONALITEIT**

Die eise van die tyd bring mee dat die mens toenemend aangewese is op gespesialiseerde hulpverlening. Steungewing aan die kind vereis die hulp en kennis van 'n kundige, professionele persoon. Die onderwyser is die professioneel-opgeleide persoon wat behulpsaam kan wees met die uitvoering van die taak (Piek & Mahlangu, 1990:79). Leerders wat in koshuise, ver weg van hulle ouers af woon, is soveel te meer op die hulpverlening en ondersteuning van hulle onderwysers aangewese.

Van Schalkwyk (1990:49) beweer dat baie onderwysers 'n foutiewe begrip het ten opsigte van wat professionaliteit behels. Hierdie foutiewe begrip kan lei tot meerderwaardigheid, beterweterigheid, arrogansie en onaantasbaarheid by onderwysers. Die verabsoluttering van die onderwyser se professionaliteit kan in die weg staan van gesonde ouerbetrokkenheid by die skool en sodoende lei tot wrywing tussen ouers en onderwysers (Van Schalkwyk, 1990:49; Postma, 1987:210). Wrywing tussen ouers en onderwysers, veral as die kind in koshuis woonagtig is, kan daartoe aanleiding gee dat die ouer sy kind uit die betrokke skool sal haal. Waar ouers dus besluit om na Botswana te verhuis, sal hulle selde hulle kinders in 'n skool of koshuis agterlaat waar daar wrywing tussen hulle en van die onderwysers voorgekom het.

- **NEGATIEWE HOUDING VAN ONDERWYSERS**

Die onderwyser maak deur sy algemene voorkoms en optrede binne en buite die klaskamer 'n bepaalde indruk op leerders en die ouergemeenskap. Volgens Piek en Mahlangu (1990:67) behoort die onderwyser oor die volgende eienskappe te beskik : integriteit, regverdigheid, entoesiasme, hulpvaardigheid, vriendelikheid, hoflikheid, selfbeheersing, geduld, gelykmatigheid en pligmatigheid. Met hierdie eienskappe reik die onderwyser positief uit na sy omgewing.

Wanneer die onderwyser, wat 'n leidende en inisiërende rol in die opvoedende onderwys speel, negatief daarteenoor ingestel is, ontmoedig dit die ouers en leerders en lei dit tot onbetrokkenheid by die onderwysgebeure. Van Schalkwyk (1990:49) is van mening dat die ouer se gebrek aan belangstelling te wyte is aan die onwilligheid en gebrek aan leiding en inisiatief aan die kant van die onderwyser. Verskeie ouers met wie die ondersoeker in gesprek getree het, het aangevoer dat die negatiewe houding van onderwysers 'n baie groot invloed op hulle besluit, om hulle kinders eerder in een van Botswana se privaatskole te plaas, as om hulle in 'n koshuis in Suid-Afrika agter te laat, gehad het. Ouers projekteer hul positiewe sowel as negatiewe gevoelens op hulle kinders wat op hulle beurt tot skoolverwisseling kan lei indien die ouers sou besluit om na

Botswana te verhuis en hulle kinders saam te neem eerder as om hulle by dié betrokke skool agter te laat bly.

- **DIE BESKOUING DAT DIE ONDERWYSER EN OUER MET VERSKILLENDE TAKE BESIG IS**

Die beskouing “*Let us do the teaching, you do the parenting*”, weerspieël die skeiding wat daar gekom het tussen formele en informele onderwys (Viljoen, 1993:26). Die skeiding is aan die professionaliteit van die onderwyser toe te skryf. Vir formele onderwys moes mense spesiale en professionele opleiding ontvang, terwyl professionele beheer oor onderwys ’n aanvaarde praktyk geword het. Die beheer het daartoe gelei dat die skool soms al die inisiatief vir opvoedende onderwys oorneem en sodoende enige vorm van ouerdeelname demp (Van Schalkwyk, 1990:49). Professionele beheer oor die onderwys het ook die opvatting laat posvat dat slegs onderwysers oor die kennis, vaardigheid en deskundigheid beskik om kinders op te voed en te onderrig. Die gevolg is dat die skool en alle onderwyssake dikwels deur onderwysers as hulle eksklusiewe terrein beskou word. Hierdie siening van onderwysers kan lei tot skoolverwisseling deurdat die ouers voel hulle wil eerder hulle kinders in ’n skool plaas waar hulle meer betrokke kan wees by die opvoeding van hulle kind veral waar leerders in koshuise, ver van hulle ouers af, moet bly. Ouers wat na Botswana verhuis, en waar die moeder nie ’n beroep gaan beklee nie sal dus eerder in dié geval hulle kinders saam met hulle laat verhuis as om hulle agter te laat in ’n skool waar hulle nie toegelaat sal word om enige insae te hê nie. Baie ouers, met wie die ondersoeker in gesprek getree het, was bang dat, sou hulle kinders probleme ondervind, die ouers nie in die saak geken word nie.

- **VERABSOLUTERING VAN DIE ONDERWYSER SE OUTONOMIE**

Die outonomie van die onderwyser word gegrond op sy deskundigheid en status wat hy onder meer op grond van sy aanstelling deur die owerheid geniet. Hierdie outonomie van die onderwyser mag lei tot die veronderstelling dat hy meer en beter weet as die ouer, en dat hy selfs vir die ouer se onvermoëns en mislukkings kan kompenseer (Van Schalkwyk, 1990:51). Verder is ouers van mening dat hulle onkundig is oor onderwysaangeleenthede en laat onderwyssake dus aan skole en onderwysers oor. Die gedagte dat die skool die eksklusiewe terrein van die onderwyser is, skrik die ouer af om te betrokke by hulle kinders se skole te raak. Dit kan daartoe lei dat ouers besluit om hulle kinders saam met hulle na Botswana te laat verhuis met die hoop dat hulle by skole daar as ouers medesegeenskap sal hê en as ouers aanvaar word.

- **DIE ONDERWYSER-KINDVERHOUDING**

Aangesien die ouer vanweë die groeiende kompleksiteit van die samelewing nie meer alleen in die opvoedingsbehoefte van die kind kan voorsien nie, het die skool se aandeel in die opvoeding van die kind al hoe sterker na vore begin tree. Volgens Wallace (1988:80) moet die onderwyser dus in sy steuning aan die kind in sy ontwikkelingsproses na volwassenheid 'n veel groter verantwoordelikheid as vroeër op hom neem.

In die verhouding tussen die onderwyser en die leerder word swaar klem gelê op die buigzaamheid van die onderwyser. Die onderwyser moet dus in staat wees om sy optrede aan te pas by die eise wat die situasie aan hom stel (Wallace, 1988:87). Die verhouding tussen die onderwyser en die leerder bepaal in 'n groot mate wat die onderwyser verwag ten opsigte van die leerder. Die onderwyser moet bewus wees daarvan dat, om die regte verhouding te skep en te handhaaf, nie maklik is nie. Daar moet 'n samehorigheidsgevoel tussen almal in die klas wees, maar die onderwyser se plek moet radikaal van die van die leerder verskil. Die onderwyser moet belangstel in die kind se doen en late, hy moet simpatiek staan teenoor die kind se behoeftes en daar moet samewerking tussen die onderwyser en leerders wees.

Sou 'n ouer die gevoel kry dat onderwysers onsimpatiek teenoor sy kind as unieke persoon staan, kan dit bydra tot die besluit om die kind saam te laat verhuis na Botswana eerder as hom agter te laat waar daar geen waarborg is dat die onderwysers na die kind se behoeftes sal kan omsien nie.

- **DIE ONDERWYSER-LEERDER-VERHOUDING**

Die kleiner onderwyser-leerder-verhouding impliseer dat meer individuele aandag aan leerders gegee kan word en ouers kan voel dat Leerders in sulke klein klassituasies akademies beter sal vaar. Dit kan een van die vernaamste redes wees wat ouers laat besluit om hulle kinders saam te laat verhuis na Botswana.

- **KIND-KIND VERHOUDING**

Vir enige skoolkind is dit belangrik om deel van 'n groep te wees en deur dié groep aanvaar te word. Die kind wat “anders” is, word soms nie deur sy portuurgroep aanvaar nie en mag selfs deur sy maats gespot word. Die ouer van so 'n kind kan voel dit is beter om die kind uit die skool te haal en saam te neem eerder as om hom alleen agter te laat as hulle verhuis (Viljoen, 1993:28). Die

ouers kan van die standpunt af uitgaan dat indien hulle hul kinders in Botswana in 'n skool plaas, die kind as't ware kan oor begin met die hoop dat die kind beter aanvaar sal word in die nuwe omgewing.

### **3.5 DIE SAMELEWING EN OMGEWING**

Volgens Viljoen (1993:29), kan opvoeding as 'n eg menslike verskynsel en 'n gebeure wat hom tussen volwassenes en kinders in opvoedingssituasies voltrek, kan nie los gedink word van die samelewing wat dit omring en omsluit nie. Die gekompliseerdheid van die verwikkelde samelewing laat die opvoeding van die kind nie ongedeed nie en die opvoeder het met 'n moeilike opvoedingstaak te make aangesien die opvoedingssituasie in die skool, net soos in die gesin en die kerk, nie geïsoleerd van die samelewing staan nie, maar inherent deel daarvan vorm en daagliks daardeur beïnvloed word.

Daar is faktore uit die samelewing wat die opvoeding kan bevorder. Daar is egter ook faktore in die samelewing aanwesig wat die opvoeding nadelig kan beïnvloed of belemmer. Nadelige faktore in die samelewing, wat ook in die skool aanwesig mag wees, kan onder meer die volgende insluit: geweld, diverse lewens- en kultuurpatrone, meervoudige en dikwels botsende lewensnorme en uiteenlopende godsdienstige oortuigings (Viljoen, 1993:29).

Ouers wat verhuis kan dikwels voel dat hulle eerder hulle kinders saam met hulle sal neem as agterlaat aangesien hulle dan self nog 'n ogie oor die kinders kan hou, eerder as om hulle in die hande van ander agter te laat.

### **3.6 DIE SOSIALE ONTWIKKELING VAN DIE KIND EN DIE INVLOED VAN SKOOLVERWISSELING OP SY SOSIALE AANPASSING**

Die volwassene voed die kind op om 'n deelgenoot te word aan die samelewing en geleidelik daarby in te skakel. Die kind word dus begelei om die waardes en norme van die volwassene sy eie te maak en daarvolgens te handel. Die kind moet voldoende kennis van die eietydse samelewing opdoen om 'n volwaardige deelgenoot daarvan te word. Om hom in alle sosiale verbande te kan handhaaf, moet die kind kennis en sosiale vaardighede verwerf (Marais, 1993:22).

Wanneer 'n leerder van skool, en in die geval ook van land verwissel, vind daar gewoonlik 'n hele aantal veranderinge in die omstandighede, byvoorbeeld klimaat, omgewing, gesinsomstandighede, woonbuurt en kerk plaas. Die gevolge van verhuising wat skoolverwisseling tot gevolg het, kan die sosialisering van die kind beïnvloed. Die invloed van klimaatsverandering op die fisiese gesteldheid van die leerder, die moontlike verandering in die samestelling van die gesin as

byvoorbeeld een van die ouers afwesig is, die beroepstatus van die broodwinner, die finansiële posisie van die gesin, die aard van die huisvesting en buurt, is aspekte wat 'n invloed op die kind se sosiale aanpassing kan hê (Lakebrink, 1993:34). Alhoewel die faktore 'n invloed op enige leerder kan hê, kan leerders wat na 'n totaal nuwe, onbekende land verhuis, die verandering moontlik baie meer intens ervaar.

Daar sal vervolgens kortliks na dié faktore gekyk word en hoe dit 'n invloed op die akademiese sukses al dan nie van Afrikaanssprekende leerders in Botswana se privaatskole kan hê :

### **3.6.1 KLIMAAT**

In baie gevalle is die kind se algemene gezondheidstoestand afhanklik van die klimaatstoestand. Indien 'n leerder in 'n gebied gewoon het wat sy gesondheid nadelig beïnvloed het en hy verhuis na 'n omgewing waar die nadelige invloed nie meer aanwesig is nie, sal die fisiese toestand ook verbeter. Dit kan veroorsaak dat die kind meer skool sal kan bywoon en moontlik sal sy akademiese sukses toeneem. Die teenoorgestelde kan egter ook gebeur. Botswana is 'n ongelooflike, warm droë land met temperature wat in die Somermaande tot so hoog as 50°C kan styg. Leerders wat nie aan sulke temperature gewoond is nie, sal baie moeg en tam voel. Dit kan moontlik hulle akademiese prestasie negatief beïnvloed deurdat hulle bloot te warm kry om te studeer.

### **3.6.2 GESINSOMSTANDIGHEDE**

Die HAT (1992:1067) verklaar die woord gesin as 'n groep nouverwante persone bestaande uit die ouers en kinders of anders gestel groepsverwante persone wat in dieselfde huis woon.

Dit is in die gesin dat die kind sy reis na volwassenheid, na homself toe begin. Die gesin is en bly die belangrikste sosialiseringagent by die sosialisering van die kind. Sonder die gesin sal die kind nie die nodige fisiese en emosionele versorging ontvang nie. Die kind sal nie as volwaardige lid van die samelewing opgeneem kan word nie indien hy nie die sosiale vaardighede bemeester en voldoende fisiese en emosionele versorging ontvang het nie (Tosi, 1991:128). Gesinsopvoeding vorm die basis van alle latere opvoeding en gesinsverhoudinge is die basis van alle latere verhoudinge. Sosialisering is dus primêr die taak van die ouer wat aan die kind relevante inhoude voorhou en voortleef (Viljoen, 1993:42). Daar sal vervolgens meer aandag aan die samestelling, huistaal van die ouers, beskikbaarheid van die vader, buitenshuise arbeid deur die moeder,

huisvesting, finansiële posisie en woonbuurt gegee word en aangetoon word hoe hierdie faktore die sosialiseringproses en akademiese prestasie van Afrikaanssprekende leerders in Botswana kan beïnvloed.

#### □ **SAMESTELLING**

Soms gebeur dit dat skoolverwisseling plaasvind as gevolg van die verandering in die samestelling van die gesin. Wanneer een van die ouers uit die gesin verdwyn, hetsy as gevolg van dood of 'n egskeiding, is dit 'n skokkende ervaring vir die kind en sy sosialisering en akademiese prestasie kan beïnvloed word. Die kind mag voel dit sy skuld dat een van sy ouers uit die gesin verdwyn het en vind dit om die rede moeilik om toenadering te aanvaar en vind dit gevolglik ook moeilik om in sy nuwe skool en omstandighede aan te pas (Lakebrink, 1993:36). Die ondersoeker het met verskeie leerders in aanraking gekom wat een van hulle ouers verloor het. Die leerders neem baie langer om by hulle nuwe onderwysomgewing in Botswana aan te pas en akademies volgens hulle vermoëns te presteer.

Die invloed van egskeiding of dood op die leerder, en selfs op die hele gesin, mag nie gering geskat word nie. Soms mag dit gebeur dat die sosialisering en akademiese prestasie van dié leerder egter kan verbeter.

#### □ **HUISTAAL VAN DIE OUERS**

Die taal wat deur die ouers en leerders by die huis gepraat word kan 'n positiewe sowel as 'n negatiewe invloed op die sosialisering sowel as akademiese prestasie van die betrokke leerders hê. Deur slegs die moedertaal, in die geval Afrikaans, te praat, kan die leerders wel hulle liefde en vaardigheid vir hulle moedertaal behou maar aangesien alle onderrig in Engels plaasvind, kan hulle dalk nooit die agterstand wat hulle vaardigheid met betrekking tot Engels betref, oorkom nie. In die meeste gevalle egter raak leerders na 'n ruk vlot in beide die huis- sowel as onderrigtaal. Leerders in die buurt mag egter voel dat die Afrikaanssprekende leerders nie by hulle sal aanpas nie aangesien hulle 'n ander huistaal praat. In baie gevalle praat of die moeder of die vader Engels met die kinders om hierdie probleme gouer te help oorkom.

#### □ **BESKIKBAARHEID VAN DIE VADER**

Wanneer die vader van betrekking verander, mag dit gebeur dat hy meer of minder uit die huis afwesig is op grond van sy werksomstandighede. As hy meer



afwesig is, kan die kind gedepriveerd voel en as hy minder afwesig is, kan 'n gevoel van deprivasie verdwyn en die kind kan veiliger en gelukkiger voel. Beide gevalle kan 'n invloed op die sosialisering en akademiese prestasie van die leerder hê (Viljoen, 1993:52). By die meeste gesinne met wie die ondersoeker in gesprek getree het, is die vader meer tuis. Van die leerders voel egter dat daar om die rede meer druk op hulle geplaas word aangesien hulle vader hulle akademiese prestasie meer noukeurig kan monitor.

#### □ **BUITENSHUISE ARBEID DEUR DIE MOEDER**

Dit mag ook gebeur dat die nuwe betrekking van die broodwinner ook 'n verandering teweegbring in die beroepstatus van die ander ouer, gewoonlik die moeder. Dit kan gebeur dat die broodwinner se verdienste sodanig verbeter dat die moeder nou kan tuisbly, die kinders beter versorg en meer aandag aan hulle kan bestee. Met gesinne wat na Botswana verhuis is dit in 90% van die gevalle wel die geval. Redes wat hiervoor aangevoer kan word is, die feit dat die Pula, Botswana se geldeenheid, sterker as die Rand is en omdat werkspermitte nie maklik bekombaar is nie. Die moeder bly dus gewoonlik tuis, en dit kan 'n positiewe invloed op die sosialisering sowel as die akademiese sukses van leerders hê (Simonaeux, 1999).

#### □ **HUISVESTING**

Met verandering van beroepstatus vind verandering van woonplek en die kwaliteit van huisvesting plaas. In die nuwe situasie kan die huisvesting so verbeter dat gunstige omstandighede vir 'n beter selfbeeld geskep word. Die teendeel is egter ook waar. Beknopte huisvesting waaraan die gesin voorheen nie gewoond was nie, kan 'n gevoel van minderwaardigheid, ontoereikendheid en frustrasie tot gevolg hê. Huisvesting in Botswana is geweldig duur en daar kan geen ordentlike drie slaapkamer huis gevind word vir onder 3 500 Pula, in die omgewing van 5 500 Rand, nie. Waar die maatskappy vir wie die vader of moeder werk nie vir huisvesting betaal nie, sal daar noodgedwonge na goedkoper behuising gekyk moet word. Dit kan 'n baie nadelige invloed op die kind se sosialisering en akademiese prestasie hê (Simonaeux, 1999).

#### □ **FINANSIËLE POSISIE**

Die beroepstatus van die ouer bepaal die finansiële posisie van die gesin. Wanneer inkomste daal, tref dit geleenthede tot sosialisering buite die gesin nadelig. Minder uitvoerings, uitstappies en ander sosiale geleenthede kan



ondernem word. Indien die inkomste egter verbeter, kan die teenoorgestelde ook gebeur (Viljoen, 1993:53).

#### □ **WOONBUURT**


Die nuwe woonbuurt kan ook die sosialisering en akademiese prestasie van die leerders beïnvloed. Indien die gesin in 'n buurt beland waar 'n hoë premie op sosiale aktiwiteite geplaas word, kan die kind in die gemeenskap 'n tuiste vind en dit dra by om menslike verhouding aan te knoop en te onderhou. Te veel sosiale aktiwiteite kan weer egter nadelig op die kind se akademiese prestasie inwerk. Die meeste gesinne uit Suid-Afrika woon in middelklas woonbuurtes aangesien die huisvesting so duur is. Behalwe vir een woonbuurt aan die buitewyke van die hoofstad, Gaborone, is al die ander woonbuurtes gemeng wat betref sosiale klas. Daar is in die meeste gevalle dus vir die leerders min sosiale aktiwiteite binne die woonbuurt self, wat nadelig op hulle sosialisering kan inwerk maar 'n meer positiewe invloed op hulle akademiese prestasie kan hê.

Die sosiale ontwikkeling van die kind kan nie in isolasie gesien word nie. Vanaf sy geboorte is die mens gedurig met ander mense in aanraking en word hy meestal deur sy ouers opgevoed om sy plek in die samelewing in te neem. Sosialisering -- die proses waardeur verskeie sosialiseringssagente, soos ouers, die portuurgroep, skool en selfs televisie die kind se ontwikkeling rig met betrekking tot betrokke kulturele waardes en norme -- is 'n deurlopende proses (Monteith et al., 1987:93).

### **3.7 SAMEVATTING**

Uit die bogenoemde beredenering blyk dit dat aanpassingsprobleme sowel as die hele kwessie van skoolwisseling 'n invloed op die akademiese prestasie van leerders kan uitoefen. Die ouers sowel as die ontwikkelingsvlak van die leerder kan verder 'n rol speel by die aanpassing en akademiese sukses al dan nie van Afrikaanssprekende leerders uit Suid-Afrika wat na Botswana verhuis. Deur van een of ander studiekursus gebruik te maak waar leerders gehelp kan word om hulle woordeskate te verbeter, kan hulle akademiese prestasie moontlik ook verbeter word.

In die volgende hoofstuk word die empiriese navorsingsontwerp uiteengesit. Daarna sal die resultate van die empiriese ondersoek ontleed word om te bepaal op watter wyse aanpassingsprobleme akademiese prestasies kan beïnvloed.



## HOOFSTUK 4

### NAVORSINGSONTWERP EN EMPIRIESE ONDERSOEK

#### 4.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstukke is daar aan die hand van 'n literatuurstudie aangetoon watter aanpassingsprobleme Afrikaanssprekende leerders in die privaatskole van Botswana ondervind en hoe die bepaalde aanpassingsprobleme hulle akademiese prestasie kan beïnvloed.

In Hoofstuk 1 is 'n oriënterende inleiding gegee en die bewuswording van die probleem is uiteengesit. Die probleemstelling en doel van die navorsing is geformuleer waarna 'n paar van die belangrikste begrippe, soos wat hulle spesifiek in dié studie gebruik word, verklaar is.

In Hoofstuk 2 is van die belangrikste konsepte wat in die studie na vore kom bespreek, naamlik die internasionale skole in Botswana en hulle bepaalde kurrikulums, multikulturele onderwys in Botswana, kultuur en die milieue-gestremdheid van die Afrikaanssprekende leerder in terme van kulturele andersoortigheid. Die drie belangrikste terreine waar aanpassingsprobleme ondervind word, naamlik aanpassing op die sosiale- en kulturele terrein sowel as aanpassing ten opsigte van die medium van onderrig is voorts bespreek.

Die invloed van aanpassingsprobleme as gevolg van skoolwisseling op die akademiese prestasie van Afrikaanssprekende leerders is in Hoofstuk 3 bespreek.

Die bogenoemde literatuurstudie vorm die teoretiese basis vir die empiriese ondersoek, wat in dié hoofstuk bespreek sal word. In die volgende hoofstuk sal die resultate van die empiriese ondersoek uiteengesit en geïnterpreteer word teen die agtergrond van die teoretiese uiteensetting wat in dié hoofstuk verduidelik word.

#### 4.2 DOELSTELLING MET DIE STUDIE

Soos reeds genoem in Hoofstuk 1 is dit belangrik om aanpassingsprobleme vroegtydig te identifiseer ten einde riglyne vir ouers en onderwysers neer te lê wat die aanpassing van Afrikaanssprekende leerders in die privaatskole van Botswana kan vergemaklik.

Die drie hoof terreine waar aanpassingsprobleme ondervind kan word en wat in die empiriese ondersoek nagevors gaan word, is onder andere :

- Aanpassingsprobleme ten opsigte van die sosiale aspekte van die nuwe onderwysomgewing.
- Aanpassingsprobleme ten opsigte van die kulturele aspekte van die nuwe onderwysomgewing.
- Aanpassingsprobleme ten opsigte van die medium van onderrig.

Die moontlike invloed wat skoolwisseling en die gepaardgaande aanpassingsprobleme op die akademiese prestasie van Afrikaanssprekende leerders wat hulle in een van die internasionale, multikulturele, privaatskole van Botswana bevind kan hê, sal ook ondersoek word.

Die doel van die navorsing is om te bepaal watter moontlike aanpassingsprobleme Afrikaanssprekende leerders in die internasionale, multikulturele, privaatskole van Botswana ervaar en hoe aanpassingsprobleme as gevolg van skoolwisseling 'n invloed op hulle akademiese prestasie kan hê. Sodra die aanpassingsprobleme geïdentifiseer is, kan ouers en leerders beide gehelp word om dit te voorkom ten einde akademies optimaal te presteer. Na afloop van die empiriese ondersoek sal aanbevelings in die laaste hoofstuk van die studie gemaak word.

### **4.3 HIPOTEESES**

Die navorsing sal gedoen word binne die raamwerk van die volgende drie hipoteses :

- I. Afrikaanssprekende leerders wat hulle in een van die internasionale, multikulturele, privaatskole van Botswana bevind, ervaar aanvanklik aanpassingsprobleme ten opsigte van sosiale- en kulturele aanpassing sowel as aanpassing ten opsigte van die medium van onderrig.

- II. Aanpassingsprobleme van Afrikaanssprekende leerders wat as gevolg van skoolwisseling tussen Afrikaans-medium skole en Engels- /Parallel-medium skole in Suid-Afrika en die Engels-medium skole in Botswana ondervind word, beïnvloed die akademiese prestasie van die betrokke leerders afkomstig uit die verskillende skole, verskillend.
- III. Aanpassingsprobleme wat deur Afrikaanssprekende leerders in die privaatskole van Botswana ervaar word, word nie in dieselfde lig en intensiteit deur die ouers en leerders ervaar nie.

#### **4.4 PROEFPERSONE**

Die proefpersone sal bestaan uit die Afrikaanssprekende leerders en hulle ouers wat by tien van die oudste en bekendste internasionale, multikulturele, privaatskole van Botswana betrokke is. Slegs leerders wat hulle gedurende die afgelope vier jaar of minder in een van die privaatskole in Botswana bevind, sal by die studie betrek word. Die rede hiervoor is dat die ondersoeker voel dat leerders na vier jaar aanvanklike aanpassings- en akademieseprobleme behoort te oorkom het. Die aantal Afrikaanssprekende leerders in die skole het in die laaste vier jaar aansienlik toegeneem ( $N=\pm 300$ ).

##### **4.4.1 SELEKTERING VAN PROEFPERSONE**

Daar sal na die tien oudste en bekendste privaatskole gegaan word waar toestemming verkry sal word om vraelyste aan al die leerders wat Afrikaans as huistaal het en hulle gedurende die afgelope vier jaar ingeskryf het, uit te gee. Al die skole het aansoekvorms waarop leerders se ouers met registrasie van hulle kinders moet aandui watter taal by die huis gepraat word. Daar sal eers via e-pos met die skole gekommunikeer word ten einde hulle genoeg tyd te gee om die korrekte getalle en naamlyste aan die ondersoeker deur te gee. Die ondersoeker beraam dat daar 300 leerders tussen die tien skole betrek sal word, maar die finale getal sal eers bepaal kan word nadat die naamlyste vanaf die onderskeie skole terug ontvang is.

##### **4.4.2 BESKRYWING VAN PROEFPERSONE**

Die proefpersone wat in die studie betrek sal word, sal almal leerders vanaf Graad 4 (*Standard 4*) tot in met Graad 12 (*Form 6*) wees wat Afrikaans as

huistaal het. Dié leerders se ouers sal dan ook betrek word. Slegs leerders wat hulle gedurende die afgelope vier jaar ingeskryf het sal by die studie betrek word. Die leerders val in die sogenaamde “*Upper Primary*”, “*Junior Secondary/Middle School*” en “*Senior Secondary*” gedeelte van die onderskeie skole. Die ouderdomme van die leerders wat as proefpersone gaan optree, sal wissel tussen agt en negentien jaar. Daar sal nie vir die doel van die studie onderskeid getref word tussen die respons van seuns en dogters nie.

Vier van die skole wat by die ondersoek betrek sal word, is skole wat vanaf “*Reception*” (Graad 0) tot in met “*Form 6*” (Graad 12) strek. Die oorblywende ses skole sluit vier laerskole en twee sekondêre skole in.

## **4.5 NAVORSINGSONTWERP**

### **4.5.1 DIE VRAELYS AS MEETINSTRUMENT**

Deur van vraelyste gebruik te maak ten einde inligting te bekom hou verskeie voordele sowel as nadele in (Smit, 1987:6, Aronson, 1999:176) .

#### **4.5.1.1 VOORDELE BY DIE GEBRUIK VAN VRAELYSTE**

- Die gedrukte vraelys is doeltreffender en meer prakties as die onderhoud aangesien onduidelikhede ten opsigte van sekere vrae grootliks uitgeskakel kan word.
- As daar eenvormige instruksies gegee word, word die invul van die vraelys baie vergemaklik.
- Die antwoorde van die respondente op sekere vrae, kan maklik ontleed word.
- Die respondent het groot vryheid wat betref die plek, tyd en tempo van invul van die vraelys.
- Baie inligting kan binne 'n kort tydsbestek ingesamel word.

- Geografiese afstand is nie 'n struikelblok nie, aangesien 'n posvraelys gebruik kan word en respondente naby die navorser sowel as die ver weg, betrek kan word.

#### **4.5.1.2 NADELE BY DIE GEBRUIK VAN VRAELYSTE**

- Die geldigheid van vraelyste ten opsigte van wie die vraelys beantwoord het, kan baie moeilik bepaal word.
- Dit is baie moeilik om 'n vraelys so op te stel dat al die respondente al die vrae op dieselfde wyse verstaan en interpreteer alhoewel daar gepoog sal word om dit wel te doen.
- 'n Hoë persentasie terugvoer word in die reël baie moeilik verkry.
- Die publiek is in die algemeen baie negatief teenoor vraelyste as gevolg van die tydsaspek wat met die voltooiing van vraelyste geassosieer word.
- 'n Vraelys word soms baie persoonlik ervaar en die respondente huiwer soms om sekere vrae eerlik te beantwoord.
- Die opstel en gereed kry van die vraelyste is baie tydrowend.

#### **4.5.1.3 ETIESE ASPEK BY DIE GEBRUIK VAN VRAELYSTE**

- Geen leerder of ouer sal gedwing word om aan die ondersoek deel te neem nie.
- Enige leerder of ouer kan enige tyd aan die ondersoek onttrek sou hy dit versoek.
- Alle gegewens sal streng vertroulik hanteer en verwerk word.

- Indien die navorser in die loop van die navorsing bewus word van enige probleme, sal hy onmiddellik daaraan aandag gee.

#### **4.5.2 LOODSONDERSOEK**

Daar sal vraelyste aan die Afrikaanssprekende leerders van een skool uitgegee word om vas te stel of die vraelyste konstrugeldigheid besit al dan nie. Daar sal dus vasgestel word of die vrae meet wat hulle veronderstel is om te meet. Dit sal aan die ondersoeker kan aantoon of die proefpersone die vrae verstaan en of die ondersoeker die verwagte response kry. Geleentheid sal dus geskep word om die nodige veranderings aan te bring voordat die vraelyste gefinaliseer sal word.

Die skool wat vir die doel gebruik sal word, is die skool waar die ondersoeker werksaam is. Aangesien die ondersoeker die vraelyste aan die leerders kan gee en dadelik laat invul sal hy kan bepaal of hulle die vrae verstaan, reg interpreteer en dus of die vraelyste konstrugeldigheid besit al dan nie. Die vraelyste wat aan die oorblywende skole uitgegee sal word, sal deur die leerders op hulle eie ingevul moet word nadat die nodige veranderings aangebring is, sou die ondersoeker dit nodig ag. Die klaar voltooide vraelyste sal dan aan die ondersoeker terug besorg word.

#### **4.5.3 KONSTRUKSIE VAN DIE VRAELYS**

##### **4.5.3.1 STRUKTUUR VAN DIE VRAELYS**

Die studie sal uitgevoer word by wyse van twee gestruktureerde vraelyste (Bylaag G en H) wat gegrond is op die literatuurstudie soos uiteengesit in Hoofstuk 1-3 van die studie.

Beide die vraelyste sal slegs uit geslote vrae bestaan. Die vraelyste wat aan die ouers en leerders onderskeidelik gegee sal word, sien in wese dieselfde daaruit ten einde 'n vergelyking tussen die twee partye se gevoelens ten opsigte van aanpassingsprobleme op sosiale, kulturele en op die gebied van taalaanpassings, te kan tref. Deur 'n vergelyking tussen die respons van die ouers en leerders te tref sal daar moontlik meer effektief hulp met moontlike aanpassingsprobleme gegee kan word. Die betrokke partye sal gevra word om 'n keuse uit altyd, dikwels, selde of nooit te maak.



Die vraelyste sal soos volg saamgestel word :

1 : Afdeling A : Biografiese Besonderhede

- Persoonlike Besonderhede

- (Vrae 1.1 – 1.9 – Vraelyste aan Primêre leerders)

- (Vrae 1.1 – 1.11 – Vraelyste aan Sekondêre leerders)

- (Vrae 1.1 -1.12 – Vraelyste aan Ouers)

2 : Afdeling B : Demografiese Besonderhede

- Besonderhede van vorige skool

- (Vrae 2.1 – 2.5)

- Besonderhede van huidige skool

- (Vrae 3.1 – 3.4)

3 : Afdeling C : Aanpassingsprobleme wat Afrikaanssprekende leerders in die internasionale, multikulturele, privaatskole van Botswana kan ondervind (Vrae 4.1 – 4.30).

Aanpassingsprobleme kan ondervind word ten opsigte van :

- sosiale aanpassing

- (Vrae 4.1 - 4.10)

- kulturele aanpassing

- (Vrae 4.11 – 4.20)

- aanpassing ten opsigte van die medium van onderrig

(Vrae 4.21 – 4.30)

- 4 : Afdeling D : Die invloed van skoolwisseling en die gepaardgaande aanpassingsprobleme in die nuwe onderwysomgewing en die invloed hiervan op die akademiese prestasie van Afrikaanssprekende leerders in die privaatskole van Botswana

(Vrae 5.1 – 5.10)

Die vraelyste sal met behulp van kollegas, wat dieselfde probleme met Afrikaanssprekende leerders in hulle klasse, of hulle eie kinders ervaar, saamgestel word. Nadat die vraelyste gefinaliseer is, sal toestemming van die onderskeie skole se hoofde/direkteure verkry, ten einde die vraelyste onder die Afrikaanssprekende leerders te sirkuleer.

#### **4.5.3.2 DOEL MET DIE VRAE**

Beide die vraelyste wat in die ondersoek gebruik sal word, sal uit vier afdelings bestaan. Die vier afdelings sal inligting inwin oor die persoonlike besonderhede van die leerders sowel as inligting oor die leerders se vorige en huidige skole. In Afdeling A – Persoonlike Besonderhede, by die vraelyste wat aan leerders uitgegee sal word, sal ook inligting ingewin word aangaande die akademiese prestasie van die betrokke leerder voor en na sy/haar koms na Botswana (Vergelyk Vraag 1.7). Daar sal verder in die laaste twee afdelings inligting ingewin word oor leerders se aanpassingsprobleme en hoe skoolwisseling en die gepaardgaande aanpassingsprobleme 'n rol in hulle akademiese sukses kan speel al dan nie.

- Afdeling A : Biografiese Besonderhede – Persoonlike besonderhede

Die nege vrae wat in hierdie afdeling by die vraelyste wat aan primêre leerders en onderskeidelik die elf en twaalf vrae wat aan sekondêre leerders en die ouers van die leerders ingesluit sal word, se hoofdoel is om inligting oor drie aspekte te bekom. Dit sluit in die tydperk waarin die leerders een van die internasionale, multikulturele, privaatskole van Botswana besoek sowel as om te bepaal of van die sekondêre leerders

ook een van die primêre skole in Botswana besoek het. Verder sal inligting bekom word ten opsigte van die medium van onderrig waarin leerders onderrig is voor hulle koms na Botswana. Laastens sal inligting bekom word ten opsigte van die teenwoordigheid van beide ouers en of beide ouers werk. 'n Vierde aspek wat by die vraelyste van die leerders ondersoek sal word is hulle akademiese prestasie voor en na hulle aankoms in Botswana.

Aspekte soos die tydperk woonagtig in Botswana en die medium van onderrig voor hulle koms na Botswana sowel as die teenwoordigheid van een of beide ouers kan 'n wesenlike invloed in die bepaling van die invloed van aanpassingsprobleme op die akademiese prestasie van leerders in die internasionale, multikulturele, privaatskole van Botswana hê. Leerders wat reeds onderrig in Engels ontvang het of 'n geruime tyd reeds in Botswana woon, sal kan baie minder aanpassingsprobleme ervaar as wat die geval sal wees by leerders wat nog nooit in Engels onderrig is nie en baie kort in die land woon. Die teenwoordigheid van die ouers, wat 'n ondersteunende rol speel, kan ook grootliks daartoe bydra, dat 'n leerder makliker aanpas.

Die vrae wat in Afdeling A en Afdeling B ingesluit sal word, kan moontlik slegs by een vraelys, van óf die leerders óf die van ouers ingesluit word, maar ter wille van volledigheid sal dit by beide se vraelyste ingesluit word.

- Afdeling B : Demografiese Besonderhede

A : Besonderhede van vorige skool

Die doel van die vrae in die afdeling sal wees om spesifiek agter te kom uit watter opvoedingsituasie die leerders afkomstig is. Kom hulle uit 'n primêre-, sekondêre- of gekombineerde skool en wat die hoogste standerd is wat hulle daar voltooi het. Veral dié twee faktore kan 'n wesenlike rol in die aanpassing van leerders speel al dan nie. Afrikaanssprekende leerders kon reeds in Suid-Afrika 'n Engels-medium skool besoek het (Vergelyk Vraag 1.6) wat moontlik hulle aanpassingsprobleme ten opsigte van die medium van onderrig aansienlik kan verminder. Ouer leerders wat hulle hele skoolloopbaan in Afrikaans onderrig ontvang het, sal ook heel moontlik moeiliker aanpas as jonger leerders. Daar word verder ook navraag oor skool- en klasgrootte van die vorige skool gedoen. Leerders wat aan groot klasse gewoond is waar individuele aandag nie aan die orde van die dag is nie, kan aanpassingsprobleme ondervind indien die klasse skielik baie klein en op individuele

aandag gemik is, aangesien hy/sy nie meer agter klasmaats sal kan “skuil” nie. Die ander vraag wat in die afdeling ingesluit is, doen navraag oor die lokalisering van die vorige skool. Leerders uit plattelandse gebiede waar slegs Afrikaans deur die grootse deel van die gemeenskap gepraat word, sal moontlik moeiliker in ’n Engelse milieu aanpas as leerders uit stedelike gebiede wat meer blootgestel was aan Engels.

B : Besonderhede van huidige skool

Die doel van die afdeling sal wees om ’n kontras met die leerder se vorige skool te identifiseer. Indien daar wesenlike verskille tussen die huidige en vorige skool bestaan, sal ’n leerder moontlik moeiliker aanpas. Die aantal Afrikaanssprekende leerders in die skool kan ook ’n leerder se aanpassing aanhelp of rem aangesien hy/sy moontlik eerste by die groep sal inskakel om veilig en geborge te voel.

Die ondersoeker is verantwoordelik vir afneem van toelatingseksamens by sy huidige skool. Die toetse toets slegs leerders se vaardigheid in Engels en Wiskunde. Indien leerders sekere terme of sekere opdragte nie verstaan nie, kan hy baie benadeel word. Alhoewel die leerders nie noodwendig ’n akademiese agterstand het nie, kan dit moontlik so voorkom indien eenvoudige vrae nie beantwoord is nie. Vraag 3.4 is spesifiek daarop gemik om te bepaal of leerders en ouers voel hulle sou beter in die toelatingstoetse kon doen indien hulle begrip van Engels beter was.

- Afdeling C : Aanpassingsprobleme wat Afrikaanssprekende leerders in die internasionale, multikulturele, privaatskole van Botswana kan ondervind (Vrae 4.1 – 4.30)

Aanpassingsprobleme kan ondervind word ten opsigte van :

- sosiale aanpassing  
(Vrae 4.1 - 4.10),

- kulturele aanpassing  
(Vrae 4.11 – 4.20)
  
- aanpassing ten opsigte van die medium van onderrig  
(Vrae 4.21 – 4.30)

In die afdeling sal daar spesifieke vrae aangaande die aanpassing van leerders gevra word. Vrae oor spesifiek die leerders se aanpassing by nuwe sosiale- en kulturele groepe sowel as die aanvaarding deur personeel al dan nie sal in die afdeling ingesluit word. Vrae oor die leerders se aanpassings ten opsigte van die medium van onderrig sal ook in die afdeling ingesluit word. Die vrae sal dieselfde in beide die ouers sowel as die leerders se vraelyste wees en daar sal hierdeur gepoog word om vas te stel of die ouers en leerders die aanpassingsprobleme dieselfde aanvaar al dan nie.

- Afdeling D : Die invloed van skoolwisseling en die gepaardgaande aanpassingsprobleme in die nuwe onderwysomgewing en die invloed hiervan op die akademiese prestasie van Afrikaanssprekende leerders in die privaatskole van Botswana (Vrae 5.1 – 5.10)

Die hoofdoel van die afdeling sal wees om te probeer vasstel of leerders en ouers voel die aanpassing by die nuwe onderwysomgewing, as gevolg van skoolwisseling, die leerders se akademiese prestasie beïnvloed het al dan nie. Vrae oor die leerders se motivering en studiemetodes, die werktempo, evalueringsmetodes en vreemde terminologie by die nuwe skool en die rol hiervan by aanpassing sal in dié afdeling ingesluit word. Die resultate sal dan in verband gebring word met die respondente se beantwoording van Vraag 1.7 wat handel oor akademiese prestasie voor en na hulle aankoms in Botswana.

Daar sal ook navraag gedoen word oor die ouers se opvoedingstyl wat 'n moontlike invloed op die leerders se akademiese prestasie kan hê al dan nie. Die rede vir die vraag sal wees om te probeer vasstel of die leerders en ouers voel dat hulle manier van opvoeding 'n rol in die leerders se akademiese sukses kan speel al dan nie.

#### 4.5.4 PROEFGROEP

Die proefgroep sal bestaan uit die Afrikaanssprekende leerders en hulle ouers wat vir die afgelope vier jaar of minder betrokke is by een of meer van die tien bekendste en oudste internasionale, multikulturele, privaatskole van Botswana. Die aantal Afrikaanssprekende leerders in die skole het in die laaste vier jaar aansienlik toegeneem.

#### 4.5.5 ADMINISTRATIEWE PROSEDURE

Die skoolhoofde van die skole wat by die ondersoek betrokke sal wees, sal almal genader word om of skriftelik of telefonies toestemming te verleen dat daar met die ondersoek in die onderskeie skole voortgegaan mag word. Aangesien slegs privaatskole betrek sal word, sal dit nie nodig wees om by die onderwysdepartement toestemming te verkry nie.

#### 4.5.6 VRAELYSTE UITGESTUUR EN TERUGONTVANG

Daar sal rekening gehou word van die aantal vraelyste wat uitgestuur en terugontvang is.

SKOOL	PRIMÊR, SEKONDÊR, GEKOMBINEERD	UITGESTUUR AAN OUERS	TERUGONTVANG	PERSENTASIE
1				
2				
3				
4				
5				
6				
7				
8				
9				
10				
<b>TOTALE</b>				

SKOOL	PRIMĒR, SEKONDĒR, GEKOMBINEERD	UITGESTUUR AAN LEERDERS	TERUGONTVANG	PERSENTASIE
1				
2				
3				
4				
5				
6				
7				
8				
9				
10				
<b>TOTALE</b>				

#### 4.5.7 STATISTIESE TEGNIEKE

##### 4.5.7.1 DIE S-A-S PROGRAM

Inligting wat deur middel van die vraelyste verkry sal word, sal op die hoofraamrekenaar van die skool waarby die ondersoeker betrokke is met behulp van 'n S-A-S (*Statistical Analysis System*) rekenaarpakket (SAS Institute Inc., 1990) verwerk word om frekwensie tabelle ten opsigte van die respondente se response saam te stel.

##### 4.5.7.2 FREKWENSIE-ONTLEDINGS

By elke vraag in Afdeling C en D sal die frekwensie en persentasie volgens die *PROC FREQ* (*frequency procedure*) van S-A-S verkry word. Die doel hiervan is om 'n beeld te probeer kry van hoe daar gerespondeer is op al die vrae in die onderskeie twee afdelings.

Eerstens sal die persentasie respondente wat 1 (Altyd) of 2 (Dikwels) geantwoord het in Afdeling C se eerste gedeelte wat handel oor sosiale aanpassing deur middel van frekwensie tabelle uiteengesit word en so ook die wat 3 (Soms) of 4 (Nooit) geantwoord het (Vraag 4.1 – 4.10). Deur die berekening te doen sou vasgestel kon word watter persentasie van die leerders voel dat hulle sosiale aanpassing genoegsaam aandag kry en watter voel dat hulle probleme ervaar het. Dieselfde berekening sal gedoen word by die gedeeltes wat handel oor kulturele aanpassing (Vraag 4.11 – 4.20), aanpassing ten opsigte van die medium van onderrig (Vraag 4.21 – 4.30) sowel as die gedeelte oor die invloed van skoolwisseling en die gevolglike aanpassing by die nuwe skool (Vraag 5.1 – 5.10).

#### 4.5.7.3 DIE t-Toets

Die t-toets sal gebruik word om te bepaal of die response van die ouers en leerders beduidend van mekaar verskil. Die hoofdoel van die gebruik van die t-toets sal wees om te bepaal of Hipotese III aanvaar kan word al dan nie.

Die t-toets sal die volgende behels :

- Vir die doel van die studie sal daar op 'n 95% beduidingsvlak gewerk. Dit beteken dat aanvaar sal word dat daar geen verskil tussen die response van ouers en leerders is as 'n 95% beduidingsvlak bereik is nie.
- As daar van die nulhipotese (geen verskil tussen die response van die ouers en leerders) uitgegaan word, dui p-waardes van 0,05 op 'n 95% beduidingsvlak (Frankel en Walken, 1990:185).

Vir die doel van die studie sal t-toetse bereken word vir twee stelle ongekorreleerde data – die data wat verkry word van die ouers se vraelyste en die wat verkry word van die leerders. Daar sal na Afdeling C (Vraag 4.1 – 4.30) en Afdeling D (Vraag 5.1 – 5.10) van die onderskeie vraelyste gegaan word waarna daar t-toetse gedoen sal word op :

- sosiale aanpassing  
(Vrae 4.1 - 4.10)
- kulturele aanpassing  
(Vrae 4.11 – 4.20)
- aanpassing ten opsigte van die medium van onderrig  
(Vrae 4.21 – 4.30)



- Die invloed van skoolwisseling en die gepaardgaande aanpassing op die akademiese prestasie van Afrikaanssprekende leerders in die privaatskole van Botswana

(Vrae 5.1 – 5.10)

Daar sal gekyk word na die persentasie leerders wat 1 (Altyd) en 2 (Dikwels) gemerk het en in verband gebring word met die ouers wat 1 (Altyd) en 2 (Dikwels) gemerk het.

Voorts sal daar ook gekyk word na die persentasie leerders wat 3 (Soms) en 4 (Nooit) gemerk het en in verband gebring word met die respons van die ouers.

Deur die berekeninge sal bepaal kan word of daar betekenisvolle verskille tussen die respons van die ouers en leerders is. Daar sal dus wel bepaal kan word of die sienings van die ouers en leerders verskil ten opsigte van die sosiale- en kulturele aanpassing en aanpassing ten opsigte van die medium van onderrig sowel as die invloed van skoolwisseling en gepaardgaande aanpassingsprobleme op hulle akademiese prestasie maar daar sal nie bepaal kan word hoekom en waar die verskille lê nie.

#### **4.5.7.4 AANVAARDING VAN HIPOTEESES**

- **HIPOTEESE I**

Deur na die frekwensie tabelle te kyk sal daar bepaal kan word waar die grootste probleem ten opsigte van aanpassing geleë is, hetsy dit sosiale- of kulturele aanpassing of moontlik aanpassing ten opsigte van die medium van onderrig is.

- **HIPOTEESE II**

Om die geldigheid van dié hipotese te bepaal, sal daar t-toetse vir gekorreleerde data – data verkry slegs vanaf die vraelyste van leerders - bereken moet word. Daar sal 'n onderskeid getref word tussen die vraelyste van leerders wat van 'n Afrikaans-medium skool in Suid-Afrika na 'n Engels-medium skool in Botswana verskuif het en die wat reeds voorheen in 'n Engels- /Parallel medium skool was hetsy binne of buite Botswana. Die inligting kan verkry word in Afdeling A (Vraag 1.6) en in Afdeling D (Vraag 5.1 – 5.10) van die vraelys. Daar sal voorts ook gekyk

word na die akademiese prestasie van leerders voor en na hulle aankoms in Botswana. Dié inligting sal in Afdeling A vraag 1.7.1 – 1.7.6 verkry word.

Indien daar betekenisvolle verskille tussen die twee stelle vraelyste gevind word, dit wil sê leerders wat van 'n Afrikaans-medium skool afkomstig is wel swakker presteer, sal die hipotese aanvaar word.


▪ **HIPOTESE III**

Om die geldigheid van die hipotese te bepaal sal daar na die t-toetse wat bereken is vir ongekorreleerde data – vraelyste van beide die ouers en leerders – gekyk word (Vergelyk 4.5.5.1). t-Toetse sal bereken word vir die respons op Vrae 4.1 – 4.30 in Afdeling C en Vraag 5.1 – 5.10 in Afdeling D. Indien daar wel betekenisvolle verskille tussen die respons van die ouers en leerders is, sal die hipotese aanvaar word.

**4.6 SAMEVATTING**

In die hoofstuk is die navorsingsontwerp uiteengesit. Daar sal in Hoofstuk 5 voortgegaan word met die interpretasie van die data wat deur middel van die twee vraelyste ingesamel gaan word.

Die inligting wat bekom word deur die vraelyste en die statistiese berekeninge hiervan sal in Hoofstuk 5 van die studie uiteengesit word.



## HOOFSTUK 5

### ANALISERING VAN DATA AAN DIE HAND VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

#### 5.1 INLEIDING

In Hoofstuk 4 is die navorsingsontwerp uiteengesit. In dié hoofstuk sal die resultate van die empiriese ondersoek uiteengesit en geïnterpreteer word teen die agtergrond van die teoretiese uiteensetting wat in Hoofstuk 4 verduidelik is.

#### 5.2 INTERPRETASIE VAN DATA

##### 5.2.1 VRAELYSTE UITGESTUUR EN TERUGONTVANG

Daar is vraelyste aan leerders en hulle ouers by tien van die bekendste en oudste internasionale, multikulturele, privaatskole in Botswana uitgegee. Een van die primêre skole wou nie toestemming verleen dat vraelyste by hulle uitgegee word nie. Daar is geen rede aan die ondersoeker verstrek nie en die hoof van die betrokke skool wou die ondersoeker nie te woord staan nie. Die ondersoeker het toe 'n kollega genader wat vraelyste aan die spesifieke skool se leerders en hulle ouers op 'n individuele basis uitgedeel het.

Die aantal vraelyste wat onderskeidelik aan ouers en leerders uitgegee en terugontvang is word in Tabel 5.1 (Vraelyste aan ouers) en Tabel 5.2 (Vraelyste aan leerders) uiteengesit.


**TABEL 5.1 : Aantal vraelyste uitgestuur en terugontvang (Ouers)**

SKOOL	PRIMÊR, SEKONDÊR, GEKOMBINEERD	UITGESTUUR AAN OUERS	TERUGONTVANG	PERSENTASIE
1	Gekombineerd	8	7	87.50%
2	Gekombineerd	52	50	96.15%
3	Gekombineerd	27	27	100.00%
4	Gekombineerd	9	7	77.77%
8	Sekondêr	5	3	60.00%
6	Sekondêr	15	12	80.00%
7	Primêr	28	26	92.86%
8	Primêr	9	8	88.88%

9	Primêr	8	6	75.00%
10	Primêr	22	21	95.45%
<b>TOTALE</b>	<b>Gekombineerd = 4 Sekondêr = 2 Primêr = 4</b>	<b>183</b>	<b>167</b>	<b>91.00%</b>

In Tabel 5.1 word die aantal vraelyste wat aan die ouers van Afrikaanssprekende leerders uitgegee en terugontvang is, aangedui asook die persentasie vraelyste wat terugontvang is. Daar is in totaal 183 vraelyste uitgegee en 16 is nie terugontvang nie. Die kleinste persentasie vraelyste wat van die ouers van 'n spesifieke skool terugontvang is, is 60.00% by een van die sekondêre skole en die grootste persentasie wat terugontvang is, is by een van die primêre skole waar 95.45% van die vraelyste terugontvang is. In totaal is daar 91.00% van die vraelyste terugontvang.

**GRAFIEK 5.1 : Vraelyste terugontvang vanaf die ouers van Afrikaanssprekende leerders wat hulle in een van die privaat skole van Botswana bevind**




**Aantal vraelyste terugontvang van die ouers van die onderskeie skole**

**TABEL 5.2 : Aantal vraelyste uitgestuur en terugontvang (Leerders)**

SKOOL	PRIMÊR, SEKONDÊR, GEKOMBINEERD	UITGESTUUR AAN LEERDERS	TERUGONTVANG	PERSENTASIE
1	Gekombineerd	15	11	73.33%
2	Gekombineerd	66	55	83.33%
3	Gekombineerd	35	32	91.43%
4	Gekombineerd	17	14	82.35%
8	Sekondêr	7	5	71.43%
6	Sekondêr	18	15	83.33%
7	Primêr	39	33	84.62%
8	Primêr	17	12	70.56%
9	Primêr	14	12	85.71%
10	Primêr	26	22	84.62%
<b>TOTALE</b>	<b>Gekombineerd = 4 Sekondêr = 2 Primêr = 4</b>	<b>254</b>	<b>211</b>	<b>83.07%</b>

In Tabel 5.2 word die aantal vraelyste wat aan Afrikaanssprekende leerders uitgegee en terugontvang is, aangedui asook die persentasie vraelyste wat terugontvang is. Daar is in totaal 254 vraelyste uitgegee en 211 is terugontvang. Die kleinste persentasie vraelyste wat van die leerders van 'n spesifieke skool terugontvang is, is 70.56% by een van die primêre skole en die grootste persentasie wat terugontvang is, is by een van die gekombineerde skole waar 91.43% van die vraelyste terugontvang is. In totaal is daar 83.07% van die vraelyste terugontvang wat ietwat kleiner is as die persentasie vraelyste wat van die ouers terugontvang is.

**GRAFIEK 5.2 : Vraelyste terugontvang vanaf Afrikaanssprekende leerders wat hulle in een van die privaatskole van Botswana bevind**



### **Aantal vraelyste terugontvang van die leerders van die onderskeie skole**

Die ondersoeker het self na die onderskeie skole toe gery om die vraelyste te gaan uitdeel en ook self weer die vraelyste gaan opneem. Daar was Afrikaanssprekende onderwysers by al die betrokke skole wat die ondersoeker gehelp het om die vraelyste terug te kry. Daar is nie van posvraelyste in die studie gebruik gemaak nie.

## **5.2.2 AFDELING A**

### **BIOGRAFIESE BESONDERHEDE VAN LEERDERS**

#### **5.2.2.1 PERSOONLIKE BESONDERHEDE VAN LEERDERS**

In Tabel 5.3 word die persoonlike besonderhede van die leerders wat aan die studie deelgeneem het uiteengesit. Vir die doel van die studie is Vraag 1.7 in die Tabel 5.3 herhaal om 'n onderskeid te tref tussen leerders wat van 'n Afrikaans-medium skool afkomstig is en leerders wat van 'n Engels-/Parallel-medium skool afkomstig is en huidiglik een van die Engels-medium skole in Botswana besoek.

**TABEL 5.3 : Biografiese besonderhede van leerders**

<b>VRAAG 1.1 – GESLAG</b>	<b>F</b>	<b>%</b>
Manlik	81	38.39%
Vroulik	130	61.61%
<b>TOTAAL</b>	<b>211</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.2 – OUDERDOM</b>		
>10	23	10.90%
11	41	19.43%
12	36	17.06%
13	25	11.85%
14	27	12.80%
15	12	5.69%
16	19	9.00%
17	8	3.79%
18	9	4.27%
19 en ouer	11	5.21%
<b>TOTAAL</b>	<b>211</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.3 – HUISTAAL</b>		
Afrikaans	185	87.68%
Engels	18	8.53%
Albei	8	3.79%
<b>TOTAAL</b>	<b>211</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.4 – AANTAL JARE WOONAGTIG IN BOTSWANA.</b>		
0-1	87	41.23%
1-2	34	16.11%
2-3	51	24.17%
3-4	12	5.69%
4-5	15	7.11%
5-6	4	1.90%
6-7	5	2.37%
7-8	3	1.42%
8-9	0	0.00%
9+	0	0.00%
<b>TOTAAL</b>	<b>211</b>	<b>100.00%</b>



<b>VRAAG 1.5 – AANTAL JARE WAARIN EEN VAN BOTSWANA SE PRIMÊRE OF SEKONDÊRE PRIVAATSKOLE BESOEK WORD</b>		
0-1	114	54.03%
1-2	28	13.27%
2-3	31	14.69%
3-4	27	12.80%
4+	11	5.21%
<b>TOTAAL</b>	<b>211</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.6 – IN WATTER TAAL HET U ONDERWYS ONTVANG VOOR U KOMS NA BOTSWANA ?</b>		
Engels	18	8.53%
Afrikaans	190	90.05%
Albei	3	1.42%
<b>TOTAAL</b>	<b>211</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.7 – GEMIDDELDE PUNTE BEHAAL IN VAKKE : RESPONS VAN LEERDERS WAT VAN 'N AFRIKAANS-MEDIUM SKOOL AFKOMSTIG IS</b>		
<b>VRAAG 1.7.1 – ENGELS AS VAK IN SUID-AFRIKA</b>		
Eerste Taal	0	0.00%
Tweede Taal	189	100.00%
<b>TOTAAL</b>	<b>189</b>	<b>100.00%</b>
80-100	46	24.34%
70-79	63	33.33%
60-69	71	37.57%
50-59	5	2.64%
40-49	4	2.12%
<b>TOTAAL</b>	<b>189</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.7.1 – ENGELS AS VAK IN BOTSWANA</b>		
80-100	29	15.43%
70-79	26	13.83%
60-69	57	30.32%
50-59	63	33.51%
40-49	13	6.91%
<b>TOTAAL</b>	<b>188</b>	<b>100.00%</b>

<b>VRAAG 1.7.2 – WISKUNDE IN SUID-AFRIKA</b>		
80-100	19	10.05%
70-79	51	26.98%
60-69	40	21.17%
50-59	72	38.10%
40-49	7	3.70%
<b>TOTAAL</b>	<b>189</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.7.2 – WISKUNDE IN BOTSWANA</b>		
80-100	7	3.70%
70-79	49	25.92%
60-69	60	31.75%
50-59	72	38.10%
40-49	1	0.53%
<b>TOTAAL</b>	<b>189</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.7.3 – GEESTES-/SOSIALE WETENSKAPPE IN SUID-AFRIKA</b>		
80-100	83	44.15%
70-79	72	38.30%
60-69	22	11.70%
50-59	5	2.66%
40-49	6	3.19%
<b>TOTAAL</b>	<b>188</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.7.3 – GEESTES-/SOSIALE WETENSKAPPE IN BOTSWANA</b>		
80-100	14	7.45%
70-79	55	29.25%
60-69	56	29.79%
50-59	62	32.98%
40-49	1	0.53%
<b>TOTAAL</b>	<b>188</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.7.4 – NATUURWETENSKAPPE IN SUID-AFRIKA</b>		
80-100	27	16.07%
70-79	29	17.26%
60-69	59	35.12%
50-59	44	26.19%
40-49	9	5.36%
<b>TOTAAL</b>	<b>168</b>	<b>100.00%</b>

<b>VRAAG 1.7.4 – NATUURWETENSKAPPE IN BOTSWANA</b>		
80-100	11	6.75%
70-79	28	17.18%
60-69	43	26.38%
50-59	61	37.42%
40-49	20	12.27%
<b>TOTAAL</b>	<b>163</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.7.5 – HANDELSVAKKE IN SUID-AFRIKA</b>		
80-100	2	4.25%
70-79	19	40.43%
60-69	13	27.66%
50-59	5	10.64%
40-49	8	17.02%
<b>TOTAAL</b>	<b>47</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.7.5 - HANDELSVAKKE IN BOTSWANA</b>		
80-100	0	0.00%
70-79	7	16.28%
60-69	27	62.80%
50-59	5	11.62%
40-49	4	9.30%
<b>TOTAAL</b>	<b>43</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.7.6 – HANDVAARDIGHEIDS-KREATIEWE-/KUNSVAKKE IN SUID-AFRIKA</b>		
80-100	51	27.27%
70-79	41	21.93%
60-69	54	28.87%
50-59	33	17.65%
40-49	8	4.28%
<b>TOTAAL</b>	<b>187</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.7.6 – HANDVAARDIGHEIDS-/KREATIEWE-/KUNSVAKKE IN BOTSWANA</b>		
80-100	41	21.69%
70-79	43	22.75%
60-69	47	24.87%
50-59	38	20.11%
40-49	20	10.58%

<b>TOTAAL</b>	<b>189</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.7 – GEMIDDELDE PUNTE BEHAAL IN VAKKE : RESPONS VAN LEERDERS WAT VAN 'N ENGELS- /PARALLEL-MEDIUM SKOOL AFKOMSTIG IS</b>		
<b>VRAAG 1.7.1 – ENGELS AS VAK IN SUID-AFRIKA</b>		
Eerste Taal	18	90.00%
Tweede Taal	2	10.00%
<b>TOTAAL</b>	<b>20</b>	<b>100.00%</b>
80-100	4	19.05%
70-79	5	23.81%
60-69	7	33.33%
50-59	4	19.05%
40-49	1	4.76%
<b>TOTAAL</b>	<b>21</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.7.1 – ENGELS AS VAK IN BOTSWANA</b>		
80-100	8	38.10%
70-79	6	28.57%
60-69	5	23.81%
50-59	1	4.76%
40-49	1	4.76%
<b>TOTAAL</b>	<b>21</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.7.2 – WISKUNDE IN SUID-AFRIKA</b>		
80-100	2	10.00%
70-79	2	10.00%
60-69	4	20.00%
50-59	7	35.00%
40-49	5	25.00%
<b>TOTAAL</b>	<b>20</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.7.2 – WISKUNDE IN BOTSWANA</b>		
80-100	1	5.00%
70-79	2	10.00%
60-69	5	25.00%
50-59	8	40.00%
40-49	4	20.00%

<b>TOTAAL</b>	<b>20</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.7.3 – GEESTES-/SOSIALE WETENSKAPPE IN SUID-AFRIKA</b>		
80-100	8	38.10%
70-79	7	33.33%
60-69	5	23.81%
50-59	1	4.76%
40-49	0	0.00%
<b>TOTAAL</b>	<b>21</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.7.3 – GEESTES-/SOSIALE WETENSKAPPE IN BOTSWANA</b>		
80-100	12	57.15%
70-79	7	33.33%
60-69	1	4.76%
50-59	1	4.76%
40-49	0	0.00%
<b>TOTAAL</b>	<b>21</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.7.4 – NATUURWETENSKAPPE IN SUID-AFRIKA</b>		
80-100	1	5.56%
70-79	3	16.67%
60-69	9	50.00%
50-59	3	16.66%
40-49	2	11.11%
<b>TOTAAL</b>	<b>18</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.7.4 – NATUURWETENSKAPPE IN BOTSWANA</b>		
80-100	1	5.89%
70-79	2	11.76%
60-69	2	11.76%
50-59	9	52.94%
40-49	3	17.65%
<b>TOTAAL</b>	<b>17</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.7.5 – HANDELSVAKKE IN SUID-AFRIKA</b>		
80-100	1	5.88%
70-79	3	17.65%
60-69	9	52.94%
50-59	3	17.65%

40-49	1	5.88%
<b>TOTAAL</b>	<b>17</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.7.5 - HANDELSVAKKE IN BOTSWANA</b>		
80-100	0	0.00%
70-79	2	13.33%
60-69	7	46.67%
50-59	5	33.33%
40-49	1	6.67%
<b>TOTAAL</b>	<b>15</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.7.6 – HANDVAARDIGHEIDS-KREATIEWE-/KUNSVAKKE IN SUID-AFRIKA</b>		
80-100	1	5.26%
70-79	5	26.32%
60-69	10	52.63%
50-59	2	10.53%
40-49	1	5.26%
<b>TOTAAL</b>	<b>19</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.7.6 – HANDVAARDIGHEIDS-/KREATIEWE-/KUNSVAKKE IN BOTSWANA</b>		
80-100	5	29.41%
70-79	2	11.76%
60-69	7	41.18%
50-59	3	17.65%
40-49	0	0.00%
<b>TOTAAL</b>	<b>17</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.8 – IS BEIDE OUERS IN BOTSWANA WOONAGTIG ?</b>		
Ja	189	89.57%
Nee	20	9.48%
<b>TOTAAL</b>	<b>209</b>	<b>99.05%</b>
<b>VRAAG 1.9 – INDIEN ALBEI OUERS IN BOTSWANA WOONAGTIG IS, WERK ALBEI ?</b>		
Ja	15	7.11%
Nee	174	82.46%

<b>TOTAAL</b>	<b>189</b>	<b>89.57%</b>
<b>VRAAG 1.10 + 1.11 (SLEGS VIR SEKONDÊRE LEERDERS)</b>		
<b>VRAAG 1.10 WAS U VROEËR AAN EEN VAN DIE PRIMÊRE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA VERBONDE ?</b>		
Ja	89	71.20%
Nee	36	28.80%
<b>TOTAAL</b>	<b>125</b>	<b>100.00%</b>
<b>VRAAG 1.11 – INDIEN WEL - HOEVEEL JARE ?</b>		
N.V.T.	0	0.00%
0-1	31	34.83%
1-2	23	25.84%
2-3	17	19.11%
3-4	9	10.11%
4-5	8	8.99%
5-6	1	1.12%
6-7	0	0.00%
<b>TOTAAL</b>	<b>89</b>	<b>100.00%</b>

Uit die bostaande Tabel 5.3 kan die volgende afleidings gemaak word :

- 61.61% van die respondente was vroulik.
- As daar aangeneem word dat die meeste leerders tot en met die ouderdom van 13 een van die primêre, privaatskole besoek, is 59.24% van die vraelyste wat terugontvang is afkomstig van primêre leerders en 40.76% afkomstig van sekondêre leerders. Dit sluit leerders afkomstig uit die sekondêre-, primêre- sowel as gekombineerde skole in. 5.21% van die leerders was ouer as 18 jaar.

- Alhoewel vraelyste slegs aan Afrikaanssprekende leerders uitgedeel is, het 8.53% van die leerders aangedui dat hulle Engels by die huis praat en 3.79% het aangedui dat hulle beide Afrikaans en Engels praat.
- Die grootste persentasie (81.52%) van die leerders wat aan die ondersoek deelgeneem het, is tussen 0 en 3 jaar in Botswana woonagtig. Dit bevestig die feit dat die meeste Afrikaanssprekende leerders se ouers slegs op twee of drie jaar kontrakte werk en daarna weer terugkeer na Suid-Afrika (Vergelyk 1.1). 81.99% van die leerders besoek ook vir ten minste die afgelope 3 jaar een van Botswana se privaatskole.
- Slegs 9.95% van die leerders het voor hulle koms na Botswana onderwys in óf Engels of in beide Afrikaans en Engels ontvang.
- Van die sekondêre leerders wat die vraelyste voltooi het, was die grootste persentasie (71.20%) wel vroeër aan een van die primêre, privaatskole in Botswana verbonde en 78.78% van dié leerders was vir ten minste 3 jaar aan een van dié betrokke skole verbonde.
- 90.43% van die leerders se ouers woon beide in Botswana maar 92.06% het aangedui dat albei ouers nie werk nie. Dit bevestig wat reeds in die literatuurstudie bespreek is, naamlik dat die moeder in die meeste gevalle nie werk nie (Vergelyk 3.6.2).

Vanaf Vraag 1.7.1 tot en met Vraag 1.7.6 is die leerders gevra om 'n aanduiding te gee van hoe hulle punte wat hulle in Suid-Afrika vir bepaalde vakke ontvang het, vergelyk met hulle punte wat hulle huidiglik in Botswana vir dieselfde vakke by hulle onderskeie skole ontvang. Daar is 'n onderskeid getref tussen leerders wat van suiwer Afrikaans-medium skole afkomstig is en leerders wat van Engels-/Parallel-medium skole afkomstig is. 90.05% van die leerders wat aan die ondersoek deelgeneem het, was voor hulle koms na Botswana aan 'n Afrikaans-medium skool verbonde en 9.95% van dié betrokke leerders was voor hulle koms na Botswana aan 'n Engels-/Parallel-medium skool verbonde.



Daar is by vrae 1.7.1-1.7.6 van die standpunt af uitgegaan dat dié leerders wat wel die betrokke vrae ten opsigte van gemiddelde punte wat in bepaalde vakke in Suid-Afrika behaal is, of huidiglik in Botswana behaal word, al dié leerders is wat wel die vakke huidiglik neem of geneem het. Al die persentasie berekeninge by vrae 1.7.1-1.7.6 is dus na 100% verwerk ten spyte van die feit dat 211 leerders aan die ondersoek deelgeneem en net byvoorbeeld 43 vraag 1.7.5 beantwoord het. Dieselfde geld later in tabel 5.3 vir vrae 1.10 – 1.11.

Die volgende afleidings kan uit die vrae (Vraag 1.7.1-1.7.6) gemaak word :

- Soos verwag is, het nie een van die leerders wat van 'n Afrikaans-medium skool afkomstig is Engels ooit op eerste taalvlak geneem nie. 90.00% van die leerders wat van Engels-/Parallel-medium skole afkomstig is, het Engels op eerste taalvlak geneem en 10.00% het dit op tweede taalvlak geneem.
- Die grootste persentasie leerders (37.57%) wat van Afrikaans-medium skole afkomstig is, het 'n gemiddelde punt van tussen 60-69% (C simbool) vir Engels op tweede taalvlak in Suid-Afrika behaal. As dit in vergelyk gebring word met dié leerders se persentasie in Botswana, vaar die leerders besonder goed as in gedagte gehou word dat Engels tot en met ten minste Graad 8 (*Form 2*) slegs op eerste taalvlak aangebied word. Die grootste persentasie leerders (33.51%) ontvang 'n gemiddelde punt van tussen 50-59% (D simbool) wat slegs een simbool laer is. 57.67% van die leerders het A (80-100%) of B (70-79%) simbole in Suid-Afrika behaal terwyl slegs 29.26% A of B simbole in Botswana kon behaal (Vergelyk 3.3.1).
- Die grootste persentasie leerders (33.33%) wat van Engels-/Parallel-medium skole afkomstig is, het 'n gemiddelde punt van tussen 60-69% (C simbool) vir Engels op eerste taalvlak in Suid-Afrika behaal. Die grootste persentasie van dié leerders (38.10%) ontvang 'n gemiddelde punt van tussen 80-100% (A simbool) vir Engels as vak in Botswana.
- 38.10% van die leerders afkomstig uit Afrikaans-medium skole het aangedui dat hulle 'n gemiddelde punt van tussen 50-59% (D simbool) vir Wiskunde in Suid-Afrika behaal het. As gekyk word na die punte wat vir Wiskunde in Botswana behaal word, kan gesien word dat die grootste persentasie leerders aangedui het dat hulle steeds 'n gemiddelde punt van tussen 50-59% (D simbool) behaal. In Suid-Afrika het 10.05% van die leerders onderskeidings behaal, terwyl slegs 3.70% onderskeidings in


Botswana kon behaal. 'n Moontlike rede wat vir die verskil in onderskeidings (A simbole) gegee kan word, is die feit dat die internasionale sillabus in Wiskunde van 'n hoër standaard is en slegs die top leerders onderskeidings sal behaal (Vergelyk 3.2.1).

- 35.00% van die leerders afkomstig uit Engels-/Parallel-medium skole het aangedui dat hulle 'n gemiddelde punt van tussen 50-59% (D simbool) vir Wiskunde in Suid-Afrika behaal het. As gekyk word na die punte wat vir Wiskunde in Botswana behaal word, kan gesien word dat die grootste persentasie leerders aangedui het dat hulle steeds 'n gemiddelde punt van tussen 50-59% (D simbool) behaal. In Suid-Afrika het 10.00% van die leerders egter onderskeidings behaal terwyl slegs 5.00% onderskeidings in Botswana kon behaal. Dieselfde tendens in by die leerders afkomstig uit Afrikaans-medium skole ervaar. Dieselfde rede, naamlik die feit dat die internasionale sillabus in Wiskunde van 'n hoër standaard is en dat slegs die top leerders onderskeidings sal behaal, kan aangevoer word.
- In die Geestes-/Sosiale Wetenskappe wat vakke soos Geskiedenis en Aardrykskunde insluit, het 44.15% van die leerders afkomstig uit Afrikaans-medium skole aangedui dat hulle 'n gemiddelde punt van tussen 80-100% (A simbool) vir die vakke in Suid-Afrika behaal het. Die grootste persentasie van dié leerders (32.98%) ontvang slegs 'n gemiddelde punt van tussen 50-59% (D simbool) vir dié betrokke vakke in Botswana. Redes wat hiervoor gegee kan word, is die feit dat leerders met nuwe terminologie sukkel, nie in die betrokke vakke belangstel nie of die nuwe sillabus, wat meer internasionaal van aard is en meer op gebeure van internasionale belang fokus, moeilik vind.
- In die Geestes-/Sosiale Wetenskappe het 38.10% van die leerders afkomstig uit Engels-/Parallel-medium skole aangedui dat hulle 'n gemiddelde punt van tussen 80-100% (A simbool) vir die vakke in Suid-Afrika behaal het. Die grootste persentasie van dié leerders (57.15% ontvang steeds 'n gemiddelde punt van tussen 80-100% (A simbool) vir dié betrokke vakke in Botswana. Die persentasie van die leerders wat nou vir die vakke 'n gemiddelde punt van tussen 80-100% (A simbool) of 'n onderskeiding behaal is egter heelwat hoër (91.05%).

- As na die Natuurwetenskappe gekyk word, word vakke soos Algemene Wetenskap, Biologie, Fisika en Chemie by die groep ingesluit. Die grootste persentasie leerders afkomstig uit Afrikaans-medium skole (35.12%) het aangedui dat hulle 'n gemiddelde punt van tussen 60-69% (C simbool) vir die betrokke vakke in Suid-Afrika behaal het, terwyl die meeste (37.42%) aangedui het dat hulle slegs 'n gemiddelde punt van tussen 50-59% (D simbool) vir die vakke in Botswana behaal. 'n Rede vir die verskil is die feit dat die meeste sekondêre, privaatskole slegs suiwer Chemie en Fisika aanbied en nie, soos die geval in Suid-Afrika waar Natuur- en Skeikunde wat slegs 'n gedeelte van Fisika en Chemie insluit, aangebied word nie. Daar is wel vakke wat slegs bepaalde onderwerpe van Chemie, Fisika en selfs Biologie insluit bekend as "*Physical Science*" en "*Combined Science*", maar die meeste sekondêre, privaatskole bied nie die twee betrokke vakke aan nie. 27.96% van die leerders is 15 jaar en ouer en heel moontlik reeds in Graad 9 (*Form 3*) waar die vakke aangebied word. Die persentasie A- (80-100%) en B simbole (70-79%) wat in Suid-Afrika vir die betrokke vakke behaal is (33.33%), is amper 10.00% hoër as die persentasie A en B simbole wat vir dié vakke in Botswana behaal is (23.93%).
- As na die Natuurwetenskappe gekyk word by die leerders wat van Engels-/Parallel medium skole afkomstig is, het die grootste persentasie leerders (50.00%) aangedui dat hulle 'n gemiddelde punt van tussen 60-69% (C simbool) vir die vakke in Suid-Afrika behaal, het terwyl die meeste (52.94%) aangedui het dat hulle slegs 'n gemiddelde punt van tussen 50-59% (D simbool) vir die vakke in Botswana behaal. Dieselfde tendens is by die leerders afkomstig uit Afrikaans-medium skole opgemerk.
